

**DIE VERHOUDING EN DIALOOG TUSSEN DIE
NG KERK EN VGKSA, OP PLAASLIKE VLAK,
VASGEVAL? – ‘n PASTORALE STUDIE.**

Jan Gysbert Grobbelaar



Tesis as gedeeltelike vereiste vir die graad

Magister in Praktiese Teologie

aan die

Universiteit van Stellenbosch

Supervisor: Prof C.H. Thesnaar

Maart 2020

VERKLARING

Hiermee verklaar ek, die ondergetekende, dat die werk in hierdie tesis vervat my eie, oorspronklike werk is, dat ek die alleenouteur daarvan is (behalwe in die mate uitdruklik anders aangedui), dat reproduksie en publiksaie daarvan deur die Universiteit van Stellenbosch nie derdepartyregte sal skend nie en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Maart 2020

Datum

Kopiereg © 2020 Stellenbosch Universiteit
Alle regte voorbehou

ERKENNING

Ek wil graag met diepe dankbaarheid erkenning gee aan die volgende persone.

- Prof Christo Thesnaar vir sy aanmoediging om verder te studeer. Ek wil dankie sê vir sy leiding en ondersteuning tydens die skryf van hierdie tesis en vir sy deernis en omgee vir jou as 'n student.
- Drs Nel van Doorn en Hanneke Meulink-Korf wat as besoekende-dosente die benadering van kontekstuele pastoraat op so 'n wyse aangebied het, dat die inhoud daarvan deel geword het van my bediening. Spesifiek vir Dr Nel van Doorn vir die blootstelling aan kontekstuele pastoraat, tydens 'n besoek aan Nederland.
- Die Kerkraad van die NG Kerk Wellington-Oos wat vir my die geleentheid gegun het om verder te studeer. Hulle aanmoediging en belangstelling word gewaardeer.
- Ds NJ van As, my vorige kollega, vir sy ondersteuning en aanmoediging, asook tye wat hy alleen die gemeente moes bedien.
- Die Kerkraad van die NG Kerk Prince Alfred's Hamlet wat as nuwe werkgewer my die ruimte gegun het om my studies te voltooi. Hulle voortdurende belangstelling en ondersteuning word waardeer.
- My vrou, Carien, en twee seuns WJ en Charles, vir die ruimte wat vir my gegun is om verder te kon studeer. Dankie vir hulle aanmoediging, ondersteuning en gesinstyd wat dikwels afgestaan is. Spesifiek vir Carien vir haar onbaatsugtig ondersteuning.
- Vir my ouers en skoonouers wat vir my onwetkend bekend gestel het aan die inhoud van die kontekstuele pastoraat. Hulle menswees, die soeke na geregtigheid in hulle verhouding met ander persone, die regverdige gee en ontvang vanuit die ouerhuse, die hantering van ander persone as subjekte en die legaat wat ontvang is.
- Vir die Here vir sy genade oor my lewe, vir elke relasie waarin Hy my geplaas het.

OPSOMMING

Hierdie navorsing fokus op vertroue in verhoudinge en hoe hierdie gebrek aan vertroue dikwels dialoog beïnvloed. Die fokus is die verhouding tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk) en die Verenigende Gereformeerde Kerk van Suider Afrika (VGKSA), op plaaslike vlak. Ten spyte van 'n soeke na sigbare eenheid en samewerking is daar 'n onvermoë om werklik by mekaar uit te kom. Hoe skep jy vertroue in verhoudinge waar wantroue persone verhinder om mekaar as subjekte raak te sien en eerlik na mekaar kan luister?

Die ondersoek word in ses hoofstukke aangebied. Die navorsing is onderneem om vas te stel wat dialoog, vertroue en etiese verantwoordelikheid is, vanuit kontekstuele pastorale berading en bediening. Die navorsingsmetodologie is 'n literatuurstudie.

Nuwe perspektiewe is dat dialoog nie net die uitruil van inligting tussen persone is nie, maar 'n soeke na regverdigheid en geregtigheid tussen individue. Die individualiteit van die ander moet erken word. Elke persoon het die reg om regverdig te gee en te ontvang. Vertroue ontstaan wanneer regverdig gegee en ontvang word. In simmetriese verhoudings is die balans van wat gegee en ontvang word, gelyk. Dit is 'n etiese keuse om so op te tree dat die volgende generasie sal baatvind by hierdie optrede. Elke persoon leef in 'n etiese verantwoordelikheid teenoor ander. Etiek word verstaan as 'n persoon, 'n subjek, wat van die begin af 'n verhouding met 'n a/Ander het. Voordat 'n mens 'n ander ontdek, tel die ander al vir hom of haar. Elke persoon staan in relasie tot generasies uit die verlede, hede en toekoms.

SUMMARY

This research focuses on trust in relationships and how this lack of trust often influences dialogue. The focus is the relationship between the Dutch Reformed Church (DRC) and the United Reformed Church of Southern Africa (URCSA), at the local level. Despite a search for visible unity and cooperation, there is an inability to truly come together. How do you create trust in relationships where distrust prevents people from seeing each other as subjects and can honestly listen to each other?

The investigation is presented in six chapters. The research was undertaken to determine what dialogue, trust and ethical responsibility are, from contextual pastoral counseling and ministry. The research methodology is a literature study.

New perspectives are that dialogue is not just an exchange of information between persons, but a quest for justice and justice between individuals. The individuality of the other must be acknowledged. Every person has the right to give and receive righteousness. Trust arises when justly given and received. In symmetrical relationships, the balance of what is given and received is equal. It is an ethical choice to act in such a way that the next generation will benefit from this action. Each person lives in an ethical responsibility towards others. Ethics is understood as a person, a subject, who has a relationship with an o/Other from the beginning. Before one discovers another, the other already counts for him or her. Each person stands in relation to generations of the past, present and future.

INHOUDSOPGWAWE

1. INLEIDING EN TERREINAFBAKENING	4
1.1 Inleiding	4
1.2 Motivering	5
1.3 Probleemstelling	6
1.4 Navorsingsvraag	6
1.5 Doelstellings	7
1.6 Metodologie	7
1.7 Hoofstukindeling	8
1.8 Sleutelwoorde	10
2. KONTEKS VAN NG KERK EN VGKSA. WAT VERVREEM ONS VAN MEKAAR?	12
2.1 Inleiding	12
2.2 Historiese oorsig	12
2.3 Belydenis van Belhar	20
2.4 ‘n Terugkyk	24
2.5 Samevatting	27
3. DIALOOG OP PLAASLIKE VLAK ... IN GESPREK MET BOSZORMENYI-NAGY, BUBER EN LEVINAS	29
3.1 Inleiding	29
3.2 Dialoog op plaaslike vlak .. in gesprek met Ivan Boszormenyi-Nagy	29
3.2.1 Biografiese agtergrond	29
3.2.2 Boszormenyi-Nagy se verstaan van konteks	32
3.2.3 Boszormenyi-Nagy se verstaan van etiek	33
3.2.4 Vier dimensies van verhoudingsrealiteit	34
3.2.5 Verduideliking van konsepte	37
3.2.5.1 Lojaliteit	37
3.2.5.2 Reg en regverdigheid	40

3.2.5.3	Legaat	42
3.2.5.4	Meersydige partydigheid	44
3.2.6	Dialogoog	48
3.2.6.1	Polarisasie: Die dialoog tussen self	48
3.2.6.1.1	Selfafbakening	49
3.2.6.1.2	Selfbevestiging	50
3.2.6.2	Simmetrie versus Asimmetrie	51
3.2.6.3	Inklusiewe regverdigde multilariteit	52
3.3	Dialogoog op plaaslike vlak ... in gesprek met Martin Buber	54
3.3.1	Biografiese inligting	54
3.3.2	Bestaan as dialoog : “I-Thou” en “I-It”	56
3.3.3	Dialogoog en etiek	58
3.3.4	Skuld en skuldgevoelens	60
3.4	Dialogoog op plaaslike vlak ... in gesprek met Emmanuel Levinas	63
3.4.1	Biografiese inligting	63
3.4.2	Levinas se verstaan van etiek	65
3.4.3	Vorme van geweld teenoor die ander	68
3.5	Samevatting	72
4.	RELASIONELE ETIEK VANUIT DIE TEOLOGIE	73
4.1	Inleiding	73
4.2	Pastoraat – vanuit ‘n Afrikakonteks?	73
4.3	Hanneke Meulink-Korf en Aat van Rhijn: Kontekstuele pastorale berading en terapie	75
4.3.1	Ek en ander voor God	75
4.3.2	‘n Ander van die ander	78
4.3.3	Ek bestaan vir die ander	81
4.3.4	Die ander is soos ek	82
4.4	Geduld	84
4.5	Skrifgedeeltes	88

4.5.1	Genesis 28:10-22	88
4.5.2	Genesis 27	91
4.5.3	1 Samuel 16-18	94
4.5.4	Matteus 20:1-16	96
4.6	Samevatting	98
5.	VOORSTEL: PRAKTYK TEORIE	100
5.1	Inleiding	100
5.2	'n Lewe voor God	100
5.3	Relasionele etiek	102
5.4	Dialog	104
5.5	Konteks	105
5.6	Lojaliteit	106
5.7	Reg en regverdigheid	107
5.8	Legaat	109
5.9	Historiese agtergrond	110
5.10	Skuld en skuldgevoelens	111
5.11	Geduld	112
5.12	Meersydige partydigheid	113
5.13	Samevatting	114
6.	SAMEVATTING	115
6.1	Inleiding	115
6.2	Probleemstelling en navorsingsvraag	115
6.3	Doelstellings	116
6.4	Bevindinge	118
6.5	Aanbevelings	119
6.6	Verdere navorsing	119
6.7	Finale samevatting	120
7.	BRONNELYS	121

HOOFSTUK 1

1. INLEIDING EN TERREINAFBAKENING

1.1 INLEIDING

Suid-Afrika beleef 'n moeilike tyd in sy geskiedenis. Suid-Afrika is 'n land van paradokse en uiterste kontraste: Miljardêrs en behoeftiges; werkers en werkloses; menseregte en hoë vlakke van misdaad; gelyke geleenthede en ongelykheid; demokrasie en politieke ang (Magezi,2009:1).

Ongelooflike vordering is gemaak in die transformasie van beide die staat en samelewing om fundamentele regte, vryheid van spraak, 'n onafhanklike regbank en vry en regverdige verkiesings te verseker (Magezi,2009:2) Suid-Afrika beleef ekonomiese ongelykheid. Daar is ongelykheid tussen persone wat inkomste, verbruik, bates, geleenthede, opvoeding, invloed en vermoëns, betref (Carelse,2017:163). Die gaping tussen ryk en arm is groot en die meeste mense leef in armoede. Die meerderheid van mense woon in informele nedersettings, waarvan 'n groot deel onder die broodlyn leef. Armoede en welvaart karakteriseer Suid-Afrika. Demokrasie het egter ook ekonomiese bevryding vir swart mense gebring, die sogenaamde Swart elite (Carelse,2017:164). Misdaad veroorsaak hoë vlakke van geweld en menseregteskending (Magezi,2009:2). Baie Suid-Afrikaners is angstig oor die toekoms van die land. Toksiese leierskap, die verlies van respek vir die menslike lewe, nalatenskap van kolonialisme, die afwesigheid van 'n teologie van geregtigheid, modernisme – die skeiding van lewe van moraliteit, dra hiertoe by (Carelse,2017:165).

Suid-Afrika benodig etiese leierskap wat lei met integriteit. Die kweek van Bybelse beginsels en waardes is belangrik. Die kerk speel 'n belangrike rol in die proses van nasionale heling deur die verspreiding van Bybelse etiek (Pillay,2019:6). Dit is van kritieke belang dat die Kerk vanuit een stem moet praat, ten spyte van verskillende teologiese posisies. Die Kerk moet mense wees wat groei in die aanvaarding van die versoening wat God in Christus bewerk het, en die roeping om ambassadeurs van daardie versoening in die wêreld te wees (Magezi,2009:4). Die kerk, die liggaam van Christus, is die ruimte vir sorg. Dit is die ruimte waar lidmate en ander persone saam gemeenskap kan ervaar. Juis daarom moet die kerk waak

om eksklusief te wees. Die kerk is 'n morele gemeenskap. Die doel is dat almal tot almal se voordeel sal optree. Die handhawing van integriteit, die gee van menswaardigheid aan elke persoon en die insluiting van almal, veral persone wat op die rand van die samelewing leef en uitgesluit is, bly die fokus van die kerk. So 'n geloofsgemeenskap skep nuwe lewe vir ander (Thesnaar,2019:173).

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk) en die Verenigende Gereformeerde Kerk van Suider Afrika (VGKSA) kan in Suid-Afrika 'n belangrike rol speel in die proses van nasionale heling. Dit beteken egter dat die NG Kerk en VGKSA uit een stem moet praat. Die vraag wat gevra word, is: Wat verhinder die NG Kerk en VGKSA in hulle verhouding tot mekaar om saam te werk, selfs te herenig, en 'n geloofsgemeenskap te wees wat almal insluit, menswaardigheid gee aan ander en ware gemeenskap met mekaar kan beleef?

1.2 MOTIVERING

Die verhouding tussen die NG Kerk en die VGKSA is geklompliseerd en gespanne. Prof Russel Botma wys daarop dat die NG Kerk en VGKSA vasgevang is in vroeër konflikte. Volgens hom het die NG Kerk en VGKSA diep gewankel in hulle verhouding met mekaar en die onderlinge gawe van versoening in en met Jesus Christus is reeds ter syde gestel of afgewater. Die soeke na geregtigheid en kerkeenheid het op die rand van die kerklike en politieke lewe beland. Volgens hom het 'n vorige geslag in die NG Kerk hulle verset teen die evangelie van versoening, maar sy eie geslag beliggaam ook nie die evangelie nie (Botha,2017:51).

As gevolg van 'n hartseer verlede van apartheid wat gelei het tot rassisme, haatspraak, afsonderlike ontwikkeling, diskriminasie, ongelykhede, kolonialisasie, wantroue, isolasie en vermyding is persepsies oor mekaar gevorm en dit het dikwels die optrede teenoor mekaar bepaal. Dit het dikwels gebeur dat gelowiges mekaar verwerp het op grond van velkleur en so mekaar se menswees ontken het. Persone het op mekaar neergesien en mekaar as objekte in plaas van subjekte hanteer. Dit het verwydering gebring tussen mense en werklike dialoog of 'n ontmoeting het ontbreek. Dit bring egter vandag nog verwydering tussen mense.

Op plaaslike gemeentevlak, in 'n soeke na samewerking, loop 'n persoon hom of haar dikwels vas teen wantroue, persepsies en trauma, as gevolg van die verlede. Hierdie

voortdurende aspekte bevestig die wantroue tussen persone. Dit maak dat pogings om verhoudinge te herstel of die bou van verhoudings, dikwels doodloop. Vrae wat by my opkom, is: Is dit moontlik om betroubare verhoudinge op plaaslike gemeentevlak te bou of gaan die seer van die verlede en lojaliteite teenoor vorige geslagte dit verhinder? Hoe leer ons om op plaaslike gemeentevlak na mekaar te luister? Hoe gee ek regverdig en betroubaar sodat 'n volgende generasie 'n beter toekoms kan beleef? Hoe skep jy vertroue in verhoudinge op plaaslike gemeentevlak waar wantroue mense verhinder om mekaar as subjekte raak te sien en eerlik na mekaar kan luister?

1.3 PROBLEEMSTELLING

Ek is tans 27 jaar predikant in die NG Kerk. Ek was vir 4 jaar gesamentlike voorsitter van die Getuienisbediening van die Sinode van Wes- en Suid-Kaapland. Dit is 'n eenheidsbediening tussen hierdie twee kerke. Tydens my bediening in die Noord-Kaap moes ek by die NG Kerk, Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (NGKA) en Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (NGSK) bedien. Dit was voor die eenwording tussen die NGKA en die NGSK wat gelei het tot die stigting van die VGKSA.

In die soeke na sigbare eenheid en samewerking beleef ek dikwels, op plaaslike vlak, 'n onvermoë om werklik by mekaar uit te kom. Dit is asof daar 'n gaping is wat ons die heelyd uitmekaar hou. 'n Gaping wat maak dat verhoudinge dikwels vasval, alhoewel daar 'n wens of begeerte daarna is. Hoewel hierdie slegs 'n literatuurstudie is, wil ek ondersoek of die primêre konsepte van die Dialogiese Intergenerasionele Pastorale Proseses (DIPP)¹, naamlik dialoog wat saam met vertroue funksioneer, sal kan bydra om die verhouding tussen die NG Kerk en VGKSA, op plaaslike vlak, te kan verbeter. Die fokus van die studie is gerig op dialoog op plaaslike gemeentevlak en nie op die verhoudings en dialoog van die breë kerkverband tussen die twee kerke nie.

1.4 NAVORSINGSVRAAG

Die navorsingsvraag wat hierdie studie aan die orde wil bring is: Hoe kan dialoog en vertoue as konsepte van die Dialogiese Intergenerasionele Pastorale Proseses (DIPP) 'n rol speel om die

¹ Die term Dialogiese Intergenerasionele Pastorale Proseses (DIPP) word verduidelik onder Sleutelwoorde.

vasgevalde verhoudings tussen die NG Kerk en VGKSA, op plaaslike gemeentevlak, oop te breek?

1.5 DOELSTELLINGS

Die doelstellings van die studie is:

- Om die inhoud van vertrouwe en dialoog te verduidelik, sodat elke gemeenteleraar op plaaslike gemeentevlak dit kan gebruik.
- Om te verstaan dat die DIPP gaan oor verhoudinge. Verhoudinge, ook op gemeentevlak, is gebaseer op ontmoeting. Elke verhouding bestaan uit 'n etiese dimensie.
- Om te verstaan dat elke persoon, op gemeentevlak, soek na regverdigheid binne eksistensiële verhoudinge.
- Om te verstaan dat elkeen, op plaaslike gemeentevlak, regverdig moet gee en ontvang teenoor die ander.
- Om 'n beter toekoms te skep vir die volgende generasie, vanuit die plaaslike gemeente.

1.6 METODOLOGIE

Ek gaan in terme van navorsingsmetodologie 'n literatuurstudie doen. 'n Literatuurstudie reflekteer die navorsing wat reeds oor 'n onderwerp gepubliseer is. Dit fokus op die navorsingsprobleem wat ondersoek word en kyk na die oplossings wat in voltooid navorsingsprojekte aangebied word (Lues & Lategan, 2006:35). Ek doen dit vanuit die metodologie van die Praktiese Teologie en Pastoraat. Ek gebruik 'n werkswyse wat bekend staan as *The Pastoral Cycle*. Dit is 'n vier-stap proses wat ontwikkel is deur Peter Henriot en Joseph Holland. Dit bied 'n raamwerk om persone te help om hulle geloof op sosiale kwessies toe te pas. Dit is 'n proses om God te leer ken deur te reflekteer op God se wêreld in die lig van bronne uit die tradisie. Hierdie werkswyse lei tot die praktyk, deur analisering en reflektoring, en lei tot nuwe situasies. Die reaksie is gerig op sosiale verandering en om persone te help in nood. Die proses behels: Ervaring/Invoeging, Analiseer, Reflekteer (Bybel en tradisie) en Reaksie (The Pastoral Circle Process Mobilizing People for Justice: From Concern to Action).

- Ervaring/Invoeging – Deur middel van invoeging identifiseer 'n persoon 'n ervaring van sosiale kwessies in sy of haar gesin, gemeenskap en wêreld. 'n Persoon probeer om te ervaar en te verstaan hoe hierdie sosiale kwessies hulle en die wat geraak word,

raak. Die kan ontstaan vanuit 'n gebeurtenis – 'n ervaring van onreg of 'n probleem - armoede, apartheid, sosiale ongeregtheid (The Pastoral Circle Process Mobilizing People for Justice: From Concern to Action). Dit gaan oor 'n ontmoeting met persone in die werklikheid van hulle lewenservaringe (Lartey,1997:102).

- Analiseer – Analisering beteken om in gesprek of dialoog te gaan met die Christelike tradisie en ander tradisies of wetenskappe. Verskillende geselekteerde perspektiewe uit verskillende vakgebiede word gebruik om 'n beter begrip van die situasie te kry. Kundiges uit verskillende dissiplines word uitgenooi om kommentaar oor die situasie te lewer – geskiedkundiges, sosioloë, ekonome of wetenskaplikes. Die uitgangspunt is dat elkeen op sy of haar eie 'n beperkte siening sal hê op die ervaring, maar dat een van die beste maniere om 'n beter beeld te kry, is deur meervoudige perspektiewe te vergelyk – kollektiewe siening (Lartey,1997:102).
- Reflekteer – Reflektering verweef die verskillende standpunte van ervarings en teologiese tradisie. Die saak wat ondersoek word belig vanuit die perspektief van geloof - die Bybel, die lering van 'n denominasie en die hulpbronne van die Christelike tradisie. Reflektering is nie net 'n intellektuele instemming tot dit wat geloof uitroep nie, maar 'n verbintenis om dit in 'n persoon se lewe op te neem. Die Woord van God bring 'n uitdaging aan oor ou maniere van dink en reageer deur nuwe vrae op te stel, nuwe insigte voor te stel en persone oop te stel vir nuwe aksie-moontlikhede (The Pastoral Circle Process Mobilizing People for Justice: From Concern to Action).
- Reaksie – Reflektiewe aksie is nodig. Nuwe ervarings en denkwyses lei tot nuwe maniere van leef en optree. Reaksie beteken om persone te help om hulle huidige krisis te oorleef en die grondoorsake van die probleme aan te spreek. Reaksie is daarop gemik om die oorsake van die probleme te verwyder. Ware verandering sal eers plaasvind as 'n persoon saamwerk om die huidige lyding wat veroorsaak word deur 'n probleem/onreg te verlig en uit te wis (The Pastoral Circle Process Mobilizing People for Justice: From Concern to Action).

1.7 HOOFSTUKINDELING

Die tesis bestaan uit vyf hoofstukke.

Hoofstuk een konsentreer op die proses van besluit en beplan, as 'n vooraf fase binne die werkswyse van die "The Pastoral Cycle". In hierdie hoofstuk word die saak vir die ondersoek op die tafel gesit. Die motivering vir die skryf van hierdie tesis word verduidelik. Die afbakening en terrein van ondersoek word gestel. Sleutelwoorde word beskryf en daar word gekyk na die doel wat bereik wil word. Die fokus is op dialoog en vertrouwe as primêre konsepte van die DIPP en hoe hierdie konsepte kan bydra om die verhouding tussen die NG Kerk en VGKSA, op plaaslike vlak, te verbeter.

Hoofstuk twee konsentreer op die proses van ervaring binne die werkswyse van die "The Pastoral Cycle". In hierdie hoofstuk word gekyk na die konteks van die NG Kerk en VGKSA. Die historiese geskiedenis van die kerke word beskryf. Vanuit die historiese geskiedenis word die vraag gevra: Wat vervreem ons van mekaar? Oorspronklik was daar net een NG Kerk. As gevolg van die Skriftuurlike begroning van aparte ontwikkeling en die beleid van apartheid het verskillende kerkverbande ontstaan. Hoe beïnvloed hierdie geskiedenis dialoog en vertrouwe? Die ontstaan van die Belydenis van Belhar en die betekenis van 'n *status confessionis* word verduidelik. Vanuit die historiese word ervaringe gedeel van predikante in die VGKSA, vanuit die tyd van apartheid.

Hoofstuk drie konsentreer op die proses van analiseer binne die werkswyse van die "The Pastoral Cycle". Hierdie hoofstuk gaan oor die grondbeginsels van die DIPP. Daar word gekyk na ander wetenskappe en wat elkeen van hierdie wetenskappe ons leer oor die verstaan van dialoog en vertrouwe. Dialoog word verstaan as die soeke na regverdigheid binne verhoudinge. Vertrauwe ontstaan wanneer daar regverdig gegee en ontvang word. Elke verhouding bestaan ook uit 'n etiese dimensie en daarom word ook gekyk na die verstaan van etiek. Daar word spesifiek gekyk na die werk van Ivan Boszormenyi-Nagy, Martin Buber en Emmanuel Levinas. Boszormenyi-Nagy se teorie van vertrouwe-gebaseerde terapie word verduidelik, asook sy verstaan van dialoog en relasionele etiek. Daar word ook gekyk na die vier dimensies van verhoudingsrealiteit. Die konsepte lojaliteit, reg en regverdigheid, legaat en meersydige partydigheid as metode van kontekstuele terapie word beskryf. Dialoog word beskryf aan die hand van polarisasie, simmetrie en asimmetrie en inklusiewe regverdige multilateraliteit. Buber se denke oor bestaan as ontmoeting word verduidelik. Die terme "*I-Thou*" en "*I-It*" word verduidelik. Hy werk met skuld en skuldgevoelens en die drie verskillende sferes waarin versoening van skuld plaasvind word verduidelik. Levinas gebruik die terme "*I*" en "*Other*" wanneer hy verwys na die verhouding tussen twee persone. Sy

verstaan van etiek word verduidelik. Daar is 'n etiese betekenis van die gesig wat 'n appèl op jou maak. Verskillende vorme van geweld word verduidelik en die effek op dialoog en vertroue word verduidelik. Die uitdrukking “*Thou shall not kill*” se appèl op jou en die invloed op etiek word uitgewys.

Hoofstuk vier konsentreer op die proses van reflekteer binne die werkswyse van die “The Pastoral Cycle”. In hierdie hoofstuk word die Pastorale Teologie van die DIPP verduidelik. Eerstens word gefokus op die vraag: Wat is pastoraat – vanuit 'n Afrikakonteks? Die konteks van Suid-Afrika stel nuwe uitdagings in die verstaan van pastoraat. Meulink-Korf en Van Rhijn se fokus op kontekstuele pastoralesorgbenadering word verduidelik. Relasie as die bestaan van mense "*coram Deo*", voor God en met mekaar voor God word bespreek. Die etiese as 'n appèl wat kom vanuit 'n ander word verduidelik. Geduld as liturgie, om tot rus te kom, word verduidelik. 'n Paar Skrifgedeeltes wat dialoog en vertroue as konsepte van die DIPP verduidelik, word bespreek.

Hoofstuk vyf konsentreer op die proses van reaksie binne die werkswyse van die “The Pastoral Cycle”. In hierdie hoofstuk word die teorie van die vorige hoofstukke geneem en belig vanuit die praktyk. Voorstelle word gemaak met die doel om gemeentepredikante te help in die skep van dialoog en vertroue, op plaaslike vlak.

1.8 SLEUTELWOORDE

Konteks, relasionele etiek, betroubaarheid, gee en ontvang, regverdigheid, vertroue, dialoog, lojaliteit, selfafbakening, selfbevestiging, meersydige partydigheid en Dialogiese Intergenerasionele Pastorale Proses (DIPP).

Konteks is die organiese draad van gee en ontvang wat die materiaal van menslike afhanklikheid en interafhanklikheid aan mekaar weef. Dit strek van 'n persoon se huidige verhoudings sowel as tot in die verlede en die toekoms. Dit is die somtotaal van al die grootboeke van regverdigheid waarin 'n persoon betrokke is. Dit is gewortel in wedersydse sorg (Boszormenyi-Nagy & Krasner, 1986:414). **Relasionele etiek** gaan om regverdigheid binne eksistensiële verhoudinge en die kollig val op die balans tussen wat gegee word en wat ontvang word binne relasies (Meulink-Korf, & Van Rhijn, 2016:14). **Betroubaarheid** gaan oor dit wat ek gee en of ek vertrou kan word. **Vertroue** ontstaan wanneer daar regverdig en

paslik gegee en ontvang word en waar niemand in die relasie uitgebuit word nie (Botha, 2014:4). **Dialoog** is die soeke na regverdigheid en geregtigheid tussen individue (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:15). Dit is om te leer luister na die stem van die ander, waar dit eerlik uitgespreek word. **Lojaliteit** verwys na die onherroeplike verbondenheid tussen ouers en kinders as 'n eksistensiële etiese verskynsel. Hierdie verhouding is nie gebaseer op keuse nie. Dit word vertikale lojaliteit genoem (Meulink-Korf, & Van Rhijn,2016:16). Die verhouding tussen persone binne dieselfde generasie (vriende, lewensmaats) is horisontale lojaliteit (Botha,2014:14). **Selfafbakening** is om 'n mens se self te definieer teenoor die ander as basis. **Selfbevestiging** is die bevestiging van selfwaarde deur middel van reg wat verdien word deur behoorlike sorg te bied (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:75). **Meersydige partydigheid** is die primêre houding en metode van 'n kontekstuele terapeut. 'n Terapeut in terapie toon partydigheid aan elkeen van die betrokke persone. Hierdie houding vereis 'n sekere afstand. 'n Terapeut moet bewustelik homself daarvan weerhou om hom of haar nie te identifiseer met een of meer van die persone betrokke nie (Meulink-Korf, & Van Rhijn,2016:26). In die praktyk van kontekstuele terapie, moet hierdie beginsel van inklusiwiteit gekoppel word aan die terapeut se vasberadenheid om die menslikheid van elke deelnemer te ontdek (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:418). Konteks in kontekstuele pastoraat moet nie op 'n situasionele wyse verstaan word nie. Omdat die term konteks in die kontekstuele benadering in die pastoraat verwarrend is en verkeerd verstaan kan word, word na hierdie benadering verwys as die **Dialogiese Intergenerasionele Pastorale Proses** (DIPP) (Thesnaar,2019:172).

HOOFSTUK 2

2. KONTEKS VAN NG KERK EN VGKSA. WAT VERVREEM ONS VAN MEKAAR?

2.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk konsentreer op die proses van ervaring binne die werkswyse van die “*The Pastoral Cycle*”. ‘n Belangrike fase in hierdie proses is om aandag te gee aan die situasie en kritiese vrae te vra – histories, sosiologies, psigologies en ekonomies. Die doel van hierdie hoofstuk is om te gaan kyk na wat gebeur het in die verhouding tussen die NG Kerk en VGKSA en hoe hierdie geskiedenis verhoudinge beïnvloed het. Hierdie hoofstuk fokus eerstens op die historiese oorsig van die NG Kerk en VGKSA. Die rol van die NG Kerk in die ondersteuning van die beleid van apartheid, die Bybelse fundering van afsonderlike ontwikkeling en die reaksie op hierdie beleid word bekyk. Tweedens word gefokus op die Belydenis van Belhar. Die afkondiging van ‘n *status confessionis* en die ontstaan van die Belydenis van Belhar word bespreek. Laastens word ervaringe gedeel van predikante tydens hulle bediening in die NGSK en VGKSA. Daar word gekyk na die gevolge van apartheid en hoe dit die verhouding tussen die NG Kerk en VGKSA negatief beïnvloed het.

2.2 HISTORIESE OORSIG

Oorspronklik was daar net een NG Kerk. As gevolg van ‘n sterk sending-gerigtheid ontstaan daar oral in Suid-Afrika sendingwerkkringe. Verskillende sinodes van die NG Kerk neem met tyd verantwoordelikheid vir hierdie sendingwerksaamhede. Dit het gelei tot die ontstaan van verskeie NG Kerk in Afrika-sinodes (NGKA). In 1963 het hierdie sinodes verenig in die Algemene Sinode van die NG Kerk in Afrika (Nederduitse Gereformeerde Kerk et al.2019).

Sedert 1824 ontstaan ‘n nuwe groepering binne die Afrikaanssprekende NG Kerk. Op 29 April 1829 ontvang die kerkraad van Kaapstad van die NGKSA ‘n versoek vir afsonderlike bediening van die nagmaal. Inheemse groepe, slawe en lede van die NGKSA het eredienste saam bygewoon en nagmaal is saam gebruik. Die sinode van die NGKSA besluit teen die skeiding van die nagmaal op grond van ras of kleur (Plaatjies-Van Huffel,2017:332). Hierdie versoek word herhaal op die sinodes van 1834, 1837 en 1857 (Plaatjies-Van

Huffel,2017:333). Die sinode van die NGKSA (1857) ontvang ‘n versoek vir die afsonderlike bediening van nagmaal in die gemeente Stockenstroom, Oos-Kaap. Die sinode besluit dat “*ter wille van die swakheid van sommige*” dit so goedgekeur word. Dit lei egter tot die afsonderlike bediening van bruin lidmate van die NG Kerk. Die NG Sendingkerk word gestig in 1881 (Nederduitse Gereformeerde Kerk et al.2019). Die NG Kerk in Arika (NGKA) ontstaan in 1963 hoofsaaklik vir Sotho-, Tswana-, Xhosa- en Zoeloe-sprekendes (NG Kerk in Afrika). Die Reformed Church in Africa (RCA) ontstaan in 1988, vanweë sendingwerk onder die Indiërgemeenskap (Nederduitse Gereformeerde Kerk et al.2019). Dit is egter hartseer om te dink dat die Nagmaal wat ‘n viering is van die gemeenskap met God en met mekaar, as medegelowiges, die simbool van skeiding word. In plaas van eenheid kom daar skeuring (Heyns,1988:347).

Die belydenis- en kerkregtelike grondslag van die NGSK en die NGKA stem in feite ooreen met dié van die NG Kerk. Hierdie kerke was kerkregtelik ondergeskik aan die NG Kerk. Die NGSK ontvang met hulle stigting in 1881 ‘n konstitusie van die NG Kerk. Hiervolgens het die NGSK geen bevoegdheid gehad om oor haar eie sake te besluit nie (Adonis,2002:329). Artikel 14 van die grondwet lees soos volg: “*Die uitsluitende reg om hierdie grondwet te verander, uit te brei of te herroep berus by die Sinode van die NG Kerk in Suid-Afrika, of sy wettige opvolgers.*” (Adonis,2002:330).

Talle faktore lei tot die ontstaan van die rassebewussyn in Suid-Afrika. Daar was die verskillende beskawingspeile; vrees vir die getalle-oorwig van swart Afrikaners; en die sterk solidariteitsgevoel by die Afrikaner as gevolg van ‘n groeiende nasionalisme. Die rol van die Christelike godsdiens en die Bybel in die lewensopvatting van die blanke Afrikaner speel ook ‘n rol. Die Ou Testament is dikwels deur blanke Afrikaners letterlik op hulle eie situasie oorgedra. Byvoorbeeld, die bevel van God dat die Israeliete nie mag meng met die heidense nasies nie, is direk van toepassing gemaak op die verhouding tussen wit en swart Afrikaners. Die opkoms van swart nasionalisme, die verstedelikingsproses en die ontstaan van die African National Congress (ANC), gestig in 1912, verleen momentum aan die rassevraagstuk en rassesspanning op plaaslike gemeentevlak (Van der Watt, 1987:75).

Die rassevraagstuk in Suid-Afrika kom in die kalklig en word deur kerkleiers op amptelike kerkvergaderings bespreek en beplan. In 1921 word die rassevraagstuk vir die eerste keer amptelik bestudeer. Dit het gebeur toe die Algemene Sendingkommissie van die Kaapse kerk

besluit het om die sendingkommissies van die destydse Transvaalse en Vrystaatse sinodes uit te nooi tot ‘n gesamentlike ondersoek na die posisie van die gelowiges van ander kulture. Die bevinding was: “*die ontwikkeling van die Bantoe kan en mag nie teengestaan word nie, maar dan moet dit plaasvind op die beginsel van geografiese en industriële segregasie*”.

In 1913 spreek die Federale Raad van Kerke (FRK) sy volle steun uit vir die *Naturelle Grond Wet* – die beginsel van territoriale segregasie of skeiding. In 1923 besluit die FRK om ‘n konferensie te hou met die doel om mekaar beter te leer ken en vanuit die Christelike beskouing te besin oor die verhouding tussen wit gelowiges en gelowiges van ander kulture. Dit was die eerste keer dat wit gelowiges en gelowiges van ander kulture saam vergader het oor die toekoms. Hierdie konferensie het hom uitgespreek ten gunste van segregasie en die regering word versoek om segregasie as oplossing van rasseverhoudinge te bespreek. Afsonderlike ontwikkeling moes gegrond word op die tradisie en behoeftes van swart mense en nie gebruik word as ‘n instrument tot onderdrukking nie (Van der Watt, 1987:75).

Die Nasionale Party kom in 1924 aan bewind en genl. J.B.M. Hertzog, destydse Eerste Minister, het ‘n beleid van algehele segregasie of skeiding. In 1928 vind ‘n interkerklike konferensie plaas in Bloemfontein, die sogenaamde *Round Table Conference*. Die NG Kerk, Anglikaanse-, Presbiteraanse- en Metodiste Kerk was teenwoordig. Drie gevolgtrekkings is gemaak: dit is in stryd met die Christelike gewete om die vooruitgang van swart mense te beperk; dit is nie in stryd met die Christelike beginsels om swart mense op te hef, afgeskei van blanke mense nie; en dit is die Christen se plig om te kyk dat alle groepe regverdig behandel word. Hulle verwerp gemengde huwelike en doen ‘n beroep op Christene om gereelde en sporadiese vorme van sosiale verkeer, te vermy. Die volgende dag het lede van die FRK, afgevaardigdes van enkele sinodale sendingkommisies en ‘n aantal predikante vergader. Hierdie byeenkoms is genoem die *Bloemfontein Konferensie van Leden der Gefedereerde Ned. Geref. Kerken*. Hulle vertrekpunt was steeds die skeiding van bevolkingsgroepe en hulle neem die volgende besluite: die swart man het as beeldraer van God, en dus as mens, sekere regte wat hom nie ontsê mag word nie; daar moet volgens Christelike beginsels gehandel word – dit beteken regverdigheid en meegevoel teenoor mekaar (Van der Watt, 1987:77).

Tydens die *Naturelle Konferensie* van 1927 te Kaapstad het die FRK in troebel water beland. Engelse kerkleiers, die pers en swart leiers het dit gesien as ‘n demonstrasie van teenstand

teen genl. Hertzog se algemene beleid. Die ervaring was dat ook die NG Kerk hom verset het teen hierdie beleid. Van wit Afrikanerkant is sterk kritiese geluide gehoor. Die NG Kerk het hom op partypolitieke terrein begeef. Daar word gereeld met die regering vergader en gesprek gevoer oor die rassevraagstuk (Van der Watt, 1987:77). Op 23 Mei 1934 in Bloemfontein word 'n konsep *Sendingbeleid* opgestel. 'n Paar hoofmomente was die volgende:

- *Dat God al die nasies van die mensdom uit een bloed gemaak het en dat almal vir wie Christus gesterf het, ewe veel waarde het in die oë van God.*
- *Die evangelieverkondiging gerig op die bekering van mense word voorop gestel. Op die insameling van siele moet kerkplanting volg.*
- *Hierdie selfstandige, inheemse kerke moet met die hulp van die Moederkerk kom tot self-onderhouding, self-regering en self-uitbreiding.*
- *Samewerking met ander kerke sal gesoek word, maar sonder prysgawe van beginsels en met inagneming van die heersende standpunt van die NG Kerk.*
- *Aparte onderwysgeriewe word vir elke bevolkingsgroep voorgestaan.*
- *Die kerk verklaar hom onomwonde teen rassevermenging, maar aan elke rassegroep word 'n eerbare sosiale status gegun (Van der Watt, 1987:79).*

Interessant dat daar geen melding van politieke regte gemaak word nie. Dit het vir die NG Kerk gegaan oor selfhandhawing. Dit word gesien met die Armblanke-vraagstuk in 1934. Die aandrang van die NG Kerk op wetgewing ten opsigte van aparte woongebiede, gemengde huwelike en aparte opvoedkundige inrigtings het groot ongelukkigheid onder die nie-blanke bevolking veroorsaak (Van der Watt, 1987:80).

Die Kommissie vir Aktuele Vraagstukke het tydens die destydse Transvaalse Sinode (1948) daarop gewys dat daar geen Skriftuurlike begroning is vir aparte ontwikkeling nie. In *Die Kerkbode* van 10 April 1940 skryf ds. B.J. Marais: “*dat daar baie min, indien enige, direkte steun vir ons beleid in die Bybel te vinde is. 'n Persoon wat op direkte voorskrifte of vingerwysing van die Bybel afgaan, sal met veel bewysgronde die teenoorgestelde standpunt inneem.*” In antwoord op sterk kritiek wat hy ontvang het, wys hy daarop dat die Bybel wel melding maak van verskillende nasies en volke, maar daar is geen voorskrifte vir kleurskeiding binne die Christendom nie. Die tekste in die Bybel verwys na die verhouding van eienaar en slaaf en nie op kleur nie (Van der Watt, 1987:81). Professor P.V. Pistorius wys daarop dat die Nuwe Testament nie as bewyse van apartheid kan dien nie. Volgens hom praat

die Bybel nie oor kleurvermenging nie. Die gevaar is dat jy die Skrif diensbaar maak aan jou eie opvatting (Van der Watt, 1987:90).

Twee belangrike kongresse vind plaas wat sterk beïnvloed was deur die NG Kerk. Eerstens was daar die Volkskongres van 1944 te Bloemfontein. Kerkleiers het veral sterk leiding geneem. Die kongres was oortuig dat apartheid op die Bybel gegrond is (Van der Watt, 1987:81). Hulle pleit dat dit op alle terreine toegepas moes word en dat nie-blankes geen stemreg mag hê nie. Tweedens was die Volkskongres van 1947 te Johannesburg. Dit het gehandel oor die *Stadswaartse trek van die Afrikanernasie*. Hulle besluit dat die beleid van apartheid op alle terreine deurgevoer moes word. Om nie-blanke oorheersing in die stede te verhoed, moet industrieë in die nie-blanke gebiede aangemoedig word. Daar moet ook aparte woongebiede wees vir die verskillende nie-blanke groepe – dit wil sê swart, bruin en Indiër.

In 1942 word die Federale Sendingraad gestig. Hulle het die beleid van afsonderlike ontwikkeling voortgesit as die enigste regverdigte en Skriftuurlike oplossing van die rassevraagstuk in Suid-Afrika. Gereelde samesprekings met die regering het ook plaas gevind. Sake soos sosiale apartheid, aparte woonbuurtes, wetgewing teen rasvermengde huwelike en aparte opvoedkundige inrigtings is bespreek (Van der Watt, 1987:82). Integrasie is gesien as die verval van morele, geestelike en kulturele standaarde.

In *Die Kerkbode* van 22 September 1948 verklaar die NG Kerk apartheid as ‘n kerklike beleid. *Wet no 55 van 1949* wat gemengde huwelike tussen persone van verskillende rassegroepe verbied, is hoofsaaklik ingestel deur volgehoue druk van die NG Kerk op die regering (Van der Watt, 1987:84). ‘n Beweging teen die beleid van apartheid ontstaan in die NGSK (1948). Die Ring van Wynberg stuur in 1950 ’n beskrywingspunt oor apartheid na die Sinode van die NGSK. Hulle glo dat apartheid onchristelik is en dat dit deur die staat en kerk verwerp moet word. ’n Meningsverskil binne die NGSK lei tot die stigting van die Calvin Protestantse Kerk van Suid-Afrika op 15 Oktober 1950. Die Ring van Wynberg versoek die Sinode van 1950 om uitspraak te gee oor die skriftuurlikheid van apartheid. Hulle ondersteun egter afsonderlike en eiesoortige ontwikkeling (Adonis,2002:333).

In 1958 verklaar die NG Kerk dat daar geen direkte Skrifbewyse vir of teen gemengde huwelike is nie. Tydens die Algemene Sinode in 1974 word aanvaar dat die Bybel hom nie vir of teen sodanige huwelike uitspreek nie, maar oordeel dit as “*ongeeoorloof*” en

“ongewens”. Lede van die NG Kerk-familie het dit verwerp en het aangedring op die totale afskaffing daarvan. Die NG Kerk gee sy steun aan die *Wet op Groepsgebiede van 1950* wat voorsiening maak vir afsonderlike woongebiede. In 1953 bedank die Kaapse sinode die regering vir die betrokke wet. Dit het groot bitterheid by lidmate van die ander kerke van die NG Kerk-familie veroorsaak (Van der Watt, 1987:85). Die *Wysigingswet op Naturelle-wetgewing van 1957* het bepaal dat anderkleuriges verbied word om in ‘n oorwegend blanke gebied ‘n kerkdiens by te woon. Dit is wyd deur kerke veroordeel as die aantasting van godsdiensvryheid.

Binne die NG Kerk het stemme opgegaan teen die beleid van rasseverhoudinge. Dr. B.J. Marais maak beswaar oor die wyse waarop Skrifgedeeltes gebruik word om apartheid te regverdig. Prof. B.B. Keet wys daarop dat in die Skrif daar geen regverdiging is vir die apartheidsbeleid nie. Hy pleit vir ‘n Suid-Afrika waar mense nie op grond van kleur en ras in verskillende kerkgroepe sal wees nie, maar alleen op grond van geloofs- en belydenisverskille (Van der Watt, 1987:92). Die Federale Sendingraad van 1950 verklaar dat geen mens permanent in ‘n staat van onderhorigheid gehou kan word en regte ontsê word nie; rassehaat is sonde en daarom is liefde en regverdigheid bepalend in rasseverhoudings (Van der Watt, 1987:95). Die Wêreldraad van Kerke (1954) skuif die fokus vanaf apartheid, afsonderlike ontwikkeling en segregasie na die eenheid van die kerk. Verskeidenheid binne die eenheid asook die belangrikheid van sigbare eenheid word beklemtoon (Van der Watt, 1987:100).

In 1960 is swart mense aangemoedig deur die Pan African Congress (PAC) om hulle “pasboeke” in te handig by plaaslike polisiestasies en om gearresteer te word. Op 21 Maart 1960 in Sharpeville, naby Vereniging, word op mense wat ‘n polisiestasie omsingel, gevuur en 69 is gedood en vele gewond. Op talle plekke kom georganiseerde stakings voor en geboue word afgebrand. Die regering verklaar ‘n noodtoestand en die ANC en PAC word tot verbode organisasies verklaar (Van der Watt, 1987:102). Op 31 Maart 1960 reageer nege lede van die moderature van die NG Kerk in ‘n gesamentlike verklaring: Spyt word uitgespreek oor die gebeure in Suid-Afrika; meegevoel word betuig teenoor almal wat deur onluste geraak is; die regering word gevra om in die uitvoering van sy beleid nie menslike verhoudinge te vertroebel nie. Tog bly hulle by die standpunt dat die NG Kerk se beleid van aparte ontwikkeling billik is, mits dit regverdig en eerbaar toegepas word (Van der Watt, 1987:103).

Intussen het dr. Joost de Blank, die aartsbiskop van Kaapstad, 'n beroep gedoen op die Wêreldraad van Kerke om die NG Kerk te skors indien die kerk hom nie openlik teen apartheid uitspreek nie. Verskeie buitelandse kerke en ekumeniese liggame – onder meer die Gereformeerde Kerke in Nederland en die Britse Raad van Kerk – het gereageer op die noodtoestand in Suid-Afrika. Een van die doelwitte van die Wêreldraad van Kerke was om 'n bydrae te maak vir regverdigheid en vryheid vir alle mense. Rasseskeiding was gesien as strydig met die Bybel (Van der Watt, 1987:104).

Op 7-14 Desember 1960 vind die Cottesloe-Beraad plaas. Daar was tagtig verteenwoordigers wat bestaan het uit wit, bruin en swart lidmate van die lidkerke (Meiring,2017:41). Daar is na die vergadering 'n eindverklaring uitgereik. Die verklaring het uit drie dele bestaan. Die derde deel het wye reaksie ontlok. Hierdie besluite was:

- Alle rasgroepe wat permanent in die land woon, het die reg om in alle voorregte en verantwoordelikhede te deel. Dit beteken dat anderkleuriges grond mag besit en deel mag neem aan die regering van die dag.
- Die natuurlike verskeidenheid van mense word nie deur die eenheid van die liggaam van Christus opgehef nie. Eenheid moet sigbaar word. Geen gelowige mag op grond van ras of kleur uit enige kerk gesluit word nie.
- Daar is geen Skrifbewyse vir die verbod op rasgemengde huwelike nie.
- Die regering moet kyk na ontoereikende lone, die nadelige invloed van trekarbeid op die gesinslewe en beplanning van woongebiede vir gekleurde persone waarin eiendomsreg bekom kan word.

Die NG Kerk-afgevaardigers het in 'n verklaring hulle gedistansieer van die besluit. Hulle hou by die standpunt van afsonderlike ontwikkeling en dank word teenoor die regering uitgespreek oor hulle positiewe hantering van die rasseprobleem. Hierdie optrede word sterk veroordeel deur ander kerkgenootskappe (Meiring,2017:43).

Daar was predikante vanuit die NG Kerk wat gereeld in ekumeniese studiegroepe betrokke was. In 1962 ontstaan 'n onafhanklike maandblad, *Pro Veritate*. Die redakteur was ds C.F. Beyers Naude. Dit lei tot die stigting van die Christelike Instituut op 15 Augustus 1963 (De Gruchy,2017:29). Hulle ontvang van die staanspoor kritiek van die NG Kerk. Die Christelike Instituut was vir 'n lang tydperk 'n wit organisasie. Dit het verander toe Beyers Naude

homself geïdentifiseer het met Steve Biko en sy ondersteuning gegee het aan die swart teologie (De Gruchy,2017:30). Tydens die Algemene Sinode van 1968 van die NG Kerk besluit hulle om die Christelike Instituut te verwerp as ‘n “dwaalrigting” en dat alle predikante en lidmate uit lojaliteit teenoor die kerk daarvan moet onttrek. Vanuit hierdie besluit verloor Beyers Naude sy predikantestatus (Foot,2013:97). Beyers Naude se afdanking word deur die Presbiteriaanse Kerk gesien as ‘n simbool van alles wat verkeerd was in die NG Kerk en dra by tot die herontdekking en bevestiging van hulle eie Gereformeerde identiteit. Beyers Naude se visie was die vorming van 'n Belydende Kerkbeweging in Suid-Afrika. (De Gruchy,2017:29).

In 1974 word *Ras, volk en nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif* gepubliseer. Hierdie publikasie is die eerste amptelike gesistematiseerde beleidstuk van die NG Kerk oor rassesake (Van der Watt, 1987:116). Die inhoud het gefokus op die ondersteuning van die beleid van die destydse Nasionale Party, die Bybelse fundering van aparte ontwikkeling, die verbod op gemengde huwelike en geamentlike eredienste was slegs toegelaat tydens spesiale geleenthede (Van der Merwe,2017:54). Hierdie publikasie was wyd gekritiseer, spesifiek die aanhaling oor gesamentlike erdiens: “*Spiritual communion or fellowship is experienced inter alia where believers are gathered in fellowship with Christ through His Word and Spirit. This fellowship may also be practiced on occasion where believers from various churches are gathered to worship together. How this should be effected in practice, is the responsibility of the local church council.*” Buitelandse kritiek kom van die Swiss Federation of Reformed Churches wat die NG Kerk kritiseer op die interpretasie van die Bybel, die profetiese stem van die kerk, afsonderlike ontwikkeling en ‘n sterk dualiteit tussen teologie en praktyk (Van der Merwe,2017:55).

Die sinode van die NGKA in 1975 was ’n belangrike byeenkoms van groot historiese betekenis. Ds Ernest Buti word as moderator verkies. Hy speel ‘n prominente rol in die verdere uitbou van die NGKA. ‘n Verslag oor die Bybel en apartheid word bespreek. Hierdie sinode neem vir die eerste keer in die geskiedenis van die NG Kerk-familie ’n duidelike standpunt oor die onskriftuurlikheid van apartheid. Hierdie verslag is aanvaar en gepubliseer onder die titel *The Bible and the relationship between races and people* (Adonis,2002:334).

Die Sinode van die NGSK (1978) spreek hulle uit teen die Groepsgebiedewet en versoek dat hierdie wet herroep moet word. Die praktyk van aanhouding sonder verhoor, word ook

bespreek. Persone, waaronder lidmate en predikante van die kerk wat van anti-apartheidsaktiwiteite verdink is, is gevange gehou sonder dat hulle in 'n hof vir 'n misdaad aangekla is. 'n Voorstel dat hierdie wetgewing, naamlik die aanhouding sonder verhoor, afgeskaf moet word, word aanvaar (Adonis,2002:334). Met hierdie besluit verwerp die kerk die beleid van apartheid. Die kerk begin werk na kerkvereniging binne die NG Kerk-familie. Die wens vir strukturele vereniging van die NG Kerk-familie word uitgespreek (Adonis,2002:336).

Die opkoms van swart bewussynsbewegings, waarin verkondigers van Swart Teologie 'n belangrike rol gespeel het, ontstaan. Swart bewussynsorganisasies – South African Students' Organization (SASO), Black People's Convention (BPC), Black and Allied Workers Union (BAWU), ens. – lei 'n nuwe opposisie in teen afsonderlike ontwikkeling. Steve Biko en teoloë soos Monas Buthelezi en Allan Boesak gee momentum hieraan. Dit gee aanleiding tot die Skoliere-opstand in Soweto op 16 Junie 1976. Die bevryding van die onderdrukte is volgens die swart teologie die inhoud van die Evangelie. Hulle glo dat God aan die kant van die onderdrukte is (Van der Watt, 1987:116).

Die *Ope Brief* verskyn op 9 Junie 1982 in die *Die Kerkbode*. Dit word onderteken deur 123 predikante en teoloë uit die NG Kerk-familie. Die bediening van versoening in Christus word gesien as die primêre taak van die kerk. Hulle wys daarop dat versoening 'n profetiese getuienis het tot die ganse samelewingslewe en daarom durf die kerk nie stilbly oor die sake van morele verval, disintegrasie van die gesin en diskriminasie nie (Van der Merwe,2017:57).

Die Algemene Sinode van die NG Kerk in 1986 hersien die beleidstuk *Ras, volk en nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif*. Dit word vervang met *Kerk en Samelewing: 'n Getuienis van die Ned Geref Kerk*. Hierin erken die NG Kerk dat apartheid nie vanuit die Bybel bewys kan word nie, dat dit nie die Kerk se verantwoordelikheid is om 'n politieke beleid aan die owerheid voor te skryf nie, dat elke politieke model aan die eise van liefde, geregtigheid en menswaardigheid moet voldoen, dat lidmaatskap van die NG Kerk oop is en dat alle besoekers eredienste mag bywoon (Foot,2013:99).

2.3 BELYDENIS VAN BELHAR

Tydens die NGSK se Sinode van 1982 word ‘n *status confessionis* (staat van belydenis) afgekondig en ‘n belydenis word opgestel. Dit het verreikende gevolge binne ekumeniese kringe, veral ook in die verhouding binne die NG Kerk-familie (Cloete & Smit,1984:5). Die afkondiging van ‘n *status confessionis* beteken dat gelowiges of ‘n kerk reken dat ‘n oomblik van waarheid aangebreek het, dat ‘n situasie ontstaan het waarin die evangelie bedreig word, sodat hulle verplig voel om daarteenoor te getuig en te handel (Cloete & Smit,1984:6). In die begeleidende brief tot die Belydenis van Belhar word gesê dat in die lewe van die kerk daar ‘n oomblik van soveel erns kom dat die kerk dit noodsaaklik vind om opnuut sy geloof te bely in die lig van ‘n spesifieke situasie. Die kerklike en politieke situasie in Suid-Afrika en die NG Kerk-familie vra so ‘n beslissing. Dit is ‘n noodkreet uit die hart, as ‘n dwang wat hulle opgelê is om ter wille van die Bybel in die oomblik te praat. Hierdie belydenis is gegrond op die Woord van God en die vrees was dat die politieke en kerklike omgewing die waarheid van die Evangelie bedreig (Cloete & Smit,1984:11). Die belydenis was nie teen spesifieke mense of kerke nie. Hierdie belydenis spreek hom uit teen ‘n valse leer, teen ‘n ideologiese verdraaing van die Evangelie. Die trant van die belydenis is nie beskuldigend nie, maar pleitend. Dit vra vir versoening. Dit vra egte versoening wat volg op bekering en verandering van gesindhede en optrede. Die wens word uitgespreek dat die NG Kerk-familie hierdie pad saam sal loop (Cloete & Smit,1984:12). Die kommissie wat die konsep-belydenis opgestel het, was ds I J Mentor, dr A A Boesak, proff D J Smit, J J F Durand en G Bam (Plaatjie-Van Huffel,2017:338).

Belangrik is die rol van die situasie, die kairos, die oomblik wat ryp geword het, wat nie oorbeklemtoon kan word nie (Cloete & Smit,1984:22) ‘n *Status confessionis* word nooit beplan of bereken nie, maar word gebore (Cloete & Smit,1984:25). Dit was die toppunt van magteloosheid en frustrasie. Dit was die lewenservaring van stem-loosheid. Die erkenning van ‘n *status confessionis* was ‘n kreet uit die hart om gehoor te word en ernstig opgeneem te word. Maar dit was ‘n evangeliese kreet, ‘n roep vol liefde – en daarom word uitdruklik bely, sodat die eenheid weer op grond van die waarheid gevind kan word (Cloete & Smit,1984:38).

Die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke in Ottawa verklaar die NG Kerk se standpunt oor apartheid tot kettery. Terselfdertyd word sy lidmaatskap van die Wêreldbond saam met die van die Nederduits Hervormde Kerk gesuspendeer (Cloete & Smit,1984:123). Die NG Kerk bevind haar in isolasie (De Gruchy,2017:34). Die gereformeerde teologie was nie meer deur die NG Kerk om hoog gehou nie, maar buite die NG Kerk en in opposisie tot die NG Kerk

(De Gruchy,2017:35). Die Broederkring, 'n ekumeniese liggaam wat hoofsaaklik bestaan uit leraars vanuit die NGSK, RCA en NGKA, wys daarop dat die apartheidbeleid nie net mense uit mekaar hou nie, maar polariseer en vanuit die polarisasie groei konflik. Hierdie konflik dien dan weer as alibi om skeiding tot elke prys te handhaaf. Apartheid het gemaak dat bevolkingsgroepe en kerke van mekaar geïsoleerd geraak het. Die NG Kerk verstaan nie wat lidmate van swart kerke moes deurmaak onder die apartheidstelsel nie (Cloete & Smit,1984:125).

Die sinode van die NGSK vergader in Belhar en in navolging van die Wêreldbond kondig hy 'n *status confessionis* (staat van belydenis) af. Apartheid plaas die belydenis van die kerk op die spel. Die verskil tussen die NGSK en die NG Kerk is meer as net teologies van aard; dit word 'n belydenisverskil waarin die afwykende standpunt niks anders as kettery kan wees nie. Die gevolg is dat die NGSK die NG Kerk van teologiese kettery en afgodery beskuldig (Cloete & Smit,1984:126).

Die Belydenis van Belhar bestaan uit vyf artikels. Hierdie belydenis is as gereformeerde belydenisskrif sterk kontekstueel, maar tegelykertyd ook op die Skrif gebaseer. Die vier groot woorde van Belhar is eenheid, versoening, geregtigheid en gehoorsaamheid. Dit begin met geloof in God Drie-enig, naamlik die Vader, Seun en Heilige Gees. Die eenheid van die kerk word bely as 'n eenheid wat deur die versoeningswerk van Jesus Christus tot stand gekom het en as 'n gawe aan die kerk gegee is wat steeds nagejaag behoort te word. Dis nie 'n onsigbare eenheid nie, maar 'n openbare getuienis in die wêreld dat geskeidenheid, vyandskap en haat tussen mense sonde is. Versoening is om die boodskap van versoening uit te dra, wetende dat God deur sy lewewekkende Woord en Gees die magte van sonde, dood, onversoenlikheid, haat, bitterheid en vyandskap oorwin het. God word uitgebeeld as dié God wat kant kies vir noodlydendes, armes en verdruktes. God se bedoeling is dat teenoor hulle geregtigheid sal geskied. Die kerk word opgeroep tot gehoorsaamheid in die lig van die belydenis dat Jesus die Here is (Botha et al.2016).

Die Belydenis van Belhar word by die Sinode van die NGSK van 1986 as 'n volwaardige belydenisskrif aanvaar en later ook van die VGKSA (Belydenis van Belhar, 2015). Met die aanvaarding van die Belydenis van Belhar deur die eerste Algemene Sinode van die VGKSA in 1994, breek hierdie kerk weg van 'n geskiedenis wat gekenmerk was deur onderdrukking en oorheersing. Dit getuig van 'n nuwe rigting wat die VGKSA ingeneem het (Van

Rooi,2007:808). Die enigste voorwaarde vir lidmaatskap van die kerk is geloof in Jesus Christus. Hierdie een sin verander die identiteit van die kerk. 'n Geskiedenis van meer as 100 jaar se aparte aanbidding, aparte samekomste in aparte geboue en later die vestiging van kleur- en kultuur spesifieke kerke word belydend afgewys (Van Rooi,2007:805).

Die Algemene Sinode van die NG Kerk van 1990 verwerp die beleid van apartheid in die lig van die Bybel (Van der Merwe,2017:64). Die sinode besluit dat die Belydenis van Belhar nie in stryd is met die Skrif of die drie Formuliere van Eenheid nie. Die Algemene Sinode van 1998 handhaaf steeds die standpunt: *“Die Algemene Sinode aanvaar dat die Belydenis van Belhar op sigself genome nie met die Drie Formuliere van Eenheid in stryd is nie.”*

(Belydenis van Belhar, 2015). Tog bly die NG Kerk onsuksesvol om die Belydenis van Belhar te aanvaar. Vanuit die NG Kerk skryf prof Willie Jonker dat die Kerk haar profetiese roeping verloor het as gevolg van die Kerk se politieke bande (Jonker 1998:3). In 1996 stel die VGKSA die Belydenis van Belhar as voorwaarde vir vereniging tussen kerke. Dit bring groot spanning, aangesien dit nie deel was van die oorspronklike voorwaardes vir gesprekke nie. Dit verbreek die vertroue tussen die NG Kerk en VGKSA en weerstand ontwikkel (Saayman,2017:126). Tydens die Algemene Sinode van die VGKSA (2008) word besluit om alle dialoog met die NG Kerk te stop. 'n Moratorium word geplaas op gesprek met die NG Kerk. Op plaaslike vlak word egter ruimte gegee vir bestaande eenheidsaksies om voort te gaan. Dit het gevolg na die groetboodskap van die moderator van die Algemene Sinode van die NG Kerk aan die sinode van die VGKSA (Botha,2014:8).

By die sinode van die NG Kerk in Wes- en Suid-Kaapland in 2011 beklemtoon prof. Russel Botman die *“navolging van Christus”* in die Belydenis van Belhar. Hy wys daarop dat die Belydenis van Belhar van agter af gelees moet word, soos 'n Hebreeuse geskrif. Die sleutel vir die verstaan van dié Belydenis lê daarin dat ons Jesus, ons enigste Here, gehoorsaam navolg. Vir baie sinodegangers was hierdie perspektief op Belhar vars en verrassend. Dit het lede in die vergadering gehelp om die belydenis as geskenk te ontvang en self toe te eien. (Botha,2017:50). Die Algemene Sinode van die NG Kerk van 2011 besluit om die Belydenis van Belhar as belydenisskrif te aanvaar en om die kerkordelik-voorgeskrewe weg te volg sodat dit as 'n belydenisskrif van die NG Kerk as geheel aanvaar sou kon word. Twee jaar later het die Algemene Sinode besluit om aan kerkrade en streeksinodes voor te stel dat die formulering van Artikel 1 van die Kerkorde verander word sodat daarin ruimte gemaak word vir die Belydenis van Belhar – maar sonder dat die belydenis daarvan afgedwing sou word.

Dit is egter nie in 2015 deur kerkrade en streeksinodes op die voorgeskrewe manier aanvaar nie en die Belydenis van Belhar is dus nie as (opsionele) belydenisskrif in die NG Kerk se Kerkorde ingeskryf nie (Belydenis van Belhar, 2015).

Die moderature van die NG Kerk en VGKSA het op 25-26 April 2017 in Kempton Park vergader om oor die stand van sake in die kerk en die samelewing na te dink. Die klem het geval op vrede en eenheid. Hulle het ook nagedink oor die geskiedenis van die proses rondom kerkeenheid vanuit beide die NG Kerk en VGKSA. Die onderskeie besluite van die kerke oor kerkeenheid en die Belydenis van Belhar is ook hersien. Die aanvaarding van 'n Tussen-orde deur die algemene sinodes van die NG Kerk (2015) en VGKSA (2016) was 'n historiese mylpaal. Die twee moderature was geïnspireer deur die inleiding van die Tussen-orde: *“Ons as die vier kerke het besluit om saam te reis, geroep deur die drie-enige God om deel te hê aan sy opdrag aan die wêreld, sodat die wêreld kan glo dat God Jesus as Redder na die wêreld gestuur het. Ons visualiseer gevolglik 'n nuwe verenigde kerk in die Nederduitse Gereformeerde Kerk-familie, wat missionaal is, verbind aan die Bybelse eise van liefde, versoening, geregtigheid en vrede. Ons verbind ons daartoe om alle gawes te aanvaar wat deur die vier kerke gebring word vir die versoenings-, herstel- en herenigingsproses”*. Die gesamentlike vergadering het besluit om die Tussen-orde as wettige dokument vir die eenheidsproses te implementeer. Hulle besef dat daar uitdagings sal wees in die implementering van hierdie proses. Hulle aanvaar die werklikheid dat konflik, bitterheid, haat, rassisme, klassediskriminasie, seksisme en heelwat emosionele pyn ongetwyfeld steeds deel van die samelewing is. Hierdie kernsake moet aangespreek word. (Modise et al,2017).

2.4 'N TERUGKYK

Voor ons vergeet - sodat ons kinders ook kan weet is 'n boek wat ervaringe bevat van predikante tydens hulle bediening in die NGSK en VGKSA (spesifiek die platteland). In die skrywers se terugkyk besef hulle dat die optrede van mede-gelowiges tydens apartheid onchristelik, vernederend en onmenslik was. Persone se menswaardigheid is aangetas en daarom wil hulle hê dat dit nooit vergeet mag word nie, anders sou die indruk geskep word dat dit goed was. Hulle betreur en bely hulle destydse stilswye (Cloete, Boer & Van Rooy, 2017:vi). Tog wil hulle hê dat ter wille van geregtigheid daar steeds nader aan mekaar beweeg moet word; dat daar groter versoening sal kom; dat daar respek vir mekaar sal wees

wat “*selfverheffende meerwaardigheid*” en “*selfvernederende onderdanigheid*” sal uitskakel, en dat gestreef sal word na onderlinge eenheid (Cloete et al,2017:vii).

Verskillende negatiewe ervarings wat vanuit die verlede onthou word, is:

- Die posisie van wit predikante binne die NGSK. ’n Ouderling of diaken kon slegs dien op die kerkraad, indien hy ’n lidmaat van die gemeente was. Hierteenoor het wit predikante in gemeentes gedien, alhoewel hulle nie lidmate van die NGSK was nie. Die NGSK het geen sê gehad in die toelating en ordening van wit predikante nie. Hulle het ook nie onder die tug van die kerkraad gestaan nie. Hulle het as voorsitter van kerkraadsvergaderings opgetree en het as lid van meerdere kerkvergaderings die toekoms pad van die NGSK help bepaal (Adonis,2002:330). Bruin predikante is aangespreek as “eerwaarde” of “meneer”, terwyl wit kollegas as “dominee” aangespreek is. Wit predikante het ook in die tradisionele wit woongebied gebly en hulle gesinne kon lidmaatskap by die NG Kerk behou. By Sinodesittings het wit predikante in die NGSK na hulleself verwys as “*geleendes van die Moederkerk*” (Cloete et al,2017:2). Die aanvangsalarisse van wit en bruin predikante het verskil. Wanneer ’n wit predikant beroep is na ’n NGSK gemeente het die NG Gemeente sy salaris tot op skaal aangepas, terwyl die bruin predikant die kleiner salaris ontvang het (Cloete et al,2017:31).
- Teologiese opleiding van predikante in die NGSK en NGKA. Die teologiese opleiding van predikante het volledig onder die beheer van die NG Kerk geval (Adonis,2002:331). Studente wat klaar gestudeer het moes ’n proeftyd van drie jaar in ’n gemeente aflê voordat hy as predikant bevestig kon word. Wit studente is onmiddelik bevestig in gemeentes. Hierdie proeftyd is later verminder na een jaar (Adonis,2002:330).
- Finansies. Die NG Kerk het in baie gevalle finansiële hulp verleen vir die salarisse van sendelinge en predikante. Hierdie afhanklikheid het soms gelei tot spanning en ongelukkige optredes (Adonis,2002:331). Predikante van die NGSK moes dikwels vir gemeentefondse gaan kollekteer by boere en NG Kerk-gemeentes (Cloete et al,2017:18). Die ervaring was dat gemeentes finansieël afhanklik gehou was om beheer te kon hê (Cloete et al,2017:19). Finansiële hulp is dikwels gestaak wanneer die bruin predikant hom uitgespreek het oor die situasie in die land of op die plaas (Cloete et al,2017:40).

- Selfstandigheid van NGSK gemeentes. Die NG Kerk het vetoreg gehad op die besluite van die NGSK. Die gebruik was dat kerkraadslede van die NG Kerk met stemreg op die vergaderings van die NGSK gedien het. Die NGSK se werkkringe het onder die NGK se jurisdiksie geval. Vaste eiendomme van die NGSK het dikwels aan die NG Kerk behoort (Adonis,2002:332).
- Onmenslike, vernederende en onchristelike optrede teenoor NGSK lidmate en predikante. Wanneer gekollekteer is vir gemeentefondse moes die predikant en ouderling dikwels buitekant staan en gesels. As jy as predikant toegelaat was in die huis mag die ouderling dikwels nie ingegaan het nie. Die omstandighede van plaaswerkers was baie keer hartverskeurend. Daar was geen vasgestelde werksure nie. Wanneer begrafnisse in die week plaasgevind het, was dit dikwels net die vroue wat dit bygewoon het aangesien die mans moes werk (Cloete et al,2017:2). In gesprekke met plaaseienaars is na bruin mense verwys as “hotnots” (Cloete et al,2017:9). Plaaseienaars moes dikwels aangespreek word as “baas” (Cloete et al,2017:11). Bruin mense is by kafees deur die venster bedien, omdat hulle nie mag ingaan nie (Cloete et al,2017:36). Borde op die strand wat sê dat ander-kleuriges en honde nie toegelaat word nie (Cloete et al,2017:61). Dit het die persepsie by anderkleuriges geskep dat net wit mense goed, reg en bekwaam was (Cloete et al,2017:18). Predikante wat hulle uitgespreek teen die beleid van apartheid, was soms gevang en toegesluit deur die veiligheidspolisie (Cloete et al,2017:22).
- Verlies aan eiendom. As gevolg van die beleid van aparte ontwikkeling en afsonderlike woongebiede moes historiese kerkgeboue gesloop word. Dit het getuig van die minagting van menseregte, van bruin mense se menswees, van hulle eie kultuurskatte, erfenis en sentimente (Cloete et al,2017:15). Predikante en hulle gesinne is dikwels nie toegelaat om in hulle gemeentes se huise te bly nie aangesien dit in die blanke gedeelte van die dorp geleë was. Kleiner blyplek moes gehuur word (Cloete et al,2017:77).
- Opstandigheid deur ‘n jonger generasie. ‘n Jonger generasie wat kwaad is vir ‘n sisteem wat jou wese en toekoms bepaal het, wat jou as ‘n nie-persoon gedefinieer het. ‘n Woede vir ouers en grootouers omdat hulle die politiek nie reg gelees het en apartheid betyds gekeer het nie. Aan die ander kant was daar diep respek en waardering vir dit wat ouers moes meemaak en opgeoffer het. ‘n Jonger generasie wat worstel met wraak en vergifnis (Cloete et al,2017:68).

Apartheid en afsonderlike ontwikkeling het tot gevolg gehad dat daar onsekerheid en 'n diep verdeeldheid ontstaan het in die verhouding tussen die NG Kerk en VGKSA (Botha,2017:54). Skeiding het ontstaan tussen medegelowiges. Medegelowiges het kontak met mekaar verloor, vervreemd en geïsoleerd geraak van mekaar (Saayman,2017:120). Apartheid het twee wêreldes geskep. 'n Wêreld vir die blanke bevolking en 'n wêreld vir die nie-blanke bevolking (Foot,2013:127). Die reg- en politieke stelsel het mense van mekaar afgesny en hulle in aparte skole, universiteite, publieke geboue en eredienste verdeel (Carelse,2017:167). Apartheid het mense gepolariseer en vanuit die polarisasie het konflik ontstaan (Cloete & Smit,1984:125). Ekonomiese ongelykheid het ontstaan omdat nie-blankes nie eiendom mag besit het nie. Daar is vandag nog ongelykheid in inkomste, geleenthede en opvoeding. Dit het gelei tot armoede (Carelse,2017:163). Weens die gebrek aan kontak tussen verskillende rassegroep ontstaan rassisme en haatspraak (Carelse,2017:165). Rassiste is van mening dat een groep mense moreel of kultureel beter is as 'n ander groep (Burggraeve,1999:39). Paternalisme ontstaan. Paternalisme is die neiging om alles van bo af te reël en te besluit – soos 'n outoritêre vader – teenoor ondergeskiktes (Foot,2013:137). Die mening is dat baie wit Afrikaners 'n oppervlakkige siening van apartheid het. Apartheid word geëvalueer in terme van alledaagse dinge wat wit mense gehad het of kon doen, en ander nie. Die gevoel is dat wit mense dink dat diskriminasie verdwyn deur bloot dieselfde toilette te gebruik (Foot,2013:142). Magsmisbruik en diskriminasie neem toe (Carelse,2017:169). Bruin en swart persone ervaar gevoelens van minderwaardigheid (Foot,2013:129). Die VGKSA ervaar dat die NG Kerk geen ware skuldgevoelens het oor die verlede nie (Foot,2013:123). Dit word ervaar deur die onvermoë van die NG Kerk om die Belydenis van Belhar te aanvaar (Belydenis van Belhar, 2015).

2.5 SAMEVATTING

Die historiese verloop van die NG Kerk en die VGKSA, geondersteun deur die beleid van apartheid en afsonderlike ontwikkeling, bevestig dat dialoog en vertroue dikwels ontbreek het in die verhouding tussen hierdie twee kerkverbande. Dialoog as die soeke na regverdigheid en die vermoë om mekaar as gelykes te sien en te hanteer, het dikwels in die verlede misluk. Daar was nie regverdig teenoor mekaar gegee en ontvang nie en anderkleuriges was dikwels uitgebuit. In plaas van om te soek na dit wat tot voordeel van die ander is word rassisme, haatspraak, ongelykhede, diskriminasie, magsmisbruik, onchristelike- en onmenswaardige

optrede ervaar. Vertroue ontbreek in die verhouding tussen die NG Kerk en VGKSA, omdat daar nie paslik gegee en ontvang is nie. Ware dialoog ontbreek in die verhouding tussen die NG Kerk en VGKSA.

In die volgende hoofstuk word die konsepte dialoog en vertroue verder belig as grondbeginsels van die DIPP. Daar word gekyk na ander wetenskappe en wat elkeen van hierdie wetenskappe leer oor die verstaan van dialoog en vertroue.

HOOFTUK 3

3. DIALOOG OP PLAASLIKE VLAK ... IN GESPREK MET BOSZORMENYI-NAGY, BUBER EN LEVINAS

3.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk konsentreer op die proses van analiseer binne die werkswyse van die “*The Pastoral Cycle*”. ‘n Belangrike fase in hierdie proses is om in gesprek of dialoog te gaan met ander tradisies of wetenskappe. Die doel van hierdie hoofstuk is om te leer by ander tradisies en wetenskappe oor hulle verstaan van die konsepte dialoog en vertrouwe van die DIPP. In hierdie hoofstuk word gefokus op die werk van Ivan Boszormenyi-Nagy, Martin Buber en Emmanuel Levinas. Buber vorm die kern argument van dialoog, terwyl Boszormenyi-Nagy en Levinas by hom aansluit. Daar is egter geen verband tussen Levinas en Boszormenyi-Nagy nie (Thesnaar,2018). Die biografiese agtergrond van Boszormenyi-Nagy, Buber en Levinas word volledig beskryf, omdat konteks binne die DIPP verstaan word dat elke persoon staan in relasie tot generasies uit die verlede, hede en toekoms. Dit wat in die verlede met ‘n persoon gebeur het, het dikwels ‘n invloed op sy of haar optrede (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:8).

Eerstens word gefokus op die teorie van Boszormeny-Nagy. Sy biografiese agtergrond, sy verstaan van konteks, sy verstaan van etiek, 4 dimensies van verhoudingsrealiteit, die verduideliking van verskillende konsepte (lojaliteit, reg en regverdigheid, leaat en meersydige partydigheid) as reëls vir die etiese relasie en dialoog word beskryf. Tweedens word gefokus op die teorie van Buber. Sy biografiese agtergrond, die konsepte “*I-Thou*” en “*I-It*”, sy verstaan van dialoog en etiek en skuld en skuldgevoelens word beskryf. Derdens word gefokus op die teorie van Levinas. Sy biografiese agtergrond, sy verstaan van etiek en vorme van geweld word beskryf.

3.2 DIALOOG OP PLAASLIKE VLAK IN GESPREK MET IVAN BOSZORMENYI-NAGY

3.2.1 BIOGRAFIESE AGTERGROND

Boszormenyi-Nagy is gebore in Budapest, Hongarye, in 1920. Hy kom uit 'n liberale Rooms Katolieke ouerhuis. Drie generasies woon gelyktydig in die huis waarin hy grootword. Intergenerasionele toewyding is deel van sy eie vesels waarin hy grootword (Botha,2014:16). Na sy studies in mediese-psigiatrie vertrek hy na Amerika. Hy het geen verhouding met 'n kerk of denominasie nie. Hy het gehoop om deur sy navoring 'n sleutel tot verstaan, maar ook genesing te vind vir ernstige psigologiese lyding, veral skisofrenie (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:2). Tradisionele psigoterapie werk met die mediese model om jou te kontrakteer tot "een pasiënt". Die pasiënt se klagtes of simptome word as subjektiewe aanwysers van sy objektiewe siekte beskou (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:6). Hy ontmoet vir Kalman Gyárfás wat hom wys op die belangrikheid van interpersoonlike verhoudinge vir die psigiatrisiese pasiënt. 'n Nuwe benadering ontstaan, naamlik terapeutiese gemeenskap. Dit is waar pasiënte en personeel mekaar probeer ontmoet op die basis van openheid en gesprek. Maxwell Jones, 'n dokter, begin met "*healing communities*" waar hy werk met getraumatiseerde Engelse soldate uit die Tweede Wêreldoorlog. Sentraal in sy benadering is dat dit in die gemeenskap is waar daar heling is. 'n Band tussen die individu en ander ontstaan. Die terapeut is nie meer 'n eksterne waarnemende deskundige nie, maar kom in 'n terapeutiese verhouding met die pasiënt, as 'n deelnemende waarnemer en waarnemende deelnemer (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:2).

Boszormenyi-Nagy is van die eerste terapeute wat hierdie benadering gebruik in terapie met families. Sy belangrikste publikasies is: *Invisible Loyalties* (1973); *Between Give and Take* (1986) en *Foundations of Contextual Therapy*. 'n Belangrike ontwikkeling was dat hy nie primêr familieledede beskou het as die bron van patologie nie. Inteendeel, familieledede word beskou as medelyers onder hulle omstandighede. Hy poog om 'n vorm van ware wederkerigheid in die gesin te skep, wat 'n nuwe vertrouwe tussen die betrokkenes skep. Dit lei tot genesing. Hy verkies om te praat van 'n vertrouwe-gebaseerde terapie.

Boszormenyi-Nagy werk hoofsaaklik met die familie en persone met erge breinbeserings. Hy probeer die vesels verstaan waaruit 'n weefsel van interpersoonlike verhoudings bestaan. Hy dui daarop dat sy vertrekpunt nie vanuit tekorte begin nie. Sy uitgangspunt is: 'n konkrete mens tussen sekere ander – subjektiwiteit in inter-subjektiwiteit (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:7). Hy vind aansluiting by Martin Buber en sy dialoogparadigma, veral die gedagte van "*healing through meeting*" (Botha,2014:3). Daar is drie Buber-tekste wat hy herhaaldelik gebruik: "*I and Thou*", "*Healing through meeting*" en "*Guilt and guilt feelings*"

(Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:7). Gesinsterapie verteenwoordig vir hom 'n verskuiwing na intergenerasionele verhoudings, eerder as 'n verandering na 'n nuwe metode of nuwe teorie van patologie. Gesinsterapie is nie verwant aan huweliksberading nie. Huweliksberaders se doel is om portuur of eweknieë te vergelyk. Hulle werk om balans in verhouding te vind of keuses om die verhouding te beëindig. So 'n opsie is nie tussen ouers en kinders nie. Hulle fokus op ouer-kindverhouding (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:6).

Boszormenyi-Nagy het begin werk in die “slump”-areas in Amerika. Hy werk met die dinamika van elke unieke persoon. Hy kom in aanraking met rassisme en word bewus van die oordrag en impak wat generasies op gesinne het. Hy word bewus van die feit dat elke persoon eksplisiet met sy of haar families verbind is en die belangrikheid van lojaliteitskonflik en gesplete lojaliteit binne gesinne (Thesnaar,2019:171). Hy kom tot die besef dat geen persoon 'n eiland kan wees nie (Thesnaar,2019:172).

Boszormenyi-Nagy fokus op die gesin maar dit gaan ook vir hom om familiesisteme groter as die gesin. 'n Persoon vra ook na die optrede van vorige generasies. Elke persoon staan in relasie tot generasies uit die verlede, hede en toekoms (Botha,2014:2). Geen mens bestaan geïsoleerd in verhouding tot sy of haar wêreld nie (Botha,2014:3). Hierdie verbondenheid is eksistensieël. Niemand kan dit vernietig nie. Jy luister na stemme van ander wat betroubaar is en vra na jou betroubaarheid vir ander (Botha,2014:4). Dit gaan vir hom om 'n subjek te midde van ander subjekte. As garedraad is elke persoon saam met ander inmekaar geweef om saam 'n weefstuk te vorm. Wanneer twee subjekte ontmoet en 'n dialoog ontstaan, is jy by wyse van spreke ook in gesprek met die ander met wie jou gesprekgenoot in gesprek is. Dit strek oor generasies. Dialoog is 'n dialektiese reël van relasionele balans gewortel in 'n wedersydse en regverdigte verhouding (Botha,2014:31).

Boszormenyi-Nagy wys op die belangrikheid van dialoog en die verwerping van die konsep dat verandering die doel is van terapie. Nie alle veranderinge is wenslik nie (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:5). 'n Kenmerk van lewende wesens is dat hulle hulself onophoudelik organiseer, dat hulle verander wanneer interaksie met hul omgewing dit vereis, of as gevolg van hul eie interne dinamika. Terapie veronderstel dat die kliënt altyd beter weet as die terapeut. Mense bring hul eie struktuur saam na die beradingsproses. As 'n terapeut nie in verbinding staan met die struktuur wat die kliënt bring nie, is alle intervensies vrugtelos.

Empatie en insluiting is belangrik. 'n Absolute waardesisteem is nie moontlik nie. (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:6).

3.2.2 BOSZORMENYI-NAGY SE VERSTAAN VAN KONTEKS

Boszormenyi-Nagy se teorie word genoem kontekstuele terapie. Kontekstuele terapie neem 'n integrerende houding. Dit argumenteer dat 'n werklike omvattende begrip van die menslike bestaan, bestaan uit beide individuele en verhoudingswerklikhede. Kontekstuele terapie probeer om die waarheid van persoonlike uniekheid in sistemiese terapie te herinstalleer, en om 'n brug te bou met individuele terapie deur middel van relasionele skakels (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:7). Elke persoon neem verantwoordelikheid vir sy of haar eie lewenskeuses. Hierdie keuses vind plaas en moet geïdentifiseer word in 'n omgewing wat beïnvloed word deur transaksionele patrone wat van persoon tot persoon en van geslag tot geslag verskuif. In die proses ontwikkel spesifieke gevolge en dit raak die toekoms van mense wat nog ongeboore is. Die kontekstuele benadering is meer as 'n terapeutiese model. Die basiese houding is dat volwassenes verantwoordelikheid neem vir die welstand van die nageslag.

Twee fokusse is belangrik. Eerstens: Die gevolge van 'n persoon se keuses en aksies kan die lewe van ander persone wat aan hom of haar verwant is, affekteer en beïnvloed. Tweedens: 'n Persoon kan nie losgemaak word van die verantwoordelikheid om na te dink aan die gevolge van sy of haar keuses teenoor al die mense met wie hy of sy in 'n betekenisvolle verhouding leef nie. Boszormenyi-Nagy se benadering is nie net kontekstueel nie, maar is primêr verhoudingsetiek (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:8).

Konteks impliseer gevolge wat vloei van een persoon na die ander, van generasie tot generasie en van een sisteem tot die opeenvolgende sisteem. Dit is die dinamiese en onderlinge etiese verbintenis wat bestaan onder mense wie se wese vir mekaar belangrik is. Elke persoon staan in relasie tot generasies uit die verlede, hede en toekoms (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:8). Dit dui op 'n bepaalde orde van wese. Niemand is vrygestel van die goeie of slegte gevolge van verhoudings nie. Dit beteken dat daar geleenthede is in verhoudings om bestaande gevolge te transformeer, deur nuwe opsies te ontdek en nuwe insette in stagnante verhoudings te maak. Dit beklemtoon die bestaan van hulpbronne in verhoudings wat, sodra dit geaktiveer is, haat in nabyheid kan herrangskik, onreg in optrede

van regverdigheid en wantroue in vertroue. Persone het op enige tyd keuses om verantwoordelik op te tree vir die verhoudingsgevolge wat hulleself en ander affekteer.

Konteks dui op verhoudinge wat gedefinieer en gekenmerk word deur die dinamika van gee en ontvang tussen onderlinge vennote. Elke persoon ondersoek die gevolge van sy of haar optrede, en hoe om te verander met die doel tot genesing (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:9). Konteks impliseer 'n openheid tot die totaliteit van gevolge en invloede wat inbreuk maak op die welsyn van verwante partye, nou en later. Verhoudinge word nie gesien as inherent “goed” of “sleg” vir die familie nie. Verhoudinge word gesien as addisionele hulpbronne van gevolge, positief of negatief. Verhoudingsgevolge het wydverspreide implikasies vir vennote in gesprek, vir volgende generasies en vir 'n nageslag in geheel. Konteks is 'n ontologiese gebied. Dit bestaan uit die feit van persoonlike aanspreeklikheid vir relasionele gevolge. Die kriteria vir geldigheid berus op 'n etiese keuse: aanvaar of weier om verantwoordelikheid te neem vir die gevolge van huidige verhoudings wat 'n invloed op ander kan hê (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:10).

3.2.3 BOSZORMENYI-NAZY SE VERSTAAN VAN ETIEK

Boszormenyi-Nagy, in navolging van Buber, wys daarop dat verhoudinge nie gebaseer word op enige karaktertrekke van die mens nie, maar op ontmoeting. Deur te waag in 'n verhouding, 'n dialoog, gee 'n persoon vertroue in die hoop dat die ander hom of haar sal vertrou. As dit gebeur, is daar ontmoeting. Daar is geen beheer hieroor, en wat in hierdie ontmoeting mag gebeur, is onvoorspelbaar vir albei persone. Dit wat in hierdie ontmoeting gebeur, is nie noodwendig aanvaarbaar vir almal nie en kan ook nie geobjektiveer word nie. Hierdie ontmoeting het 'n vlugtige karakter. Dit beteken nie dat dit tevergeefs is nie (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:8). Vertroue in hierdie ontmoeting is onvoorwaardelik. 'n Ontmoeting help om anders te kyk na die ander persoon. Vertroue is altyd 'n waagstuk, want die reaksie van die ander persoon, is onvoorspelbaar. Selfs die manier hoe 'n persoon na die gesprek kom, kan die ander skaam maak of verneder en die dialoog verbreek. Vertroue is troos en word verwoord in verhoudinge. Dit word nooit volgens sekere voorwaardes gegee nie. Die ander word sigbaar en word deel van 'n persoon self. 'n Persoon word ook sigbaar (broos, simpatiek, hartseer) deurdat jy geraak word deur die ander (Thesnaar,2018).

Boszormenyi-Nagy, soos Buber, se doel is dat mense wat objekte vir ander is, begin ontmoet en 'n ontmoeting ervaar. Dit veronderstel dat persone die valse beelde wat hulle mekaar oplê, hulle obsessiewe belangstelling in mekaar, hul verwagtinge en oordele oor karaktertrekke van die ander, sal laat vaar. Dan is daar ruimte vir verrassing en ontmoeting. In hierdie proses word om te gee en te ontvang as dialekties beskou: daar word ontvang deur te gee en te gee deur te ontvang. Elke individuele mens lewe en sterf in 'n bepaalde verhoudingsrealiteit. Dit is belangrik om nie die werklikheid te verminder nie (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:8). Hy fokus op elke persoon as individu en soek weë om elkeen aan die woord te laat kom om hulle te begryp. Hulle vorm sáám die vesels van die weefstuk (Botha,2014:6).

Etiek, op plaaslike gemeentevlak, verwys nie na moraliteit, ekstern opgelê deur die kerk of kultuur nie. Dit gaan nie oor wat reg of verkeerd is in menslike verhoudinge nie.

Boszormenyi-Nagy verwys na etiek as relasionele etiek. In relasionele etiek gaan dit om regverdigheid binne eksistensiële verhoudinge en val die fokus op die balans tussen wat gegee en ontvang word binne relasies (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:14). Slegs die gespreksgenote kan in die dialoog met mekaar uitklare wat wel regverdig is of nie in hulle onderlinge verhouding (Botha,2014:1). Die etiese relasie tussen die NG Kerk en VGKSA, op plaaslikevlak, roep gemeentes om verantwoordelikheid vir mekaar te neem. Dit is 'n verantwoordelikheid wat soek na regverdigheid tussen gemeentes en lidmate en wat nooit stop nie.

3.2.4 VIER DIMENSIES VAN VERHOUDINGSREALITEIT

Boszormenyi-Nagy wys op vier dimensies in die beskrywing van verhoudingsrealiteit. Die eerste is die dimensie van die feite. Die sosio-ekonomiese geskiedenis van die gesin waaraan 'n mens behoort, jou eie sosio-ekonomiese situasie, fisiese gesondheid of gestremdhede, geslag, etniese identiteit en omstandighede is alles deel van wat Boszormenyi-Nagy beskou as objektiewe feite. Feite rondom geslag, die beroep wat 'n persoon beoefen en of hy/sy werkloos is, huwelik, enkelwees, enige kinders of geen nageslag, behoort aan 'n kerk - al hierdie data word as belangrike feite van die werklikheid beskou. Die belangrikheid van spesifieke feite sal voorkom wanneer iemand bereid is om van hulle eie perspektief te vertel. Die uitgangspunt moet wees dat hierdie feite saak maak. Dit is duidelik dat hierdie feite bestaan van 'n spesifieke persoon beïnvloed. Dit beteken nie dat dit die rigting van sy persoonlike lewe bepaal nie. Feite of gebeure van die verlede kan nie verander word nie;

maar die gevolge van hierdie feite is deels nog oop. ‘n Omvattende kennis van die feite is nie nodig nie. Die feite is nie stukke in 'n legkaart vir die berader nie. Dit is egter belangrik om nie relevante objektiewe faktore te mis, met betrekking tot sterkte en kwesbaarhede in die geskiedenis van 'n persoon nie (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:9).

Die tweede dimensie is die dimensie van psigologie. Dit gaan oor die impak van die vorige feite op ‘n persoon se lewe. Dit gaan oor behoeftes, gevoelens of emosies. As ons dit aan die vorige dimensie koppel, kan ons die vraag vra: Hoe het hierdie persoon sy omstandighede ervaar? Wat is die sielkundige gevolge? Wat het gebeur in die innerlike wêreld van hierdie persoon? Oordrag beteken dat die reaksies van 'n persoon terug verwys word na die persoon se kinderomstandighede en sy of haar fantasieë op daardie tydstip. Dit is die terapeut se verantwoordelikheid om die lojaliteit van die kliënt in ag te neem (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:10). Binne die kontekstuele terapie is psigologie die gevolge van verhoudings vanuit die verlede en dit het gevolge vir toekomstige verhoudings. Die proses is “open-ended” waarvan die vooruitsigte nuwe geleenthede bied vir genesing en groei. Gevolge van die verlede is beslis invloedryk, miskien selfs onomkeerbaar, maar nie rigied voorafbepalend of homeostaties nie (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:9).

Die derde dimensie is die dimensie van interaksie of transaksies. Dit gaan oor wedersydse beïnvloeding op gedrag en patrone van kommunikasie. Verhoudingsnetwerke het hulle eie dinamika, nie oorsaak en gevolg nie, maar ‘n dinamika wat verstaan kan word as die beginsel van terugvoer. Dus, dit is nie regtig die spelers wat regeer nie, maar die spel wat regeer. In hierdie maalstroom bereik persone 'n sekere plek wat die kompleksiteit van die interaksie beperk. Vandag se gebeure word vergelyk met gister s'n (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:12). Deur interaksie word onderlinge gedrag beïnvloed en patrone van kommunikasie word gevorm. Dit wys waar elke individu hom- of haarself binne die sisteem plaas. Dit gaan oor rolverdeling en subsysteme – koalisies, mag en etikettering. Al die onderlinge lede is in beweging en elkeen dra by tot die balans binne die sisteem (Botha,2014:26). Taal as ‘n gereedskapstuk in berading is belangrik. Die terapeut se woorde, sy of haar standpunt en invloed word benadruk. ‘n Persoon se siening of die manier hoe hy of sy kyk, reflekteer hulself. 'n Terapeut doen goed om nie te weet nie, veral om nie beter as die kliënt te weet nie. Die dimensie van interaksies en transaksies bied variante modelle wat van belang kan wees wanneer ‘n persoon probeer om 'n ander persoon se gedrag in 'n bepaalde groep te verstaan en te beïnvloed (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:13).

Die vierde dimensie. Boszormenyi-Nagy kies beide die intra-psigiese en interaksionele as rigting vir psigoterapie. Beide dimensies is nodig om effektiewe terapie te verkry. Hy beskou familiesisteme groter as die kern familie. Die vraag bly: “Wat laat 'n menslike stelsel werk en wat motiveer 'n mens fundamenteel?”. Hierdie dimensie het betrekking op spesifieke motiverings wat nie bloot uit die eerste drie dimensies kom nie (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:13). Soms is die gedrag van 'n persoon selfs in teenstelling met wat jy sou verwag op grond van die eerste drie dimensies. Iemand maak keuses wat bots met wat jy sou verwag van sy beginposisie, talente en huidige posisie. Boszormenyi-Nagy gebruik Buber se paradigma van “*Ich-Du*” in dialoog. Die vierde dimensie is relasionele etiek. Relasionele etiek verwys nie na moraliteit, ekstern opgelê deur die kerk of kultuur nie. In die relasionele etiek gaan dit om regverdigheid binne eksistensiële verhoudinge en val die fokus op die balans tussen wat gegee en ontvang word binne relasies. Die etiese motiveer mense te midde van die feite, passies, gevoelens en interaksies. Dit kan 'n persoon onverwags verander en in stryd bring met sy eie belange, byvoorbeeld die kansellering van 'n plan wat my sal bevoordeel, maar iemand anders as 'n persoon skade sal berokken. Menslike verhoudinge kry betekenis omdat dit die regverdigheid en geregtigheid van daardie verhoudings soek. Mense het tekorte in hulle verhouding tot mekaar. Ek gee omdat aan my gegee is - deur jou of voorheen deur iemand Anders (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:14). Om te gee gaan nie net oor versorging nie, maar ook oor betekenis. Boszormenyi-Nagy beskou dialoog nie net as die uitruil van inligting tussen persone nie, maar hierdie soeke na regverdigheid en geregtigheid tussen individue. In die soeke na regverdigheid val die kollig op die balans tussen wat gegee en ontvang word (Botha,2014:28). Die uiteindelige doel is 'n strewe na balans. Balans is egter nie staties nie, maar is gedurig in beweging. Balans is in ewewig juis as die naald van die skaal in beweging is (Botha,2014:22). Dit gaan om passend te gee en passend te ontvang (Botha,2014:29). Die uitdaging is om op so wyse te gee en te ontvang dat elkeen in vryheid verder kan ontwikkel (Botha,2014:34). Om te gee en te ontvang is nie ewewigtig nie. Elkeen gee volgens hy of sy vermoë. Soms moet jy meer gee en soms minder. Waar passend gegee en ontvang word betroubaarheid en vertroue geskep (Botha,2014:40).

Die fokus op relasionele etiek is belangrik om dialoog en vertroue as konsepte van DIPP te verduidelik. Die NG Kerk en VGKSA, op plaaslike vlak, het 'n relasioneel etiese verantwoordelikheid teenoor mekaar. Die relasioneel etiese strewe na regverdigheid binne eksistensiële verhoudinge en die fokus is op die balans tussen wat gegee en ontvang word

binne relasies. Eties beteken dit dat die NG Kerk en VGKSA 'n hoë prioriteit op hulle verhouding plaas, maar dat die balans tussen paslik gee en ontvang nooit in ewewig kan wees nie. Die historiese en sosio-ekonomiese konteks tussen die NG Kerk en VGKSA is 'n konteks van ongelykhede en daarom moet die NG Kerk meer gee sodat betroubaarheid en vertroue kan groei. In hierdie ontmoeting ontdek hulle dat die ander is soos ek. Dit maak 'n persoon broos. Dialoog word beïnvloed deur die manier hoe daar na 'n persoon gekyk en opgetree word. Die etiese is belangrik vir dialoog.

Op die vlak van die lewe soos dit geleef word, is alle dimensies gelyktydig teenwoordig. Absolute waarheid oor menslike verhoudings as sodanig bestaan nie. Dit is 'n raamwerk van benadering wat die persoonlike waarheid van 'n konkrete persoon in sy verhoudings sover moontlik probeer eerbiedig (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:15).

3.2.5 VERDUIDELIKING VAN KONSEPTE

Boszormenyi-Nagy se bydrae tot die terapeutiese dissipline is die dimensie van relasionele etiek. Hy gebruik sekere sleutelwoorde om die relasionele etiese dimensie verder te beskryf. Hierdie sleutelwoorde word beskryf as objektiewe reëls of verhoudingsreëls wat help om regverdigheid en geregtigheid te soek in verhoudinge. Hierdie woorde wil herstel bring aan die skade van menslike geregtigheid as 'n derde party. Daar word na hierdie woorde gekyk op grond van lojaliteit en geregtigheid. Sleutelwoorde waaarop gefokus word, is: lojaliteit, reg en geregtigheid, leë en meersydige partydigheid (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:15).

3.2.5.1 LOJALITEIT

Verhoudinge is ontologies, gebaseer op die feit van wese. Familieverhoudinge word bemagtig deur die feit dat hulle deur geboorte aan mekaar verbind is. Hulle is sekondêr bemagtig deur wat familieledede vir mekaar doen. Verhoudings se betekenis lê in hulleself. Die verhouding tussen 'n moeder en haar fetus demonstreer dit die beste. Die gewig van hulle konneksie is gebed in die geboorte, om te word en om te wees. Ongeag wat hulle teenoor mekaar en vir mekaar mag doen, is dit hulle wese wat hulle aan mekaar verbind. Regverdigte gee en ontvang sal bydra tot die kwaliteit van hulle lewe saam. Verbondenheid bly voortbestaan, selfs al maak familieledede hulle los van mekaar van kontak en kommunikasie (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:8).

Lojaliteit verwys dus na die onherroeplike verbondenheid tussen ouers en kinders as 'n eksistensiële etiese verskynsel. Hierdie verhouding is nie gebaseer op keuse nie; jy kies nie 'n kind nie; en jy kies nie ouers nie. Dit bestaan in verantwoordelikhede en regverdigheid. Dit word vertikale lojaliteit genoem. Afgelei hiervan is die verband tussen broers en susters. Dit is gebaseer op die vertikale verhoudings van elkeen van die broers of susters met die ouers (Meulink-Korf, & Van Rhijn,2016:16). Vertikale lojaliteit is asimmetries. 'n Persoon kan nie vertikaal dislojaal wees nie, maar die sigbare solidariteit kan gebreek word. Die lojaliteit bly dan in verborge vorm. Die verhouding tussen persone binne dieselfde generasie (vriende, lewensmaats) is horisontale lojaliteit. Dit is verhoudings wat hoofsaaklik gebaseer is op keuse. Hierdie lojaliteit is simmetries en partye kan dislojaal wees. Al twee partye dra ewe veel verantwoordelikheid vir 'n regverdige balans (Botha,2014:14).

Die kwaliteit van horisontale lojaliteit word beïnvloed deur vertikale verhoudings. Die belangrike vraag is, hoe hierdie horisontale lojaliteit gekies is, en ook watter herinnering 'n persoon van hierdie keuse het. Hierdie keuse of instemming van ouers kan die vorm gee van vertroue en ondersteuning. Teologies kan mens die woord seën gebruik. Byvoorbeeld: Ouers wat die keuse van 'n lewensmaat van 'n volwasse kind seën, verlig teenstrydige lojaliteit.

Lojaliteitskonflik gaan oor die maak van keuses, opstel van prioriteite en wys van voorkeure. Lojaliteit beteken onvermydelik konflik. Lojaliteit het 'n triadiese verhoudingsuitleg: een wat verkies, die gekose en die persoon wat nie gekies is nie (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:16). Die geboorte van 'n kind, spesifiek die eerste kind, bring vir beide ouers vreugde, maar ook onsekerheid oor die vraag "Wie gaan gekies word?". Vir Boszormenyi-Nagy is die geboorte van 'n kind 'n leersame proses vir ouers om hulle vertroue in mekaar en in hulleself te ontdek. Dit is ook 'n leersame ervaring vir die kind wat ouer word. Soos die kind ouer word, word hy of sy bekendgestel aan keuses wat hulle moet maak. 'n Kind, soos elke mens, moet die geleentheid hê om sy of haar voorkeure te wys. Hoe ouers die kind se definisie oomblikke hanteer, is bepalend vir die kind. Konflikte in lojaliteit is onvermydelik (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:17).

Lojaliteitsverbintenisse is onsigbare, sterk vesels wat komplekse dele van verhoudingsgedrag in gesinne bymekaar hou. Elke persoon het 'n boekhouding van sy of haar persepsies van die saldo's van verlede, hede en toekomstige gee en ontvang (Boszormenyi-Nagy &

Spark,1984:39). Elke dag se lewe is gevul met keuses, om gekies te wees en om nie gekies te wees nie. Vanuit 'n kontekstuele perspektief is dit etiese lering. Om met ander te leef, is om te leer om verskille te hanteer, om te onderskei. Die persoon se eie behoeftes en verbande is belangrik, maar bepaal nie heeltemal jou gedrag nie. Om lojaal te kies, sê nie noodwendig iets oor die mate van aangetrokkenheid van die een aan die ander nie. Soms maak lojaliteit die keuse ten koste van 'n ander persoon tot wie 'n mens meer emosioneel aangetrokke kan wees. Dit gaan nie oor abstrakte keuses gaan nie, maar oor konkrete, praktiese keuses van elke dag se bestaan.

Die term triadies beteken dat elke verhouding, elke diadiese (paar), gekoppel is aan 'n derde persoon: trouens, met verskeie derde partye . In tye van stres is die diadiese geneig om 'n spesifieke derde party in die verhouding te betrek. Hierdie struktuur word “driehoek” of “emosionele driehoek” genoem. Hierdie derde party kan emosioneel gesproke verskeie funksies hê: bondgenoot of bemiddelaar of weerligafleier. Wanneer so 'n funksie ontaard in 'n disfunksie, word dit “triangulasie” genoem (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:18). Dit word disfunksioneel wanneer die groei van persone verhinder word. Lojaliteit het 'n triadiese struktuur. 'n Persoon leer deur ervaring wat reg en regverdig is tussen twee mense en wat reg en regverdig is in verhouding tot 'n derde party.

Verantwoordelikheid vir gevolge is 'n belangrike aspek van relasionele realiteit. Wanneer hierdie verantwoordelikheid ontbreek, is optredes nie net oneties nie, maar dit lei persone tot die valse hoop dat hulle hulle lewe vrylik kan leef sonder om verantwoordelik te wees vir die gevolge van relasies. Kinders betaal dikwels die prys vir ouers se vryheid van verantwoordelikheid. Hulle erf die koste van swak ouerskap, gebrek aan betroubaarheid en onverskillige opvoeding. Een van die fundamentele beginsels van kontekstuele terapie is gebaseer op die erkenning dat kinders gevangenes is van die verlede en huidige optredes. Kontekstuele terapie soek eerste onmiddellike ingryping in die kind se probleme en pyn. Dit fokus ook om volwassenes te help om verantwoordelikheid te neem vir die gevolge van die nageslag (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:11). Kontekstuele benadering vra sy terapeute om kliënte te help om hulle lewensprioriteite te orden. Dit gebeur in die verhoudinge tussen familieledes en is beide intens en onherroeplik interafhanklik. Kontekstuele prioriteite is onafskeidbaar van verantwoordelikheid vir gevolge, spesifiek vir die nageslag (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:12).

Gesplete lojaliteit is 'n ernstige vorm van 'n lojaliteitskonflik. Hierdie term dui aan dat 'n kind vasgevang kan word wanneer sigbare lojaliteit teenoor een ouer as onbevoeg verklaar word deur die ander ouer (Meulink-Korf, & Van Rhijn,2016:19). Byvoorbeeld, wanneer ouers deur 'n egskeiding gaan, en die kind voor die keuse geplaas word oor waar hy of sy wil bly. Dit gebeur dat ouers 'n kind se guns probeer wen en so druk op die kind plaas om te kies (Botha,2014:16).

3.2.5.2 REG EN REGVERDIGHEID

'n Tweede konsep is reg of "*entitlement*". "Om geregtig te wees" beteken om iets te eis. Dit verwys na 'n "geregverdigde eis" en ook tot die verdienste wat 'n persoon verkry deur ander te versorg. Nie alle regte moet verdien word nie. Dat dit verdien kan word, is 'n reg op sigself. Hierdie reg het ook van die begin af 'n eis. Om dit vreemd te stel: Daar is die reg om regte te verdien. Elke persoon is met hierdie reg gebore om te ontvang en te gee. Die bestaan of geboorte van 'n kind is 'n geskenk sonder gelyke. Van die kant van die kind is dit 'n onbewuste gawe, maar dit maak nie die gawe minder waardevol nie. Kinders bly te alle tye kwesbaar. Kinders ontvang die reg om betroubaar groot te word en aktief by te dra tot ander se lewens. 'n Kind gee nie net deur die blote feit van sy of haar bestaan nie, maar deur wie hy of sy is. Elke kind het die reg om konkrete geleenthede te kry om te gee en erkenning te ontvang vir die wyse waarop gegee word.

Hierdie reg word egter nie aan alle kinders gegee nie. Die reg om betroubaar groot te word realiseer soms nie, hetsy deur die ouers of deur omstandighede (soms 'n kombinasie). Alle ouers het nie die geleentheid om hulle kinders te gee waarop hierdie kinders geregtig is nie. Soms probeer 'n kind gee, maar ontvang geen erkenning vir wat hy of sy doen nie. Ouers, wat graag gee, moet ook versigtig wees dat hulle nie hulle kinders die reg ontnem, om te kan gee nie. Die meeste ouers is reeds besig om hulle kinders betroubaar groot te maak, sonder dat hulle dink aan "regte". Dit loop nie uit op perfekte sorg en opvoeding nie. Perfekte ouerleiding is nie moontlik nie. Dit is 'n paradoksale doelwit: Persone wat so hoog mik, forseer hulleself en die ander (die kind) in 'n onhoudbare posisie (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:20).

Boszormenyi-Nagy beskou die volgende standpunte oor reg en regverdigheid van besondere belang. Eerstens: 'n Kind het die reg om iets aan sy of haar ouers te gee. Tweedens: 'n

Persoon verkry reg deur ander mense te versorg of deur op 'n minder direkte manier by te dra om die betroubaarheid van die menslike wêreld te verhoog. Dit geld ook wanneer 'n persoon min geleentheid gekry het as kind. Derdens: 'n Kind gee steeds vertrouwe, selfs wanneer hy of sy deur die ouer(s) minder betroubaar behandel word. Dit is egter nie eindeloos nie. Die “reservoir” van vertrouwe wat 'n kind het, is beperk en dit kan uitgebuit word.

'n Kind wie se reg, om betroubaar groot te word, nie erken word nie, kan meer reg verdien deur betroubaarheid en erkenning te ontvang. Omdat hierdie kind hierdie reg nie oral kan opeis nie, bou hy of sy 'n destruktiewe reg. Hierdie destruktiewe reg kan beskou word as die reg om ander te wantrou en soveel as moontlik uit die lewe te neem. 'n Persoon eis in die eerste plek nie van ouers nie (lojaliteit), maar van lewensmaats, kinders, onbekende derde partye, die samelewing, God. Die onreg van hierdie optrede, aan so 'n derde party, word gewoonlik nie deur die persoon self gesien nie. Die verskynsel word “draaibank” of “revolving slate” genoem. Wanneer 'n kind groot word in 'n wêreld van valsheid en wantroue, is die kans goed dat hy of sy sal probeer bewys dat die wêreld nie goed is nie. In 'n sekere sin het hy of sy 'n vernietigende reg vir hierdie doel. Wanneer 'n persoon homself daarvan weerhou om sy of haar vernietigende geregtigheid uit te leef, omdat hy of sy besef dat dit onreg sal wees teenoor 'n ander, verkry hy of sy opbouende reg. 'n Persoon wat die reg van 'n ander inagneem, ontvang indirek (Meulink-Korf, & Van Rhijn,2016:21).

Boszormenyi-Nagy gebruik die metafoer: “grootboek”, vir 'n intergenerasionele lêer wat verdienste en laste tussen persone bevat. Dit is 'n balans van krediete (meriete) en debiete (verpligtinge). Dit is 'n onbeperkte balans van gee en ontvang. Van geslag tot geslag word familie en sosiale verpligtinge, kostes en meriete neer geskryf. Omdat elke persoon ontvang en gee, word 'n persoon in die intergenerasionele grootboek ingeskryf. Dit is 'n dinamiese balans wat die hele tyd in beweging is. Baie volwassenes is hulle hele lewe betrokke by hierdie dinamika, beide interpersoonlik en intra-persoonlik. Wie in die loop van sy of haar lewe die geleentheid kry om omgekeerde sorg te gee vir familieledes op 'n bejaarde ouderdom, verdien die reg om verhoudings buite die direkte kring van die familie te betree, sonder om as dislojaal beskou te word. Dit is 'n beginpunt vir differensiasie en individualiteit. Lojaliteit en individualiteit staan nie teenoor mekaar nie, maar is dialekties verwant. 'n Mens groei in individualiteit deur sigbare verpligtinge sigbaar te vereer, en in hierdie individualisering is 'n persoon lojaal. Lojaliteit is nie die herhaling van die gedrag van die vorige generasie nie (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:22).

'n Kind is belangrik en hy of sy moet erken word. 'n Kind is selfgeldend in beide gee en ontvang, en dit is belangrik dat dit deur ouers erken word. Hierdie aanspraak en die erkenning daarvan help 'n kind om sy of haar eie keuses te kan maak. Dit word konstruktiewe reg genoem. Wat gebeur wanneer 'n kind nie genoeg erkenning kry nie? Boszormenyi-Nagy se teorie van "ontvang deur te gee" dui daarop dat die sigbare gewer, wat direk aan 'n ander gee, ontvang ook indirek as die ander nie kan terugbetaal nie. Die gewer ontvang die geleentheid om deur middel van konstruktiewe reg sy of haar eie toekoms op hulle eie manier te konstrueer, of om vry van skuld te wees. Deur te gee, kan jy die vryheid hê om jou eie pad te volg. Die erkenning van 'n persoon se bydraes is belangrik en verrykend. Balans is nie simmetries in gee en ontvang of ontvang en gee nie. Om te kan gee, motiveer 'n mens meer en meer. Die opbou van jou eie bestaan is miskien selfs moeiliker wanneer 'n persoon te kort gedoen is in sy of haar gee as kind, as wanneer hierdie persoon te min as kind ontvang het. 'n Kind het alle reg om betroubare sorg te ontvang en verdien erkenning vir sy of haar bydraes. Daar is 'n regverdige asimmetrie in die verhouding tussen die jong kind en die ouer (Meulink-Korf, & Van Rhijn,2016:23).

3.2.5.3 LEGAAT

Legaat is die etiese verpligting om dit wat 'n persoon geerf het van vorige generasies, te sif en te integreer in die hede sodat dit 'n positiewe bydrae kan lewer tot volgende generasies. Legaat kan beskryf word as 'n brug-funksie tussen verlede, hede en toekoms (Botha,2014:38). Legaat is verwant aan lojaliteit en reg. Die ervarings en tradisies van elke generasie dra by tot hierdie leerproses. Legaat is nie dieselfde as die psigologiese konsep van afvaardiging nie. Afvaardiging is wanneer 'n kind sekere take (verpligtinge of pligte) in die lewe ontvang wat deur die ouers opgelê word; byvoorbeeld om 'n dokter te word, om suksesvol te wees in musiek of om die familiebesigheid voort te sit. Kinders kry swaar as die bevele in stryd is met hul vermoëns, of as 'n werk 'n konflik van lojaliteit skep, of as daar verskeie teenstrydige opdragte is. Wanneer dit gebeur is afvaardiging 'n negatiewe nalatenskap (Meulink-Korf, & Van Rhijn,2016:24). Die oortuiging van die ouers weeg swaarder as die van die kind. Die oortuiging word dan ervaar as 'n verpligting om na te kom en so word die belange van die kind op die agtergrond geskuif. Die teenpool van 'n legaat is de-legaat (Botha,2014:38).

Kinders word groot en ouers maak hulle kinders groot binne die konteks van 'n sekere gemeenskap. Sekere fokusse is belangrik. Eerstens: Daar is 'n verband tussen aan die een kant, die kans dat kinders betroubaar grootword, en aan die ander kant die betroubaarheid of onbetroubaarheid wat hul ouers of voogde beleef in die samelewing, byvoorbeeld oorlog en armoede. Dit stel groot uitdagings en dikwels ontbreek die ondersteuning wat kinders nodig het. Tweedens: Nie-familie sosiale meriete, aanspreeklikhede en fooie dra ook by tot die dinamika van 'n intergenerasionele grootboek (Meulink-Korf, & Van Rhijn,2016:24). Byvoorbeeld 'n persoon se aktiewe deelname aan 'n weerstandsbeweging tydens die Tweede Wêreldoorlog. Hierdie persoon se tweeling broer, ook deel van die weerstandsbeweging, is gevange geneem en tereggestel. Albei word gesien as helde, maar hoe raak dit verhoudings by die huis tussen die oorlewende broer en sy vrou of tot sy ouers? Derdens: Waar vind 'n persoon die tekorte, die behoeftes, die probleme, die persoonlike begeertes? Dit sal waarskynlik tussen die lyne in die grootboek gevind word. Vierdens: Lojaliteit teenoor familie, in diverse situasies, hou verband met (gevoelens van) lojaliteit aan 'n etniese of godsdienstige of kulturele groep waarvan die gesin deel is, en met die kodes van daardie groep. Dit speel duidelik 'n rol in kleiner konflikte. Dit is minder sigbaar in situasies waar groeps grense onduidelik en vaag is. 'n Persoon moet dit in gedagte hou om 'n situasie te waardeer of te weeg. (Meulink-Korf, & Van Rhijn,2016:25).

Vir Boszormenyi-Nagy is die volgende faktore stremmend of bevorderlik: Biologies-erflike verwantskap en bloedverwantskap; 'n Gedeelde familiegeskiedenis en daarmee saam bates en laste vanuit vorige geslagte; Tradisies, norme en waardes, oortuiginge rondom regverdigheid soos dit ontvang is vanaf voorgeslagte. 'n Legaat word soos 'n aflosstokkie aangegee van een generasie na 'n volgende generasie. Die verwagting is dat dit aangegee sal word aan 'n volgende generasie (Botha,2014:37). Hierin kan groot vreugde en sekuriteit opgesluit lê, byvoorbeeld familie-tradisies.

Die inhoud van so 'n legaas met die gepaardgaande verwagting kan ook druk plaas en selfs as 'n las beleef word byvoorbeeld: kinders wat aangeneem word en grootgemaak word deur aanneem-ouers; kinders vanuit gebroke huwelike; kinders wat groot word in uiterse armoede; kinders wat gebore is in die hoogbloei van die apartheidera of wie se ouers deel was van die 1976 onluste of wat gebore is na die val van Apartheid. 'n Mens dink aan kinders wie se ouer opgesluit is in 'n gevangenis of kinders van alkoholiste of kinders wie nie weet wie hulle pa is nie. Dit alles moet 'n kind integreer in sy of haar netwerk. Hulle ontvang dikwels die

rekening wat vir die vorige geslag gegee moes word en word so letterlik kinders van die rekening.

Dit beteken egter nie dat hierdie kinders verdoem is en geen toekoms het nie. Vanuit 'n legaat kan 'n persoon ook leer en groei en verander. 'n Persoon kan met die oog op die toekoms en 'n volgende geslag regstellings maak. Om bewustelik hiermee om te gaan kan daartoe lei dat 'n volgende generasie, veranderend, vernuwend, selfs verontskuldigend kan omgaan met dit wat hulle van 'n vorige generasie ontvang het. Op hierdie wyse word die toekoms vir 'n volgende generasie versterk vanuit die verlede. 'n Legaat word dan gesien as die sleutel wat die deur na die toekoms oopsluit. Dit is die hart van die kontekstuele benadering van Boszormenyi-Nagy. Hy plaas groot klem op die toekoms en opeenvolgende generasies. Alles verloop nie net reg in 'n generasie nie. Hy fokus egter nie op die tekortkominge in verhoudinge nie. Hy is altyd gefokus op die belange van die ander. Hy soek eerder vir dit wat hoop gee...dit wat die toekoms kan oopsluit...die ongebore nageslag (Botha,2014:38).

3.2.5.4 MEERSYDIGE PARTYDIGHEID

Die houding en metode van 'n kontekstuele terapeut word meersydige partydigheid genoem. Die basiese konteks bestaan eerstens uit die multi-generasionele familie, waaraan selfs die dooies behoort, asook onderwysers, vriende en nog ander, uit die verhoudingswerklikheid van jou gesprekgenoot, waaraan hy of sy mag behoort. Die belangrikste vraag vir die terapeut is nie die vraag waar die grense van daardie partydigheid lê nie of wat die grense van die begrip "familie" is, maar die vraag waar my professionele verantwoordelikheid ernstig aangespreek word. Dit sluit in: maak jouself bewus van verhoudingsgevolge vir toekomstige generasies (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:111).

'n Terapeut in terapie toon partydigheid aan elkeen van die betrokke persone. Dit sluit in die onderlinge verhoudinge van die betrokke persone. As 'n terapeut iemand ondersteun sonder om te vra dat die persoon saamwerk, kom die terapeutiese proses tot 'n stilstand. Behalwe betrokkenheid, vereis hierdie houding 'n sekere afstand. 'n Terapeut moet bewustelik homself daarvan weerhou om hom of haar nie te identifiseer met een of meer van die persone betrokke nie (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:26). Daar word, tereg, baie klem gelê op die feit dat werklike hulp slegs moontlik is uit 'n bewustheid van jou eie tekortkominge. Jou eie tekortkominge maak dit soms moeilik omdat daar so baie situasies is waar 'n terapeut

probleme van sy of haar eie het, minstens net so ernstig as die persoon vir wie hy of sy berading gee. 'n Terapeut kan slegs meersydig partydig wees wanneer hy of sy hul betrokkenheid gebruik om te soek vir en gebruik te maak van die bronne van elkeen van hierdie persone, die bronne van vertroue in hierdie konteks (Meulink-Korf & Van Rhijn, 2016:111).

‘n Terapeut kan nie agter die stoel gaan staan van ‘n persoon en veroordelend of beskuldigend wees teen ander partye nie. Dit gaan om die skep van veilige ruimtes. Elkeen moet as subjek aan die woord kom – “You listen them into speech” (Botha, 2014:24). Die terapeut is bewus van die verskillende kwesbaarhede van elkeen in die familie. Elkeen se reg om te gee, word ondersoek. Nie net die vraag "Wat het jou pa vir jou beteken?" word gevra nie, maar ook, "Weet jy wat jy vir jou pa beteken het?"

Die kontekstuele benadering se waarde is ‘n universele een – dit is duur vir ‘n persoon om die basiese eksistensiële realiteit van sy of haar lewe te ontken. Waar kom ek vandaan? Wie is ek? Waarheen is ek op pad? Die terapeut is geen uitsondering op die reël nie. Hy of sy kan nie onbewus wees van die taak om sy of haar eie standpunt oor die vernaamste verhoudingsprioriteite van die lewe na te streef nie. Deur sy eie sleutelverhoudings te verken, vanuit ander mense se sienings, kry 'n terapeut 'n multilaterale perspektief op die gevolge van verhoudings. ‘n Multilaterale dialoog help ‘n persoon om sy eie eise te verklaar en om ag te gee op die aansprake van ander. ‘n Persoon leer om sy of haar identiteit of self te onderskei deur dialoog. Jy bepaal die waarde van jou self deur om te gee vir ander. Sonder ‘n multilaterale perspektief kan ‘n terapeut nie ‘n kliënt begelei tot ‘n lewensvatbare verhouding wat gebaseer is op die betroubaarheid van billike gee en ontvang nie (Boszormenyi-Nagy & Krasner, 1986:12). Oorblywende hulpbronne word ontdek in ‘n hegte verhouding. Die konsepte en ondervinding lei mense na onbenutte, betroubare “reservoirs”, dikwels presies daardie tye wanneer lang periodes van wantroue voortduur en die waarde van enige nuwe poging van 'n familielid bevraagteken word. Kontekstuele terapeute werk vanuit 'n empiries afgeleide oortuiging dat daar 'n universele geldige realiteit in die orde van bestaan is.

Kontekstuele terapeute integreer ‘n familie se definisie van hulle probleme in ‘n terapeutiese plan. Die terapeut moet kyk en luister volgens wat hulle by die familieledede hoor - na hulle eie terme luister. Mense beskryf, in hulle eie woorde, hulle inter-persoonlike konflik, eksistensiële en psigologiese bronne van pyn. Hulle vra erkenning van die luisteraar, ‘n

legimiteit van die geldigheid van die swaar of pyn van hulle verlede en die hede. Die terapeut moet respekvol wees teenoor wat gesê of aangebied word. Die terapeut se kapasiteit om respekvol op te tree word soms gekneus, deur die mens se universele dringendheid om te blameer. 'n Terapeut se vermoë om erkenning van mense se lyding te verkry, moet skerp onderskei word van die strategiese samevoeging of sameswering van een familielid teenoor 'n ander. Hierdie sameswering is 'n hooplose posisie as gevolg van diep loyaliteite wat familieledede aan mekaar verbind. Dit is veral moeilik by molestering van kinders - Verkragter vs verkragte (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:13). Vanuit 'n kontekstuele perspektief kan 'n terapeut dit nie bekostig om by familieledede aan te sluit om mekaar te diskwalifiseer deur die manipulerende meganisme om mekaar skuld te gee nie. Die gebruik van kontekstuele terapie kom uit 'n wedersydse verbintenis en wedersydse aanspreeklikheid van die gesinslede – “Ons is saam hier in, hoe kan elkeen help?” (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:14).

Dit vra moed om 'n kliënt te konfronteer met pynlike ervarings en verantwoordelikhede. Die terapeut toon empatie en gee erkenning vir wat die kliënt gegee het en hoe sy of haar vertroue benadeel kon word. Dit is nie tegniek nie, maar daad van betrokkenheid wat van die terapeut nodig is. Dit sluit in die ondersoek na familie nalatenskappe, verkenning van versteekte loyaliteit en die balansstate van gee en ontvang. Die doel is om 'n dialoog te begin, om ander te akkomodeer en om op te staan vir jou posisie en begeertes (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:26). Kontekstuele pastoraat se doel is om houdings en gedrag te ondersteun en by te dra tot die welwese van alle betrokke partye, of hulle teenwoordig is in die spreekkamer of nie. Dit funksioneer vanuit 'n kontrak wat terapeutiese aanspreeklikheid aanbied, dat familieledede dit vir mekaar kan aanbied. Aanspreeklikheid tot die ander vereis dat jy ook jou eie kant moet definieer en laat geld. Die wedersydse gee en ontvang tussen persone vorm die etiese basis van verhouding wat gesien word as dialoog (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:14). Terapeute beskou en behandel familieledede as voornemende bronne van reserwe verhoudingsenergie, selfs diegene wie se gedrag beskryf word as 'n "monster". Suksesvolle ouerskap vereis stabiele verwantskap tussen volwassenes wat hul eie hulpbronne sowel as hul probleme kan identifiseer. Hierdie bronne kan tussen gesinslede wees of in die saamgestelde gesin. Kontekstuele terapie probeer om mense te help om multilaterale verantwoordelike oplossings te ontdek en te bou. Terapeutiese hulp wat die gevolge van een persoon se werklikheid op 'n ander persoon oorweeg, sowel as die legimiteit van selfbeheersing en respek, is tot voordeel van almal (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:18).

“Die opheffing van skuld” behels ‘n proses van ‘n volwassene met betrekking tot sy of haar eie ouer(s). Baie rekeninge word oorgedra na onskuldige derde partye (lewensmaat, kind, ander), wat tot nuwe onregte lei. Soms blameer die beseerde homself. Die vraag is: Waarom is die ou rekeninge nie betaal deur die grootouer(s) of ouer(s) nie? ‘n Bespreking hieroor in die oorspronklike verhouding tussen volwassenes en hul ouers word nie altyd toegelaat nie en dit is nie altyd moontlik nie vanweë die feit dat die ouer(s) gesterf het. Dan is die opheffing van skuld die enigste pad vorentoe. Hierdie proses word ontheffing of eksonerasie genoem. Die gevolg van hierdie proses is dat die persoon vryer leef en ander toekomstige verhoudings word hierdeur bevoordeel. Dit is veral die kinders van die volgende generasie wat voordeel trek uit die huidige terapie (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:26).

Kontekstuele terapeute werk nie net met families en paartjies nie. Hierdie benadering word ook gebruik in individuele terapie. Individuele terapie met 'n jong kind moet in die teenwoordigheid van ouers of ander verantwoordelike volwassenes gebeur. Die rede hiervoor lê in lojaliteitsdinamika: 'n kind in individuele terapie kan die indruk kry dat die terapeut baie gawer is of meer begrip het as sy of haar eie moeder of vader. Dit kan lei tot skuldgevoelens en onnodige verwarring in die kind. 'n Kind mag nie (eksplisiet of implisiet) dislojaal aan 'n ouer(s) gemaak word nie. Respek, aan die kant van die terapeut, vir die afwesige, veral vir (oorlede) ouers, is altyd belangrik.

Verbindende taalgebruik is belangrik. Dit is relasionele taal wat nie afbreek en verwerp nie, maar verbind. Dit stel ‘n persoon in staat om brose en pynlike gebeure aan te spreek. Persone begin om mekaar se menslikheid en broosheid te sien (Botha,2014:27). Dit is nie truuks of toertjies nie, maar vorm gelyktydig 'n houding en metode (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:26).

Nog ‘n hulpmiddel is ‘n sosio-genogram, ‘n stamboom van minstens drie generasies waarin feite (name, datums, siekte, beroep, kerk, geboorteplek) gelys word. Belangrike ander persone, buite die familie, kan ook bygevoeg word. Die teken van 'n sosio-genogram is nie 'n gekrabbel nie, maar 'n proses van refleksie en geduld. Aandag word gegee aan die geskiedenis wat verder gaan as die kliënt se biografie. 'n Genogram gee 'n sekere objektiwiteit en skep ‘n ruimte van veiligheid. Soms word gebeure, deur die verhaal van ‘n ander, in 'n nuwe perspektief belig. Dit dra by tot die vermeerdering van storielyne (Meulink-

Korf & Van Rhijn,2016:27). 'n Sosio-genogram skep ruimte vir ander; om persone nie te noem nie en uit te laat, kan 'n stille vorm wees van (onsigbare) lojaliteit. 'n Terapeut sal oor 'n genogram praat op 'n wyse wat nie die kliënt dislojaal maak nie, maar verdere dialoog sal bevorder, nie net met die berader nie, maar veral tussen die ander persone. Dit skep hoop en verwagtinge oor die toekoms (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:28).

3.2.6 DIALOOG

Dialoog is die voortdurende soeke na regverdigheid en geregtigheid tussen individue (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:15). Dit is om te leer luister na die stem van die ander, waar dit eerlik uitgespreek word. Dialoog het ten doel dat persone mekaar as subjekte sal hanteer. Die individualiteit van die ander persoon word erken en gehandhaaf in die ontmoeting. Oor 'n lang periode hang die kwaliteit van hegte verhoudings af van ware dialoog. Ware dialoog is afhanklik van die wederkerigheid van verantwoordelike omgee. 'n Terapeut kan fokus op die sigbare manifestasies van hegte verhoudings of op die dieper strukture van verhoudinge. In kontekstuele werk is dit belangrik om te weet wat die kenmerke van hierdie diepliggende strukture is. Daar is drie aspekte van dialoog wat innerlike riglyne verteenwoordig vir hulpbronne van verhoudings, naamlik: **polarisasie, simmetrie en asimmetrie en inklusiewe regverdige multilateraliteit** (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:73). Hierdie drie aspekte help met die vorming en volhoubaarheid van verhoudinge. Kontekstuele terapie fokus op die innerlike struktuur van 'n betroubare verhouding. Dit is gebaseer op regverdigheid. Die gehalte van goeie verhoudings hang af van die verhoudings realiteit van relasionele etiek. Wantroue breek verhoudings (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:74).

3.2.6.1 POLARISASIE: DIE DIALOOG TUSSEN SELF.

Hierdie aspek van ware dialoog bied twee belangrike opsies vir individualiteit of persoonlikheidsvorming deur die wedersydse definisie van andersheid. Die een is selfafbakening: Die gebruik van verhoudings om 'n mens se self te definieer teenoor die ander as basis. Die ander opsie is selfbevestiging: Die bevestiging van selfwaarde deur middel van reg wat verdien word deur behoorlike sorg te bied (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:75). Kontekstueel is individualiteit 'n verhoudingsproses. Omgekeerd kan verhoudings net behoorlik verstaan word indien behoorlike erkenning aan die belangrikheid

van individuele inspanning gegee word. Vanuit 'n kontekstuele perspektief is selfs die biologiese aspekte van 'n mens se vorming om te ontwikkel relasioneel. Daaropvolgende geslagte is in dialoog met mekaar, selfs al kan die dialoog nooit gesproke wees nie (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:75).

3.2.6.1.1 SELFAFBAKENING

Lewers in 'n persoon se lewe moet hy of sy tot terme kom met die afbakening van 'n unieke self, een wat apart is van die wêreld en van ander self. In die proses sal 'n persoon se lewe persoonlike betekenis ontwikkel wat spesifiek sy eie is. Persoonlike identiteit word beïnvloed deur veranderende omstandighede, soos om gebore te wees aan liefdevolle, versorgende ouers, sowel as deur geslag, godsdiens en ras (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:75). 'n Persoon se agtergrond en betekenisvolle verhoudinge help hom of haar tot sinvolle identiteit.

Polarisasie beteken wedersydse individualiteit deur die bestaan van andersheid. Stereotipe begrippe van 'n onafhanklike en outonome self stel die self voor asof dit afsonderlik van die dialoog van die verhouding is. Die gevolg is dat sorg, simpatie en emosionele interafhanklikheid beskou word as inmenging met die vryheid van individualiteit. Soos die een self 'n teenstelling vir die ander word, vereis 'n relasionele dialoog implisiete en eksplisiete rekeningkunde van krediete en debiete. In die eerste plek word individualisasie tussen twee of meer mense gekenmerk deur 'n aspek van polarisasie tussen die self en die ander. Vanuit 'n psigologiese perspektief kom die gebeurtenis van geboorte, ervarings van skeiding en individuele groei in die self se wese en wording en definieer sy vooruitsigte om die betekenis van die lewe te ervaar. Uit 'n transaksionele perspektief ontwikkel die vooruitsigte om te gee en te ontvang (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:76). Uit 'n etiese perspektief ontwikkel die moontlikhede vir regverdigde dialoog en ware sorg.

Individualisasie is altyd gekoppel aan 'n gevoel van verlies. 'n Lewensmaat se ontwikkeling en groei veroorsaak vrese van verlating. Hierdie vrese word sigbaar in indirekte, onsigbare lojaliteit. Kontekstuele terapie voeg egter 'n sentrifugale, 'n ander-gerigte besorgdheid by die oorweging van individualiteit. Ware outonomie lê in 'n persoon se vermoë om die gevolge van 'n verhouding vir die lewensmaat sowel as sy of haar eie te oorweeg. 'n Sentrifugale houding is veral gepas as 'n mens se lewensmaat kwesbaar is weens gesondheid of ouderdom (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:77).

3.2.6.1.2 SELFBEVESTIGING

Deur die versorging van 'n lewensmaat, verbeter persone hulle eie waarde en verdienste. Selfbevestiging beïnvloed dus die balans van verhoudingseise en -verpligtinge (Boszormenyi-Nagy & Krasner, 1986:77). Verantwoordelike ouerskap is die mees voor die handliggendste illustrasie van sentrifugale, ander-gerigte kommer. Die vermoë om om te gee vir ander mense is nie net beperk tot ouers nie, maar is ook 'n kenmerk van baie jong kinders. 'n Kind wie se bydraes tot die welsyn van sy of haar ouers erken en herken word, sal leer om konstruktiewe reg te verdien. Omgekeerd ly kinders as hulle natuurlike omgee gemanipuleer word deur die vernietigende eienskappe van chroniese parentifikasie. 'n Ouer kan 'n kind se sorg vir hom of haar misbruik eerder as om 'n konstruktiewe bydrae te maak tot die kind se outonome individualiteit.

Die behoefte aan omgee vir ander help 'n persoon se keuse om selfbevestiging te kies deur sorg te bied. As die ander se behoeftes en regte nie in ag geneem word nie, ontbreek 'n betroubare kriterium vir wat hulle verkuldig is in die konteks van hulle relasionele grootboeke (Boszormenyi-Nagy & Krasner, 1986:78). Opregte sorg vir die behoeftes en regte van ander dra by tot die eie waarde en reg. Dialoog verswak wanneer vennote gemanipuleer word in die rol van die skuldige. Familielede kry 'n gunstige selfdefinisie teenoor die teiken wat hulle aanval. Die sondebok se bydrae tot hulle welsyn word egter nie erken nie. Blamering kan die blameerder beskerm teen die nuanses van sy of haar eie aanspreeklikheid. Soms is dit makliker om ons eie onvolmaakthede op iemand anders te projekteer. Die sondebok word onregverdig gedwing om verantwoordelikheid vir iemand anders se laste te neem - parentifikasie. Gesplete lojaliteit verteenwoordig gewoonlik 'n uiterste in ouerlike verwagtinge van volmaaktheid. Die kind, vasgevang tussen twee ouers se teenstrydige eise, word selde gekrediteer vir sy of haar positiewe bydraes tot die familie. By destruktiewe parentifikasie verbeur ouers hulle opsie vir selfbevestiging deur verdiende reg en verloor hulle basis in die soeke na hul eie onafhanklikheid (Boszormenyi-Nagy & Krasner, 1986:79).

Die beskikbaarheid van die opsies van selfafbakening en selfbevestiging is belangrike aspekte van relasionele vertrouwe. Hulle is boustene vir die gehalte van egte verhoudings. Inmenging met enige opsie verlaag die kwaliteit van die dialoog (Boszormenyi-Nagy & Krasner, 1986:80). Hegte verhoudings word die laboratorium vir die vorming van die

nageslag se persoonlikheid. Die gevolge van die ouers se verhoudingsintegriteit of hul gebrek aan integriteit beïnvloed die nageslag se kans op vertroue en om selfwaarde te verdien (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:81).

3.2.6.2 SIMMETRIE VERSUS ASIMMETRIE

Simmetriese en asimmetriese verantwoordelikheid in verhouding verteenwoordig 'n kontekstuele beperking vir gelykheid tussen vennote. Hoe meer asimmetries 'n verhouding is, hoe meer is die balans van vereistes ongelyk. Dieselfde geld vir die regverdige gee-en-ontvang tussen vennote (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:81). Simmetriese verhoudings is inherent wederkerig. Om simmetriese verhoudings betroubaar te hou, sal eweknieë van mekaar verwag om in ongeveer gelyke mate terug te ontvang wat hulle gegee het. Asimmetriese verhoudings is beperk in hul wederkerigheid. Ouers kan nie verwag om in gelyke mate te ontvang van wat hulle aan hulle jong kinders gee nie.

Die konsep van verdiende reg deur die aanbod van behoorlike sorg en transgenerasionele verpligtinge kan help om kompenserende hulpbronne in asimmetriese verhoudings te verlig. Hier het ons 'n interne beloning wat 'n ouer vergoed om vir hom of haar kind die beste te doen, selfs wanneer geen sigbare erkenning of wedersydse sorg in ruil daarvoor verwag kan word nie. Daar is 'n mate van wederkerigheid verskuldig vanaf die kind na die ouer, maar dit kan slegs gedeeltelik wees. Die opsie om reg te verdien, verminder teen die asimmetriese aard van intergenerasionele saldo's van verwagtinge van gee en ontvang (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:82). Ter wille van hulle eie toekomstige reg, word kinders gedwing om transgenerasionele nalatenskapverwagtinge te vervul. Onder die mees ingrypende hiervan is die verpligting om te sorg vir bejaarde en siek ouers.

Dit is nie kompulsiewe, oombliklike balansering nie, maar 'n verantwoordelikheid vir periodieke evaluering van billike terugbetaling. As 'n verwante vennoot voortdurend versuim om te gee sal 'n verhouding sy betroubaarheid mettertyd verloor. In simmetriese verhoudings, op 'n gegewe punt langs die pad, kan die vennoot ongeskik wees vir sy regverdige betaling. 'n Poging sal aangewend word om regverdigheid te herstel. Nuwe hulpbronne vir die verhouding kan ontdek word. Aan die ander kant, kan pogings om regverdige balanse te herstel, misluk; die verhouding kan patogenies word en opbreek (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:83).

Wat is regverdig tussen vennote? Hoe kan konflik eise regverdig gebalanseer word tussen twee persone wanneer een van hulle nie kan teruggee in gelyke dele van wat hy of sy ontvang het nie? Selfs in asimmetriese verhoudings word gesoek na 'n breër basis van regverdige omgee. Hoe meer die ouer in staat is tot regverdigheid, hoe meer waarskynlik is sy of haar kind regverdig. Hoe meer ontvanklik die ouer is dat kinders nie ouerlike beleggings in gelyke dele kan terugbetaal nie, hoe groter is die kans dat volwasse kinders 'n gedeeltelike opbrengs bied. 'n Regverdige verdeling van laste en voordele tussen ouers en kinders hang af van twee fundamentele faktore: (1) saldo's tussen die selfdienende belange van die vennote, en (2) die balans tussen egoïsme en behoorlike oorweging van die ander binne elke verwante individu (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:84).

Intergenerasionele verhoudinge is asimmetries. 'n Ouer-kind verhouding kan nie verlaag word tot een van eenvoudige vriendskap nie. Aan die ander kant het ouer-kind verhoudings ook simmetriese opsies. Kinders mag belange ontwikkel, soos lees of sport, waarin hul ouers mag deelneem. Die volwassene wat hierdie asimmetrie ignoreer, betree die gebied van parentifikasie. In asimmetrie is die skaal van regverdigheid ongelyk. Ouers moet besorgd wees oor die gevolge van sy of haar gedrag op hulle kind se welsyn (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:85).

3.2.6.3 INKLUSIEWE REGVERDIGE MULTILATERALITEIT

Hierdie aspek van verhouding, die omvang van wedersydse omgee dui op die mate van betroubaarheid in die relasionele konteks. Die term "inklusiewe" beteken die in agneming van die regverdiging en aanspreeklikheid van alle kante op 'n deurlopende basis (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:88). Die regverdigheid van enige grootboek van gee-en-ontvang omsluit die oorweging van verbintenis deur gevolge en insluiting van almal wat geraak gaan word. Grootboeke van regverdigbaarheid is onderling verbind. Byvoorbeeld, ouers se regverdigheid vir mekaar bou huweliksbetroubaarheid; maar die belangrikste gevolge daarvan word getoon deur hul kinders se verbeterde lewenstyl.

Die insluiting van alle familieledede, selfs diegene wat oënskynlik irrelevant of afgesny is, kom voort uit die oortuiging dat mense voordeel trek uit die verantwoordelikheid om hulle verhoudings in die gesig te staar. Die behoefte van lewensmaats aan polarisering is die basis

van elke individu se behoefte om sy of haar relasionele waarde te bewys. Die individu se vermoë om relasionele verdienste te verdien, of sy kans om sy selfbevestiging te verhoog, word bepaal deur die mate waarin die gevolge vir die nageslag regverdigbaar is (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:89).

In kontekstuele werk word hegte verhoudings gesien vanuit sentripetale en sentrifugale uitgangspunte. Eerstens word verhouding gedefinieer vanuit die perspektief van die self as die verwysing, met die vennoot wat as 'n potensiële bron van bevrediging vir die self se behoefte dien. Tweedens word die verhouding gedefinieer vanuit die perspektief van die ander as die verwysing, met die self wat gesien word as die doel van die ander. Egte dialoog gaan egter na die "tussenin". Hier is twee mense voortdurend betrokke by wedersydse sentripetale uitruilings wat ons as selfafbakening en selfbevestiging karakteriseer. Selfbevestiging, gewortel in die soeke na geregtigheid, spreek die legitimiteit van elke vennoot se aansprake vir homself in, maar in ooreenstemming met die bepalings van die ander. Relasionele eise word gebaseer op elke persoon se reg tot afstand en intimiteit (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:90).

Botsende regverdigings tussen volwasse kinders en hul siek of verouderende ouers hou verband met die botsing van belange tussen selfdiens en wedersydse aanspreeklikheid. Die ouers se behoefte aan selfafbakening kan in stryd wees met sy of haar kans vir regverdige selfbevestiging. In watter mate moet kinders beskerm word en van wat? In hoeverre is mense verplig om hul verantwoordbare strewe na persoonlike bevrediging op te offer aan die eise vir ouerlike aanspreeklikhede? (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:91).

Kontekstuele werk beklemtoon natuurlik die etiese prioriteit van die jong kind se inherente reg. Hierdie klem ontken nie die eise van volwasse portuurgroepe nie. Dit beteken om die kind se werklikheid aan te spreek en om standpunte van volwasse outonomie en huwelik uit te daag wat kinders onbelangrik wil maak. Asimmetriese verhoudings is altyd triadies, wat in die belang van die swakker vennoot optree (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:92).

‘n Familielid mag 'n ongelyke las uit sy of haar omstandighede dra, eerder as vanweë 'n ander lid se optrede. 'n Breinbeseerde kind plaas ‘n onvermydelike las op familieledede. Hulle word almal geraak deur omstandighede waaraan niemand ‘n aandeel aan het nie. Tog is die regverdige verdeling van die las, hulle verantwoordelikheid (Boszormenyi-Nagy &

Krasner,1986:92). Ongelykheid in die gesinslede se bereidwilligheid om verantwoordelikheid te deel, lei tot die vraag van regverdige geregtigheid (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:93).

‘n Gebrek aan moed en dissipline kan mense onwillig maak om hulle eie terme vir wederkerige aanspreeklikheid te definieer. Die bedreiging van verlies en vrees vir verlating is intens en word vererger deur verwagtinge van negatiewe reaksie. Gevolglik word die proses om wedersydse aanspreeklikheid in assimetriese verhoudings te definieer altyd geassosieer met ten minste twee hoofgroepe vrae: (1) In watter mate moet opbrengs op ‘n belegging in 'n persoon van hom of haar afkomstig wees? (2) As ons 'n teruggee van "sorg ontvang" aan ander mense kan bied as diegene wat tot ons welsyn bygedra het, watter kriteria kan gebruik word om die toereikendheid van die terugbetaling te meet? Dit is duidelik dat die gee-en-ontvang tussen die geslagte nie beperk is tot ouer-kind verhoudings nie. Mense kan hulleself regverdig en reg verdien deur sorg in asimetriese verhoudings te bied. 'n Persoon wat versorging aangebied het, kan die erkenning waarop hy of sy geregtig is, vanaf ander persone aanvaar (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:93).

Onbewuste eise van selfbevestiging is geneig om jou lewensmaat op die verdediging te plaas. In wese kan hierdie eise eensydig selfverdedigende vorms aanneem: "Kyk hoeveel ek gely het, ek verdien beter" of "Dit is my besigheid as ek myself dood wil drink." Hier is 'n implisiete eis dat die "wêreld", dit wil sê enige toekomstige vennoot, sy spreker vergoed vir sy ellende. Aan die ander kant staan die persoon wie se eensydige houding nie ruimte bied vir selfafbakening nie. Hier is die "martelaar" wat homself kompulsief gee en tegnies niks vra nie (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:94).

3.3 DIALOOG OP PLAASLIKE VLAK ... IN GESPREK MET MARTIN BUBER

3.3.1 BIOGRAFIESE AGTERGROND

Martin Buber is in 1878 te Wene gebore in 'n Ortodokse Joodse familie. Na die egskeiding van sy ouers, toe hy drie jaar oud was, het sy moeder verdwyn en hom oorgelaat in die sorg van sy vader. Sy vader het hom na sy oupa in Hongarye geneem. Hy is deur sy oupa en ouma grootgemaak. Hulle was beide geleerde persone, maar nederig. Sy oupa, Salomo Buber, was 'n geleerde van Midrash en Rabbynse letterkunde. Buber kon as kind nie oor sy emosies praat

nie. Sy moeder se verdwyning was vir hom 'n pynlike ervaring. Dit wat tussen sy vader en moeder gebeur het, is nooit voor hom bespreek nie. Toe hy vier jaar oud was, besef hy die finaliteit van sy moeder se verdwyning toe sy buurdogter hom op die balkon herinner: “*No, she will never come back.*”. Buber kon nooit vrae vra oor sy moeder nie. Dit het vir hom gevoel asof sy bestaan ontken is. Dit wat op die balkon gebeur het, beskryf hy as 'n “mis-ontmoeting” – die mislukking van 'n ware ontmoeting tussen twee mense. Hy skryf 'n boek met die titel *The hour on the balcony*.

Buber maak kennis met Hasidisme (*chassidisme-chesed*). Dit is 'n Joodse beweging in die 18de eeu. Dit ontstaan onder arm Jode. Buber was 'n leerling en tolk van die Hasidiese leer. Hy beskou Hasidisme as 'n bron van kulturele vernuwing vir die Judaïsme. Die Hasidiese ideaal beklemtoon 'n lewe wat geleef word in die onvoorwaardelike teenwoordigheid van God, waar daar geen duidelike skeiding tussen daaglikse gewoontes en godsdienstige ervaring was nie (Meulink-Korf,2018).

Buber beleef 'n persoonlike geloofskrisis wat daartoe lei dat hy met die Joodse godsdienstige gebruike breek. Hy begin om die werk van Immanuel Kant, Soren Kierkegaard en Friedrich Nietzsche te lees. Veral die laaste twee het hom geïnspireer om filosofie te studeer. In 1898 sluit hy by die Sionistiese beweging aan. In 1899 ontmoet hy sy toekomstige vrou, Paula Winkler, 'n briljante Katolieke skrywer, wat haar later tot Judaïsme bekeer. Twee kinders word gebore vanuit hulle verhouding – 'n seun en 'n dogter.

Buber het aanvanklik die Eerste Wêreldoorlog ondersteun. Hy help die Joodse Nasionale Komitee om die toestand van Oos-Europese Jode te verbeter. Hy word egter wakker geruk deurdat hy besef dat jongmense sterf oor die ideologië van ander. Buber ontdek dat die mens maklik geobjektiveer word tot 'n objek. Gedurende daardie periode word hy die redakteur van *Der Jude* ("Die Jood"). In 1923 skryf Buber sy beroemde werk oor dialogiese bestaan, *Ich und Du* (*I and Thou*). Alhoewel hy later die werk redigeer, weier hy om wesenlike veranderinge aan te bring. Sy werk het oor verskillende sake gehandel, waaronder godsdienstige bewussyn, moderniteit, die konsep van kwaad, etiek, opvoeding en Bybelse hermeneutiek. In 1925 begin hy, in samewerking met Franz Rosenzweig, die Hebreeuse Bybel in Duits vertaal. In 1930 word hy 'n ereprofessor aan die Universiteit van Frankfurt am Main. Toe Adolf Hitler in 1933 aan bewind kom, bedank Buber onmiddellik uit sy professoraat as protes. Op 4 Oktober 1933 het die Nazi-owerheid hom verbied om lesings te

gee. Hy stig daarna die Sentrale Kantoor vir Joodse Volwassenesonderwys, aangesien die Duitse regering Jode verbied het om openbare onderwys te gee. In 1938 vestig hy hom in Jerusalem. Hy ontvang 'n professoraat aan die Hebreeuse Universiteit en doseer antropologie en sosiologie.

Buber se lesings is in die boek *The problem of man (Das Problem des Menschen)* gepubliseer. In hierdie lesings bespreek hy die vraag "What is Man?". Dit het die sentrale tema in filosofiese antropologie geword. Hy het deelgeneem aan die bespreking van die probleme van die Jode in Palestina en die Arabiese vraagstuk - vanuit sy Bybelse, filosofiese en Hasidiese werk. Hy word 'n lid van die groep Ihud, wat gefokus het op 'n tweenasionale staat vir Arabiere en Jode in Palestina. In 1946 publiseer hy sy werk *Paths*, waarin hy sy kommunistiese sosialistiese sienings en sy teorie oor die dialooggemeenskap gebaseer op interpersoonlike dialogiese verhoudings verduidelik.

Na die Tweede Wêreldoorlog het Buber met lesingsreise na Europa en die Verenigde State begin. Buber het die etiket van "filosoof" of "teoloog" verwerp en beweer dat hy nie geïnteresseerd was in idees nie, maar slegs in persoonlike ervaring. Hy glo dat dat 'n mens nie oor God kan praat nie, maar slegs 'n verhouding met God kan hê. Hy was tien keer benoem vir die Nobelprys vir Letterkunde en sewe keer vir die Nobelprys vir Vrede. Buber is op 13 Junie 1965 in Jerusalem oorlede.

3.3.2 BESTAAN EN DIALOOG: "I-THOU" en "I-IT".

In sy boek *Ich und Du (I and Thou)* stel Buber sy werk oor menslike bestaan bekend. Buber werk met die uitgangspunt van bestaan as ontmoeting. Volgens Buber kan menslike bestaan gedefinieer word deur die manier waarop ons in gesprek is met mekaar, met die wêreld en met God (Martin Buber's *I and Thou*, 2019). Hy verduidelik hierdie filosofie met behulp van die woordpare "*Ich-Du*" ("*I-Thou*") en "*Ich-Es*" ("*I-It*"). Dit kategorieer die praktyk van bewussyn, interaksie en bestaan. 'n Persoon is te alle tye besig met die wêreld op een van hierdie maniere. Die generiese motief wat Buber gebruik om die dubbele vorme van bestaan te beskryf, is een van dialoog ("*I-Thou*") en monoloog ("*I-It*") (Kramer & Gawlick, 2003:39). "*I-Thou*" vind plaas in die teenswoordige tyd, terwyl "*I-It*" in die verlede en toekomstige tyd gebeur (Van Doorn, 2018). "*I-Thou*" dui op intersubjektiviteit en is die begin en oorsprong van menslike werklikheid. Die intersubjektiviteit – "*I-Thou*" - realiseer in die woord (hoef

nie altyd gesproke woord te wees nie). Die woord “*I-Thou*” is die subjek-subjek verhouding en “*I-It*” is die subjek-objek verhouding (Van Rhijn & Meulink-Korf,2001:157).

“*Ich-Du*” (“*I-Thou*” of “*I-You*”) is 'n verhouding wat die wedersydse, holistiese bestaan van twee wesens beklemtoon – ‘n subjek ontmoet ‘n subjek. Dit is 'n konkrete ontmoeting sonder enige kwalifikasie of objektivering van mekaar. Selfs verbeelding en idees speel nie 'n rol in hierdie verhouding nie. Buber wys daarop dat 'n “*I-Thou*”-verhouding geen samestelling het nie (struktuur) en geen inhoud kommunikeer nie (inligting). Daar is niks tussenin – geen vooropgestelde idees of kennis nie. Wanneer al die “tussen-in” wegval, begin die ontmoeting. Hierdie ware ontmoeting kan nie beplan word nie. In 'n “*I-Thou*”-ontmoeting is die dialoog direk (Botha,2014:61). Die kenmerk van hierdie situasie is een van ontmoeting: “I” (ek) ontmoet ‘n “Thou” (ander). Die ander persoon – “Thou” – is ‘n werklikheid en word aan my gegee, maar nie deur my begrens nie. “Thou” het geen perke nie (Buber,1923:vi). Die “Thou” kan nie nagmaak word nie, solank die “I” in verhouding bly met die “Thou”. Jy weet dit in die verhouding self (Buber,1923:vii). Woorde soos ontmoeting, dialoog, wedersydseheid en uitruiling word gebruik om die “*I-Thou*”-verhouding te beskryf. Wanneer 'n subjek as 'n objek ontleed word, is die subjek nie meer 'n subjek nie, maar word hy of sy 'n objek. Die subjek is nie meer 'n “Thou” nie, maar dit word 'n “It”. Dit is dan 'n “*I-It*”-verhouding (Martin Buber’s *I and Thou*,2019).

Daar is egter ‘n “Thou” wat nooit ‘n “It” sal word nie, naamlik die “ewige Ander” – God (Buber,1923:vii). Die “*I-You*”-verhouding tussen die individu en God ontstaan nie uit 'n “*I-It*”-verhouding nie, omdat God as die ewige “Thou” as 'n werklike wese teenwoordig is. 'n Belangrike “*I-Thou*”-verhouding is die verhouding wat tussen 'n mens en God kan bestaan. Buber glo dat dit die enigste manier is om interaksie met God te hê. Die verhouding tussen “I” en “Thou” tussen ‘n individu en God is 'n universele verhouding wat die grondslag vorm vir alle ander verhoudings. As die individu 'n regte “*I-Thou*”-verhouding met God het, moet die handeling van die individu in die wêreld gelei word deur daardie “*I-Thou*”-verhouding (Martin Buber’s *I and Thou*,2019). Om hierdie “*I-Thou*” verhouding met God te skep, moet 'n persoon oop wees vir die idee van so 'n verhouding, maar nie aktief daarna streef nie. Die strewe na so 'n verhouding sal 'n “*I-Thou*”-verhouding voorkom en dit tot “*I-It*” beperk. Buber beweer dat as ons oop is vir die “*I-Thou*”, God na ons toe kom in reaksie op ons verwelkoming. Omdat God geheel en al sonder eienskappe is, duur hierdie “*I-Thou*”

verhouding solank die individu dit wil hê. As die individu uiteindelik terugkeer na die “*I-It*” manier van kommunikasie, dien dit as 'n belemmering vir dieper verhouding en gemeenskap.

Die verhouding “*Ich-Es*” (“*I-It*”) is byna die teenoorgestelde van “*Ich-Du*” (“*I-Thou*”). In “*I-Thou*” ontmoet twee wesens mekaar, terwyl in 'n “*I-It*”-verhouding ontmoet die wesens nie. In die “*I-Thou*”-verhouding word die “*I*” met die “*Thou*” verenig, maar in die “*I-It*”-verhouding word die “*I*” losgemaak van of van die “*It*” geskei (Martin Buber’s *I and Thou*,2019). Die “*I*” konfronteer en vorm ‘n idee of konsep van die wese voor hom of haar en behandel dit as 'n objek. Alle objekte word slegs as verstandelike voorstellings gesien, wat deur die individuele verstand geskep en onderhou word. Hierdie objekte bestaan in die denke van die persoon slegs as gedagtes. Daarom is die “*I-It*”-verhouding in werklikheid 'n verhouding met jouself; dit is nie 'n dialoog nie, maar 'n monoloog. In die “*I-It*”-verhouding behandel 'n individu ander mense en dinge as objekte wat gebruik en ervaar moet word. Hierdie vorm van objektiwiteit hou verband met die wêreld in terme van die self - hoe 'n objek die individu se belang kan dien (Kramer & Gawlick,2003:39).

3.3.3 DIALOOG EN ETIEK

Buber (1990:233), 'n Joodse filosoof, besef as Jood dat dit nodig is om vanuit die verlede te stap na die hede. Dit volg na gesprekke met jong Duitsers wat niks met die grusame optrede van die verlede te doen gehad het nie. Daar was die behoefte om te kon praat oor dit wat gebeur het. In die proses om met mekaar te praat, word jy vry en ‘n nuwe mensdom staan op. Om dit te kan regkry, is dialoog nodig. Dit vra eerlike gesprekke met mekaar.

Ons moet leer luister na die stem van die ander persoon, waar dit onvervals uitgespreek word (Buber,1990:234). Buber maak die opmerking dat die besige geluid van die uur moet nie meer die ware mens, die mens wat 'n stem geword het, verdrink nie. Daar moet nie net na hierdie stem geluister word nie, dit moet beantwoord word – vanuit die monoloog tot die dialoog. Mense moet in gesprek tree met mekaar deur hulle ware menslike menswees. Dit beteken nie dat mense in alles met mekaar moet saamstem nie. Buber wys daarop dat vrede nie die afwesigheid van oorlog is nie. Hierdie vrede beteken nie dat dit wat die mens oorlog noem nie meer bestaan nie. Iets nuuts bestaan, groter en magtiger as oorlog. Hy gebruik die beeld dat in oorlog menslike hartstogte soos water in die see vloei, en die oorlog verwyder hulle soos dit wil, maar hierdie hartstogte moet in die groot vrede ingaan soos erts in die vuur

wat smelt en transformeer. Mense sal dan kragtiger met mekaar saamwerk as wat hulle mekaar ooit vernietig het (Buber,1990:235). Oorlog het nog altyd 'n teëstander gehad. Hierdie teëstander is spraak, vervulde spraak, 'n opregte gesprek waarin mense mekaar verstaan en tot wedersydse begrip kom. Oorlog begin wanneer gesprek stop; dit wil sê, wanneer mense nie meer in staat is om die onderwerpe onder dispuut met mekaar te bespreek of aan mediasie te onderwerp nie. Wanneer mense met mekaar praat, word die neiging om mekaar te verwerp, bevraagteken (Buber,1990:236). 'n Opregte gesprek is eerlik en direk in adres en antwoord. Mense sukkel om eerlik te praat, omdat hulle mekaar nie vertrou nie (Buber,1990:237). Die krisis van spraak is gekoppel aan hierdie verlies aan vertrou, want 'n mens kan slegs met iemand praat as jy van hom of haar verwag om jou woord as eg te aanvaar. Die hoop lê in eerlike dialoog. 'n Eerlike dialoog met mekaar. In 'n eerlike dialoog, selfs as jy teenoor mekaar staan, bevestig jy jou teenstander as 'n bestaande ander. Dit gee menswaardigheid aan ander (Buber,1990:238).

Wat hierdie gesprek egter bemoeilik, is die feit dat die menslike wêreld in twee kampe verdeel is. Elkeen kyk na die ander as die beliggaming van leuens en hulleself as die beliggaming van waarheid. Die gevolg is dat hulle mekaar ontken en veroordeel. Die persoon begin dink dat sy kant van die saak reg is en die ander verkeerd. Die gedagte is dat hy of sy bekommerd is oor die erkenning en verwesenliking van die reg, tewel sy of haar teenstander besig is met die maskering van selfsugtige belange. 'n Persoon begin dink dat hy of sy besig is met idees en die teenstander met ideologieë. Hierdie obsessie voed die wantroue tussen mense (Buber,1990:221). Eerlike dialoog, tussen mense van verskillende soorte en oortuigings, is belangrik. Dit veronderstel wedersydse respek en begrip. 'n Ooreenkoms hoef nie bereik te word nie. Die ander party moet aan die praat kom. Belangstelling en begrip vir wat die ander sê, is belangrik. Die wantroue tussen mense en in jouself moet oorkom word. Dit is belangrik om te beseef dat hierdie ontmoeting plaasvind onder die perspektief van onbetroubaarheid (Buber,1990:222). Die gevolg is dat mense maskers begin dra om hulleself te beskerm. In plaas van luister, probeer ons agter kom wat agter 'n persoon se woorde sit. Die idee van 'n ander word as 'n ideologie gesien. Om iemand te ontmasker en om deur hom of haar te kyk, word alles. Dit is nie 'n masker wat hy of sy aangehad het om my te mislei nie, maar 'n masker wat, sonder dat hy of sy dit geweet het, op hom of haar aangebring is (Buber,1990:223). Wantroue bevraagteken nie net die opregtheid en eerlikheid van die ander wat ter sprake is nie, maar ook die innerlike integriteit van die persoon self. Dit vernietig ook betroubare gesprekke tussen opponent en die samehorigheid

van mense (Buber,1990:224). Die mens het die behoefte aan erkenning. Wedersydse erkenning is belangrik; 'n erkenning van die uniekheid van elke persoon (Buber,1990:225). Wanneer erkenning ontbreek, soek mense dikwels hierdie erkenning in hulleself of by 'n groep aan wie hy of sy behoort. Dit vra egter 'n realistiese kyk na die werklikheid, 'n breër kyk. Dit is nie 'n blindelinge vertrouwe nie, maar om met oop oë na die werklikheid te kyk. 'n Kyk wat die ander se diversiteit en karakter raaksien, sonder enige vooropgestelde idees oor hierdie of daardie agtergrond, en met die bedoeling om hom of haar te aanvaar, te akkrediteer en te bevestig. Werklike dialoog is moontlik wanneer dit gebeur (Buber,1990:227).

3.3.4 SKULD EN SKULDGEVOELENS

Eksistensiële skuld vind plaas wanneer iemand 'n bevel van die menslike wêreld, wat hy erken as dié van sy eie, beskadig. Die skulddraer onthou dit oor en oor by homself. Hy probeer dit ontken, totdat die diepte van die eksistensiële skuld hom oorval (Buber,1998:116). As terapeut moet jy teruggaan na die plek waar die handeling van skuld plaasgevind het. Jy moet die plek besoek; jy moet "jou hand in die wonde van die ander persoon steek" (Buber,1998:117). Die fout wat gemaak kan word, is om skuld en skuldgevoelens te ontken of te verskraal (Buber,1998:119). Die moontlikheid om oor te begin word uitgewis. Dit is slegs die persoon wat die wond toegedien het, wat dit kan heel. Wanneer skuld erken word, bring dit heling.

Elke mens staan in 'n objektiewe verhouding tot ander. Die totaliteit van hierdie verhoudinge gee vorm aan sy of haar lewe as iemand wat deelneem aan die lewe. Dit is hierdie verhouding wat dit vir 'n persoon moontlik maak om sy of haar omgewing (*Umwelt*) in 'n wêreld (*Welt*) te verander. Dit is sy of haar aandeel in die menslike orde van wees, die aandeel waarvoor hy of sy verantwoordelikheid dra. 'n Objektiewe verhouding waarin twee mense teenoor mekaar staan, kan deur middel van die eksistensiële deelname van die twee tot 'n persoonlike verhouding groei: dit kan bloot verdra word; dit kan verwaarloos word; dit kan beseer word. Om 'n verhouding te beseer, beteken dat die mens se orde van wese op hierdie plek beseer word. Dit is slegs die persoon wat die wond toegedien het, wat dit kan genees (Buber,1998:122).

Buber (1998:123) wys daarop dat daar drie verskillende sferes is waarin die versoening van skuld vervul kan word. Hy fokus op die tweede sfeer. Die eerste sfeer is die Reg. Die reaksie begin by die bevel wat die reg plaas op die skuldige persoon volgens die wette van die samelewing. Dit gebeur deur die belydenis van skuld en word gevolg deur straf en vrywaring. Die derde sfeer is geloof. Dit gebeur in die belydenis van sonde, bekering en boetedoening. Die nadeel is dat dit in die geheim plaasvind, omdat dit tussen die skuldige en God gebeur. Die middelste of tweede sfeer is die sfeer van die gewete. Die aksie word ook vervul in drie gebeure, naamlik selfverligting, volharding en versoening.

Gewete beteken die vermoë en neiging van die mens om te onderskei tussen optrede in sy of haar verlede en toekomstige optrede wat goedgekeur of afgewys moet word. Optrede wat afgekeur word, skep sterk emosionele spanning, terwyl die goedkeuring van optrede uit die verlede soms skokkend gemaklik oorgaan tot twyfelagtige selftevredeheid. Die gewete kan dade, optrede van versuim, besluite, beelde en wense wat pas ontstaan het, onderskei en veroordeel. Die mens is 'n objek wat kan nadink, kan bevestig en veroordeel. Die inhoud van die gewete word beïnvloed deur die opdragte en verbod van die samelewing waaraan die persoon behoort, of dié van die geloofstradisie waaraan hy of sy gebonde is (Buber, 1998:124). 'n Skuldige persoon verstaan sy of haar oortreding as werklike eksistensiële skuld wat ontstaan vanuit sy of haar wese en waarvoor hy of sy nie verantwoordelikheid kan neem sonder om verantwoordelik te wees vir sy of haar verhouding tot sy of haar eie wese nie. 'n Groter gewete is nodig, een wat geheel en al persoonlik word, een wat nie wegstroom om dieper te kyk nie en wat reeds in vermaning die weg sien wat na vore kom. Dit beteken nie dat hierdie persoonlike gewete gereserveer is vir 'n soort spesiale mens nie. (Buber, 1998:125). Dit lei tot die drievoudige aksie van selfverligting, volharding en versoening. Tydens die proses van verligting is die persoon besig om sy of haar skuld en skuldgevoelens te verlig deur presies sy of haar aandeel in die skuld te ontdek en te erken – nie met spreiligte nie, maar met 'n breë en blywende liggolf. Hier is hy of sy met hom- en haarself in gesprek. Selfverligting lei tot die erkenning van skuld teenoor die benadeelde. Volharding is om eienaarskap te aanvaar van jou skuld, selfs al het jou lewe verander. Dit maak nie saak hoe hoog jou huidige lewe bo daardie skuld uitgestyg het nie. Versoening beteken dat ek op hierdie plek en volgens my vermoë, in 'n gegewe historiese en biografiese situasies, die orde van wese van hom wat deur my beseer is, herstel. Dit gebeur deur die verhouding van 'n aktiewe toewyding aan die wêreld. Die wonde van die orde van wese kan

op baie ander plekke genees as op die plekke waar hulle toegedien is. Hierdie eenheid moet beskerm word teen splitsing en teenstrydighede wat dit kan bedreig (Buber,1998:126).

Die gebeure van verligting kom ooreen op die vlak van die wet met die wettige skuldbelydenis, en op die geloofsvlak met die belydenis van sonde. Die belydenis van sonde word deur 'n persoon gespreek wanneer hy of sy, direk of indirek, versoening met God soek. Dit kan gebeur in die teenwoordigheid van die gemeenskap, soos op die Joodse Versoeningsdag, of om belydenis te fluister in die oor van die biegvader, of selfs in alleenwees voor die aangesig van God en tot Hom te praat. Die belydenis is altyd verwyderd van die publieke samelewing. God ontvang 'n persoon se belydenis, beantwoord dit en vergewe hom of haar. Belydenis van skuld (wetlik) beteken 'n dialoog met die verteenwoordigers van die samelewing wat volgens die strafwet as regters optree. In selfverligting waag 'n persoon dit om die diepte van skuld te verlig, wat hy of sy erken vir wat dit is, maar nog nie die wese en die betekenis daarvan vir sy of haar lewe verstaan nie. Dit kan op geen ander plek bereik word as in die afgrond van “Ek-met-my” nie. Dit is hierdie afgrond wat verlig moet word. Die verligting van die wese is in sy mees ware oomblik nie eens 'n monoloog nie, nog minder 'n werklike gesprek tussen 'n ego en 'n superego: alle toespraak is uitgeput. Sonder selfverligting het die wettige skuldbelydenis geen waarde in die innerlike lewe van die skuldige persoon nie, hoe swaar die gevolge daarvan ook mag wees, en die geloofsbelydenis is slegs 'n patetiese gepraat wat niemand hoor nie (Buber,1998:127).

Die mens is 'n wese wat in staat is om skuldig te raak en in staat is om sy skuld te verlig. Daar is 'n weerstand teen selfverligting. Die draer van eksistensiële skuld bly in die bewuste bestaan. Hierdie skuld kan nie onderdruk word tot die bewustelose nie. Dit bly in die spasie van herinnering wat op enige moment herroep kan word (Buber,1998:136). Selfverligting lei 'n persoon nie na 'n plek buite die wet nie, maar na die binnekant van die wet. 'n Persoon wat staan in die wet van die mens: die een wat skuld erken saam met die een wat skuld dra. Die harde verhoor van selfverligting word gevolg deur 'n nog harder verhoor van volharding in hierdie selfidentifikasie. Wat bedoel word, is 'n opregte en kalm volharding in die helderheid van die groot lig. As 'n persoon slegs skuldig was aan homself, sou hy of sy net hierdie een pad moes neem vanuit selfverligting, naamlik volharding. Maar 'n mens is altyd skuldig teenoor ander wesens, teenoor die wêreld, teenoor die persoon wat voor hom of haar bestaan. Vanuit selfverligting moet nie net een pad geneem word nie, maar twee paaie, waarvan die tweede dié van versoening is. Versoening word verstaan as 'n optrede van die gewete wat

ooreenstem met die wet as 'n daad van herstel. Dit beteken dat jy die ander persoon sal nader teenoor wie jy skuldig is, in die lig van jou selfverligting; jou eksistensiële skuld sal erken en hom of haar so ver as moontlik help om die gevolge van jou skuldige optrede te oorkom. So 'n daad kan slegs geld as versoening as dit nie gedoen is vanuit 'n voorafbeplande besluit nie, maar in die onbeperkte werking van die bestaan wat ek bereik het (Buber,1998:137). Dit kan slegs gebeur vanuit die kern van 'n getransformeerde verhouding tot die wêreld, 'n nuwe diens aan die wêreld met die hernude kragte van die nuwe mens (Buber,1998:138).

3.4 DIALOOG OP PLAASLIKE VLAK IN GESPREK MET EMMANUEL LEVINAS

3.4.1 BIOGRAFIESE AGTERGROND

Emmanuel Levinas is gebore in 1905 in die stad Kovno in Litauen in 'n welgestelde Joodse familie. Hy was die oudste van drie kinders, almal seuns. Sy vader het 'n klein boekwinkel gehad waar veral Russiese literatuur verkoop is. Tog het die gesin geensins geassimileer met die Christelike samelewing op die manier van sommige Joodse gesinne in die tyd toe die kennismaking met die kultuur daartoe gelei het dat die Joodse tradisie laat vaar is nie. Soos die ander min of meer welgestelde Jode in Litouwen gaan die Levinas-familie na die sinagoge en praat Russies. Die arm Jode word daarteenoor veral ateïsties en praat Jiddisj. Daar word met die kinders Russies gepraat om toegang tot die Russiese kultuur te vergemaklik. Hulle diensmeisie was christelik, maar die huishouding was kosjer en die Joodse feesdae was gevier. Kortom: die gesinskultuur was Joods.

Beide ouers verwag van hulle seuns om verder te studeer. Aan Emmanuel was dit geld wat goed gespandeer was. Dit is veral die aansporing van sy moeder, wat self goeie onderwys ontvang het en baie belanggestel het in literatuur, wat 'n groot invloed op sy intellektuele loopbaan gehad het (Van Rhijn & Meulink-Korf,2001:182). Russiese skrywers word vir Levinas belangrik, veral Poesjkin en Tolstoj. Die lesse in Tanakh en Hebreeus was vir hom net so 'n hoë prioriteit as die romanliteratuur. Die geskilpunte met die nie-intellektuele en meer mistiek gesinde Chassidim het egter lankal hul skerp kante verloor toe Levinas groot geword het. Hy het in sy eerste tien lewensjare min geweet van antisemitisme. Dit verander tydens die Eerste Wêreldoorlog. Die Duitse weermag het die Baltiese state ingeneem. Soos baie landsburgers van Kovno, vlug sy moeder met haar drie seuns. Toe die Duitsers Kovno in

die somer van 1915 inneem, sluit sy vader by hulle aan (Van Rhijn & Meulink-Korf,2001:183). Na vele omswerwinge kom die gesin terug na die Oekraïne. Levinas word op elfjarige ouderdom, na die dood van sy vader, toegelaat tot 'n Russiese skool in Charkov. Slegs 'n paar Joodse kinders kry toegang tot die skool. Hy beleef die Russiese revolusie in 1920. Hierdie gebeure en die antisemitisme maak dit vir hom en ander Jode baie moeilik.

In 1920 kom die Levinas-gesin terug na Litouwen. Hulle winkel en huis was vernietig. Hulle vind in Kovna, wat nou Kauna genoem word, 'n nuwe woon- en werkplek. In 1923 slaag hy sy eindexamen en verkry toegang tot 'n universiteit. Hy verhuis na Straatsburg en studeer aan die Duitse Straatsburgse Universiteit. Hy studeer tot 1928 aan die letterkunde fakulteit. Daarna begin hy met sy studie in filosofie (Van Rhijn & Meulink-Korf,2001:184). Levinas ontmoet 'n medestudent Maurice Blanchot, later 'n baie bekende letterkundige, en hulle vriendskap duur hulle hele lewe lank.

In 1927-1928, tydens sy studiejare, maak hy kennis met Husserl en fenomenologie. 'n Nuwe wêreld gaan vir hom oop en het 'n invloed op sy lewe (Van Rhijn & Meulink-Korf,2001:185). In 1932 trou hy met Raïssa Lévi, 'n pianis. Hulle vestig hulle in Parys. Hy word die administrateur van die Alliance Israélite Universelle. Hy sou vir drie-en-dertig jaar aan hierdie universiteit verbonde wees. Na die Tweede Wêreldoorlog word hy die direkteur van hierdie instutuu. In 1932 was hy administrateur vir die skole, studente en gepubliseerde artikels. In dié tyd gebruik hy die geleentheid om kontak te maak met kollegas in die filosofie. Levinas en sy vrou bly Russies praat. Drie kinders word gebore uit die huwelik. Hulle middelste kind, 'n dogterjie, het slegs 'n paar maande geleef.

Daar word geskryf dat Levinas se basiese lyne van sy denke reeds gevorm was as student: van 'n filosofiese metode wat die dialektiese totalitarisme verbreek het. Die temas van ontduiking, uittoeg, passiwiteit en geduld, is temas wat al hoe duideliker word in sy werk. Dit word weerspieël in sy daaropvolgende filosofiese publikasies sowel as in sy spesifieke Joodse geskrifte. Hierdie waarneming is belangrik, want mense is geneig om Levinas se werk te verklaar (te verminder) vanuit sy ervarings in die Tweede Wêreldoorlog. Ten onregte. Die toewyding, die verbondenheid met die lot van sy mense, sy gesin en ook van homself, is iets anders, nie 'n produk van 'n slagoffer in die oorlog nie (Van Rhijn & Meulink-Korf,2001:186). Sy Franse burgerskap lei tot deelname aan militêre diensplig.

In 1939 breek die Tweede Wêreldoorlog uit. Levinas word in dieselfde jaar as dienspligtige gemobiliseer. In 1940 word sy hele eenheid deur die Duitsers gevange geneem. Hulle word oorgeplaas na 'n krygsgevangenis in Maagdenburg. Hy word geplaas in 'n blok vir Joodse krygsgevangenes, 'n afdeling met die opskrif "1492". Dit wys op die wrede waansin van die sisteem waarin mense dit goeddink om die jaar wat die Jode uit Spanje verdryf is, te gebruik as 'n naam om mense se identiteit aan te dui. Sy vrou en dogtertjie word opgeneem in 'n nonneklooster. Sy skoonma word deur die Duitsers vermoor. In die loop van 1945 is Levinas met sy vrou en dogtertjie herenig. Onder die talle wat vermoor is, was ook Levinas se ouers en beide sy broers. Talle nie-Jode in Litouwen het ook hulle Joodse medebewoners sleg behandel (Van Rhijn & Meulink-Korf,2001:187). Ander familieledes is ook doodgemaak. Emmanuel Levinas het besluit om nooit weer sy voet op Duitse grondgebied te sit nie, en hy het daaraan voldoen.

Na die Tweede Wêreldoorlog was hy direkteur van die universiteit waar hy voorheen gewerk het. In 1949 word sy een seun gebore. 'n Mens kan net raai wat dit alles vir hom en sy vrou beteken het. Hulle dogter Simone het later 'n dokter geword en hulle seun Michaël het klavierstudies geneem (Van Rhijn & Meulink-Korf,2001:188). In 1961 word Levinas 'n dosent aan die universiteit. Hy word benoem as hoogleraar in Poitiers, op die ouderdom van sewentig. Hy word professor in Parijs-Nanterre. Hy doseer tydens die studenteopstand, in 1968. Hy simpatiseer nie met die studente tydens die opstand nie en verafsku die manier hoe daar met mekaar omgegaan is en die gebrek aan respek vir bejaardes wat daarmee gepaard gegaan het. Hy ontvang sy emeritaat in 1976 (Van Rhijn & Meulink-Korf,2001:189). Levinas het 'n diaspora-Jood gebly. Israel is vir hom in die eerste plek die volk van die Boek (Bybel); dit is van meer belang as die grondgebied. Hy toon nietemin solidariteit met die staat Israel (Van Rhijn & Meulink-Korf,2001:190). Levinas sterf op 25 Desember 1995 (Van Rhijn & Meulink-Korf,2001:191).

3.4.2 LEVINAS SE VERSTAAN VAN ETIEK

Levinas gebruik die terme "*I*" en "*Other*" wanneer hy verwys na die verhouding tussen twee persone. Volgens hom begin etiek wanneer die ander persoon voor my verskyn. Hy gebruik die term "gesig" wanneer hy verwys na die ander persoon. Die ander word dikwels geassosieer met die fisiese aangesig van 'n persoon – gesigsuitdrukking, sosiale status, karakter en verlede. "Die gesig van die ander" is nie sy of haar fisiese aangesig of voorkoms

nie, maar juis die feit dat die ander nie saamval (*coincide*) met sy of haar voorkoms, beeld, foto of voorstelling nie (Burggraeve,1999:29). Die gevaar is om die ander persoon te definieer of te beskryf. Die ander kan egter nie weergegee of opgesom word deur een of ander beeld nie. Daar is 'n sekere geheim aan die ander. Die grootste fout wat gemaak kan word, is om te dink ons ken die ander. Die ander is broos en kan maklik verskraal word, byvoorbeeld volgens die sosiale posisie van die persoon. As 'n individuele wese is die “*I*” volhardend in sy besorgdheid oor sy eie bestaan en probeer hy homself gedurig instand hou. Die “*I*” is selfgesentreerd en benader altyd die ander persoon om hom deel van sy funksie en betekenis te maak. Die “*I*” probeer die ander in 'n beeld vasgryp en hou hom of haar in sig. Die ander stel homself aan die “*I*” voor as 'n “versoeking om te vermoor”. Die ander verskyn naak of weerloos voor die “*I*” (Burggraeve,1999:30). Die ander probeer sy armoede wegsteek deur voor te gee – die dra van maskers. Dit is sigbaar en die “*I*” word uitgenooi tot geweld.

Daar is 'n etiese betekenis van die gesig. Die oomblik dat ek aangetrek word deur die naaktheid van die ander om hom of haar te verneder, word ek gelyktydig herinner dat dit nie mag gebeur nie. Levinas gebruik die uitdrukking “*Thou shall not kill*” op grond van die Bybel. Dit is deur middel van sy voorkoms en sy naakte armoede wat die gesig doodgemaak kan word. Die feit dat dit nie net 'n moontlikheid is nie, maar ook 'n alledaagse werklikheid, blyk uit ons koerant- en televisieberigte oor geweld en oorlog. Die gesig as 'n etiese appèl is nie 'n ontologiese of natuurlike noodsaaklikheid nie, soos 'n voorwerp wat, wanneer hulle losgelaat was, moet val, volgens die wet van swaartekrag nie. Die “moet” is nie “kan nie anders” nie, maar die teendeel “kan anders wees”. Aan die ander kant, dit mag nie. Die gebod teen moord maak moord nie onmoontlik nie. Die etiese “moet” is absoluut gekant teen dwang of onvermydelikheid. Die gesig bied homself aan my as 'n outoriteit, maar kan net vra en appelleer. Die outoriteit as 'n verbod op moord, is 'n “ongewapende outoriteit” wat net op my vrye, goeie wil om hulp kan roep (Burggraeve,1999:31).

Die gesig van die ander beteken eties dat ek verantwoordelikheid neem vir die ander. Dit beteken om sorg te neem deur nie die ander se andersheid te skend en te vernietig nie. Dit gebeur deur die andersheid van die ander te erken, te respekteer en teenoor hom of haar reg op te tree. As jy na die ander kyk en jy sien oë, neus, voorkoms en vel, is die ander bloot 'n objek. Dit is 'n vorm van gebrek aan respek en 'n vorm van geweld. “Jy mag nie moord pleeg nie” beteken om te wag of om terug te hou. Gekonfronteer met die weerloosheid van die

gesig, word ons opgeroep om jousef terug te trek en jousef te beheer (Burggraeve,1999:32). Die paradoks van menswees is dat ons nie aan ons natuur as 'n natuurlike impuls oorgelaat word nie, maar deur ons gewete. Ons kan bo onself uitstyg om te kies vir die goeie. Ons kan kies vir die goeie deur onselfsugtig op te tree (Burggraeve,1999:33). Levinas verwys na die onselfsugtigheid van die verantwoordelikheid teenoor die ander as “vrees vir die ander”.

Relasies is vir Levinas belangrik. In die ontmoeting met 'n ander persoon word sy of haar “gesig” sigbaar. Hierdie gesig is nie die aangesig van die ander persoon nie. 'n Persoon begin anders te kyk na die ander persoon. Die ander persoon word as 'n subjek gesien en erken. Die ander persoon word sigbaar en word deel van 'n persoon self. 'n Persoon word ook sigbaar (broos, simpatiek, hartseer) deurdat jy geraak word deur die ander persoon. Die onvermoë om op hierdie manier na die ander persoon te kyk, verbreek dialoog tussen persone. Selfs al sê 'n persoon niks nie, kan dit die ander persoon skaam maaak of verneder. Vertroue word geskep in 'n verhouding deur die andersheid van die ander persoon raak te sien. Hierdie vertroue is altyd 'n waagstuk omdat 'n persoon nooit weet hoe die ander persoon gaan reageer nie. Om te gee is egter belangrik. Vertroue gaan oor beloftes wat teenoor mekaar gemaak word. Vertroue is troos. Vertroue ontstaan tussen persone en dit word saam geskep in die verhouding. Hierdie vertroue word dan ook verwoord in die relasie met die ander persoon. 'n Persoon gee nie volgens sy of haar eie voorwaardes nie. Verhoudinge is nie moontlik sonder vertroue nie. Vertroue is die gom van 'n verhouding. Dit wys op die etiese optrede teenoor die ander persoon. Etiek gaan oor verhoudings. Daar is 'n etiese betekenis van die gesig wat 'n appèl op jou maak. Hierdie verantwoordelikheid teenoor die ander persoon is nie iets wat 'n persoon moet ontwikkel nie. Dit is 'n respons en gebeur spontaan. Levinas verstaan dat hierdie verantwoordelikheid reeds daar is, nog voordat daar 'n verhouding tussen persone is (Thesnaar,2018). Levinas wys daarop dat 'n persoon se verhouding met die ander persoon altyd asimmetries moet wees sodat die ander persoon jou adresseer voor jy hulle wil adresseer (Thesnaar,2019:173).

Goedheid as die pad na die ander is glad nie 'n vanselfsprekende, natuurlike idee wat spontaan na vore kom in ons alledaagse stryd nie. Die ware betekenis en werklike waarde van goedheid, verstaan as die onvoorwaardelike aanvaarding van die ander ondanks sy andersheid, bestaan juis daarin om die kwaad te oorwin wat die ander wil verskraal en vernietig. Om verantwoordelikheid te neem vir die ander is om op te hou met die die ewel om die gesig van die ander persoon tot sy of haar aangesig te verminder. Die verwerping van

die ander is nie van die persoon in die algemeen nie, maar oor die andersheid van die ander persoon.

3.4.3 VORME VAN GEWELD TEENoor DIE ANDER.

Levinas het aandag gegee aan morele kwaad en ook spesifiek die kwaad wat een persoon teenoor 'n ander doen. Die basis van alle vorme van geweld is “die vermindering van die ander na dieselfde”. Dit gebeur in verskillende vorme. Levinas rangskik dit in stygende orde, beginnend by tirannie, passie om te vermoor, haat en dan die ekstreme vorm van geweld, naamlik rassisme. Eerstens lê dit in die oorweging om die ander te gebruik in die erkenning en bevestiging van my eie ego (“*I*”) (Burggraave,1999:35). In 'n staat van “wil hê” het die “*I*” die ander nodig - ek kan nie sonder ander wees nie. Van daar af is my spontane, natuurlike oorweging van ander altyd selfbelangstellend en selfbetrokke. Dit word die ekonomiese verhouding met die ander genoem. Dit gebeur konkreet wanneer ek probeer om die ander persoon ondergeskik aan my te maak of om hom in een of ander vorm van diens te druk en te misbruik. Hierdie vermindering van die ander word gewoonlik vergesel en sterker gemaak deur 'n vermindering op die “*noetic plane*”. Ek probeer toegang tot die ander verkry deur hom of haar van sy of haar veranderlikheid te ontnem deur beelde of foto's van die ander persoon te maak. Deur dit te doen, word die ander benader nie vanuit sy of haar andersheid nie, maar vanuit 'n ander perspektief. 'n Denkbeeld van die ander word gevorm. Dit beteken dat die ander vanuit sy geskiedenis, kultuur, omgewing, gebruike, tradisies en persoonlike verlede, gesien word. Uitgebreide kennis is dus ook geen onskuldige verskynsel nie, maar 'n gewelddadige verskynsel van mag. Deur my deurdringende insig verkry ek nie net toegang tot die ander nie, maar ook die mag oor hom of haar (Burggraave,1999:36). 'n Ander vorm van geweld is “intermenslike geweld”. Hier is al twee persone 'n “*I*”. Elkeen probeer hul eie identiteit verseker, vestig en uitbrei. Beide “*I*'s” bewoon een en dieselfde wêreld. Hulle kan nie beide terselfdertyd die absolute middelpunt wees nie. Hulle meet hulleself aan mekaar en gebruik alle mag en elke moontlike tegniek teen mekaar. Dit lei tot konflik. Dit word 'n stryd om mag en krag teenoor mekaar.

Tirannie is 'n poging om die ander te onderwerp, sonder om hulle te vermoor, sodat hulle op een of ander manier hulle vryheid prysgee. Dit gebeur deur oorreding, diplomاسie, omkoperij, dreigemente van marteling of fisiese geweld, breinspoeling of intimidasie. Die ander word nie net "slawe" nie, maar in sy uiterste vorm ook "verslaafde geeste". 'n Mens se vryheid

word aan daardie ander persoon oorgelaat. 'n Mens het nie meer 'n individuele wil nie en verloor sy of haar vryheid om te dink en op te tree. In sy konsekwente vorm beteken dit dat selfs die vermoë om 'n bevel te gehoorsaam, wat vryheid impliseer, vernietig word (Burggraave,1999:37). Moord word gedryf deur 'n passie om die ander heeltemal te vernietig. Moord is radikaal. In die proses word die ander verminder tot niks of niemand nie. Die ander word nie oorheers nie, maar verwyder of vernietig. Die ander word selfs van sy of haar wese verwyder. Die een wil nie meer die ander as identies insluit nie; dit gaan oor 'n stryd om identiteit. Moord manifesteer homself as 'n onverbiddelike stryd om almag. Dit is nie "alles of niks" nie, maar "alles en niks". Die "I" word alles, sodat die ander verminder word tot niks of niemand nie, wat ook beteken "is-nie-langer" nie (Burggraave,1999:38). Haat hou verband met moord, maar is in 'n sekere sin erger. Haat is 'n uiterste manier om die ander te ontken. Haat wil die ander verneder en verpletter, maar sonder om hom te vermoor. Dit is daarop gemik om die ander te laat ly, sodat hy of sy tot passiwiteit verminder kan word. Haat wens dat die ander in sy passiwiteit op sy aktiefste sal bly, sodat hy of sy 'n getuie van haat kan wees. Die ander moet haat nie net ervaar nie, maar ook daaronder ly. Haat wens nie altyd dat die ander sal sterf nie, of ten minste wil dit dat sy of haar dood slegs as die hoogste vorm van lyding kom. Haat verminder die ander tot 'n objek. Die ander word kragtig in sy of haar subjektiwiteit gehou. In sy lyding moet die ander sy objektivering besef, en om hierdie rede bly hy of sy 'n subjek. Haat wil albei hierdie twee aspekte hê. Die ander bevredig die een wat hom of haar haat slegs deur 'n objek te wees. Haat wil die ander se dood hê, maar tog sonder om hom of haar dood te maak; dit hou die ander, wat nog leef, op die rand van vernietiging, sodat die ander deur die verskriklike pyn, verwerping en ontkenning getuig van die oorwinning van haat.

Rassisme is die mees ekstreme vorm van geweld. Rassisme is van mening dat een groep mense moreel of kultureel beter is as 'n ander groep. Dit word gebaseer op die verskil in ras. Die rasse-oorsprong van 'n individu of 'n gemeenskap word die faktor wat my manier van dink en optrede bepaal. Die rassis reken hom- of haarself onder die superieure ras. Volgens rassistiese denke word mense in die eerste plek of selfs uitsluitlik beskou in terme van hul verbondenheid aan 'n ander ras, wat meestal sigbaar is in die velkleur en ander fisieke kenmerke (figuur, neus, oë). Op grond van hierdie eienskappe word hulle dan beoordeel en veroordeel. Hierdie veroordelings word gevoed en versterk deur allerlei beelde van die "vyand" wat teen die ander ras gemik is (Burggraave,1999:39). In 'n wyer sin word ook gepraat van rassisme wanneer 'n mens aanklank vind met ander op grond van 'n ander

kultuur, taalgroep of godsdiens. Volgens Levinas is die kern van rassisme nie in die ontkenning van ooreenkomste tussen mense nie, maar in die ontkenning en mislukking om die verskille tussen mense te erken en te waardeer. 'n Rassistiese verhouding wil slegs dieselfde erken en waardeer, daarom word die vreemdeling uitgesluit. Ons aanvaar slegs dit wat met onself ooreenstem of soortgelyk is. Die ander word gesien as dreigend, skrikwekkend en as 'n verleentheid. Die ander word weggestoot van jouself en word beskou as die vyand, wat selfs vernietig kan word. 'n Mens wil ander (vreemdeling) net aanvaar as hulle tot jou eie genre of groep behoort, dit wil sê tot jou eie bloed, familie, stam, geslag, kerk of gemeenskap. Die vreemdeling word die sondebok waarop ons al ons probleme en bekommernisse blameer (Burggraeve,1999:40). 'n Mens aanvaar slegs verskille in soverre dit toevallige kenmerke of kenmerke binne dieselfde genre is, waarin individue relatief van mekaar verskil en waar dieper affiniteit nie getoets word nie. Niemand is immuun nie; enigeen van ons is 'n potensiële rassis en soms 'n regte rassis. Rassisme is 'n permanente moontlikheid verweef in die dinamiek van ons eie wese (Burggraeve,1999:41).

Levinas ontmasker rassistiese geweld en alle vorme van geweld as die ontkenning van die ander as die ander. "Jy mag nie doodmaak nie" is 'n gebod wat die andersheid van die ander respekteer. In die etiek is daar geen eskatologie nie, in die sin van 'n gewaarborgde beter wêreld of 'n wêreld sonder kwaad nie. Daar is slegs die goeie wil wat homself altyd moet bewys in 'n keuse teen kwaad wat nie sigbaar of maklik is nie. Slegs op hierdie manier kan daar 'n goeie toekoms en geregtigheid vir die ander wees. 'n Wêreld waar die ander belangriker is as "I".

Levinas wys op die "wysheid van liefde" as die verband tussen die gebod "Jy mag nie doodmaak nie" en die toewyding tot verantwoordelikheid en goedheid vir die ander. Vir hom is liefde nie 'n subjektiewe gevoel nie. Dit is 'n gebod wat van elders op my kom - die gesig van die ander - wat my verander om myself vir die ander te gee. Liefde is gehoorsaamheid tot respek as opdrag deur die ander. Levinas noem hierdie liefde "wysheid". Om die appèl te gehoorsaam wat vanuit die gesig kom, beteken nie dat die ander een minder word nie, maar om pligsgetrou geregtigheid te leef. Hier kom 'n spesiale soort wysheid na vore, naamlik die wysheid van dankbaarheid (Burggraeve,1999:42). Hierdie dankbaarheid is tegelyk 'n fundamentele etiese houding en 'n vorm van kennis wat deur die etiese houding moontlik gemaak word. Deur jouself oop te maak om die ander te wees en reg te doen, neem 'n persoon die etiese houding van geregtigheid op. Hierdie geregtigheid is terselfdertyd 'n vorm

van waarheid deurdat die een glad nie die ander se andersheid wil manipuleer of verminder nie, maar intendeel erken en ken volgens die (etiese) waarheid. Ons leer die wysheid van liefde in die Torah (Wet). Die eerste tablet van die dekalooë fokus op ons verhouding tot God, die tweede tablet fokus op ons wêreldse verhoudings en gedrag. Die eerste gebod van die tweede tablet, volgens Judaïsme, lui: "Jy mag nie doodmaak nie." "Jy mag nie doodmaak nie" is die fondament van al die ander gebooie, en is die bron van 'n menslike samelewing wat bestaan uit respek vir die ander persoon. "Jy mag nie doodmaak nie" is die grondslag van etiek, verantwoordelikheid en goedheid (Burggraave,1999:43).

Die mens ervaar God deur sy verhouding met die ander (Levinas,1990:16). In hierdie verhouding is daar voortdurend die bewustheid van geregtigheid en ongeregtigheid. Levinas (1990:17) gebruik die metafoer – "om die Beloofde Land in besit te neem" – om te herinner dat God die aarde geskep het. Sonder hierdie kennis, probeer die mens dit verkry deur oorname. Om alles te vat en myne te maak, word bevraagteken. My verhouding met God het 'n etiese uitvloeisel (Romeine 12, Lukas 10:25-37). Wanneer Moses die Tien Gebooie ontvang, hoor hy dat God genadig is, wat beteken wees genadig soos Hy (Levinas,1990:18). Die eienskappe van God is nie in die indikatiewe nie, maar in die imperatief. Judaïsme sluit hierby aan as hulle leer dat God nie kan ontvang van hande wat die ander kwaad aandoen nie (Levinas,1990:18).

Elke gelowige neem verantwoordelikheid vir die ander (Levinas,1990:19). Dit loop altyd uit op sosiale geregtigheid. Jesus leer ons om die randfigure van die samelewing te versorg en onreg te herstel. Om Hom lief te hê beteken om die arme, weduwees, weeskinders en die vreemdeling te versorg (Jakobus 1:27). My verantwoordelikheid teenoor die ander kan nie deur God nietig verklaar word nie. Die dialoog tussen God en Kain in Genesis 4:9 bevestig dit: "Waar is jou broer Abel?" en Kain antwoord: "Ek weet nie. Moet ek dan my broer oppas?" (Levinas,1990:21).

Universalisme word verstaan dat God ons gekies het om sy liefde teenoor almal te leef. Hierdie verkiesing bestaan nie uit voorregte nie, maar uit verantwoordelikhede. Ek sien myself verplig om die ander te respekteer (Levinas,1990:22). In Genesis 12:2 lees ons: "*Ek sal jou 'n groot nasie maak, Ek sal jou seën en jou 'n man van groot betekenis maak, en jy moet tot 'n seën wees.*". Hierdie gedagte kom ook voor in Matteus 5:45: "*Hy laat immers sy*

son opkom oor slegtes en goeies, en Hy laat reën oor dié wat reg doen en oor dié wat verkeerd doen.” (Bybel,1983).

3.5 SAMEVATTING

Wat is dit wat die NG Kerk en VGKSA moet leer uit die grondbeginsels van die DIPP, sodat dialoog en vertroue op plaaslike vlak kan groei? Elke persoon staan in relasie tot generasies uit die verlede, hede en toekoms. Elke persoon reageer dus vanuit ‘n bepaalde konteks. Binne hierdie verhoudinge gaan dit om ‘n soeke na regverdigheid, wat bepaal word deur ‘n balans van gee en ontvang. Vertroue word geskep wanneer daar regverdig gegee en ontvang word. Elke persoon se keuses en optrede beïnvloed en affekteer ander. ‘n Persoon kan nie losgemaak word van die verantwoordelikheid om na te dink aan die gevolge van sy of haar keuses teenoor die persone met wie hy of sy in ‘n betekenisvolle verhouding leef nie. Hierdie keuse en aksies het ook ‘n invloed op die volgende generasie. Elke verhouding het ‘n etiese implikasies. Die etiese lê in die erkenning van die ander en om goed te doen teenoor die ander. ‘n Persoon se verhouding met die ander persoon is altyd asimmetries sodat die ander persoon jou adresseer voor jy vi rho of haar wil adresseer.

Verhoudinge ontstaan vanuit ‘n dialoog. Dialoog skep ‘n ontmoeting tussen persone. Binne ‘n ontmoeting word daar anders gekyk na die ander persoon. Die ander se andersheid word raak gesien. In die verhouding tussen persone moet elkeen as ‘n subjek aan die woord kom. Dit is nodig om na mekaar te luister. Die skep van dialoog, eerlike dialoog, bring hoop. Ware dialoog is afhanklik van die wederkerigheid van verantwoordelike omgee. Simmetriese verhoudings is inherent wederkerig. Om simmetriese verhoudings betroubaar te hou, sal eweknieë van mekaar verwag om in ongeveer gelyke mate terug te ontvang wat hulle gegee het.

In die volgende hoofstuk word die Pastorale Teologie van die DIPP verduidelik. Die vraag na hoe lyk pastoraat vanuit ‘n Afrikakonteks word bespreek. Hanneke Meulink-Korf en Aat van Rhijn se kontekstuele pastorale berading en bediening word hanteer.

HOOFTUK 4

4. RELASIONELE ETIEK VANUIT DIE TEOLOGIE.

4.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk konsentreer op die proses van reflekteer (Bybel en tradisie) binne die werkswyse van die “The Pastoral Cycle”. ‘n Belangrike fase in hierdie proses is om die verskillende standpunte van ervarings en teologiese tradisie te reflekteer en te verweef met mekaar. Die doel van hierdie hoofstuk is om die Pastorale Teologie van die DIPP te verduidelik en om dialoog en vertrouwe as konsepte van die DIPP te begrond binne die teologiese fokus.

Hierdie hoofstuk fokus eerstens op die vraag: Wat is pastoraat – vanuit ‘n Afrikakonteks? Dit is belangrik omdat pastoraat die teologie begrond. Die konteks van Suid-Afrika stel nuwe uitdagings in die verstaan van pastoraat. Hierdie tesis fokus op die plaaslike konteks van gemeentes van die NG Kerk en VGKSA in Wes-Kaapland, dit wil sê op die wit en bruin lidmate. Die gebruik van die woord “Afrikakonteks” wil erkenning gee en ons bewusmaak van ‘n groter konteks in Suid-Afrika. Tweedens word gekyk na Hanneke Meulink-Korf en Aat van Rhijn se kontekstuele pastorale berading en bediening. Hulle verstaan van pastoraat en pastorale sorg word belig. Relasie as die bestaan van mense "coram Deo", voor God en met mekaar voor God word verduidelik en die etiese implikasie daarvan. Die etiese as ‘n appèl wat kom vanuit ‘n ander en hoe dialoog beïnvloed word, word bespreek. Derdens word gefokus op geduld. Laastens word gefokus op ‘n paar Skrifgedeeltes wat dialoog en vertrouwe as konsepte van die DIPP bespreek.

4.2 PASTORAAT – VANUIT ‘N AFRIKAKONTEKS?

Pastoraat besin voortdurend oor die identiteit, rol en taak van pastorale sorg en berading. Die konteks van Suid-Afrika stel nuwe uitdagings aan pastoraat. Buffel (2007:42), ‘n pastorale teoloog, het ‘n definisie geformuleer om pastoraat te definieer binne ‘n Afrikakonteks. Pastoraat is vir hom: *“That multidimensional ministry of all believers in the church, which is concerned with the wellbeing of all of God’s people, be it as individuals or as groups or communities. In this ministry, which occurs in socio economic and political contexts, each*

one is a brother or sister to another. This all-inclusive ministry of keeping each other or mutually caring for each other takes the context of brother or sister into cognizance.”

Pastoraat word verstaan binne die sosiale, ekonomiese en politieke konteks waarbinne mense hulle bevind (Thesnaar,2019:168).

Pastorale sorg en berading kan nie meer slegs fokus op ‘n individualistiese terapeutiese gespreksvoeringsbenadering om die komplekse situasies van mense binne ‘n pluralistiese en diverse konteks van Suid-Afrika aan te spreek nie. Dit vereis ‘n teoretiese benadering wat kan fokus op die individuele sowel as kollektiewe dimensie van pastoraat. Kliniese pastorale opleiding kan nie alleen fokus op individuele pastorale vaardighede vir een-tot-een gespreksvoering nie, maar moet ook fokus op pastorale vaardighede wat familie, groepe, gemeenskappe kan versorg en beraad. Familiepastoraat, gemeenskapspastoraat, groepspastoraat en pastoraat wat fokus op nasies en nasionaliteite, is nodig. Pastoraat kan nie net fokus op lidmate en families binne die plaaslike gemeente en kerk nie, maar juis op die gemeenskap rondom die plaaslike gemeente. Die unieke sosiale, politieke, spirituele en ekonomiese kontekste waarin mense hulle bevind moet ernstig opgeneem word. Pastoraat moet gebruik maak van ‘n hermeneutiese paradigma wat die betrokke konteks kan interpreter en verstaan. Dit verg ‘n ingesteldheid en vaardigheid om te kan luister na die konteks en na die ander binne die konteks. Dit vra ‘n bereidwilligheid om te kan luister na ander vakdissiplines se verstaan en interpretasie van kontekste. Teoloë moet ‘n bydrae maak om die nood in samelewings aan te spreek (Thesnaar,2019:170). Die konteks van Suid-Afrika vra vir pastorale teoloë. Indien hierdié konteks nie ernstig opgeneem word nie, kan daar nie ‘n bydrae gemaak word tot transformasie en die heropbou van ‘n gemeenskap en sameleving nie.

Daar moet gesoek word na pastoralesorgbenaderings wat kultureel en kontekstueel relevant is binne die uitdagings van die Suid-Afrikaanse konteks. Een so ‘n benadering is die kontekstuele pastoralesorgbenadering wat deur Hanneke Meulink-Korf en Aat van Rhijn ontwikkel is (Thesnaar,2019:171). Die kontekstuele benadering probeer om ‘n persoon binne die netwerk van verhoudinge (konteks) te verstaan, maar veral ook binne die netwerk van verhoudinge tussen verskillende generasies (Thesnaar,2019:173). Mense word erken as hulpbronne binne die pastoraat (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:18). Dit is ‘n skuif van ‘n dominante individualistiese benadering na ‘n meer gemeenskapsgerigte benadering binne

die pastoraat. Dit is ‘n beweging wat ruimte maak vir die pastoraat om ook te fokus op temas binne die sosiale, politiese en ekonomiese wêreld waarin ons leef (Thesnaar,2019:176).

4.3 HANNEKE MEULINK-KORF EN AAT VAN RHIJN: KONTEKSTUELE PASTORALE BERADING EN BEDIENING

Meulink-Korf en Van Rhijn (2016:33) se doel is kontekstuele pastorale berading en bediening. Anders as Boszormenyi-Nagy is hulle gelowiges en verstaan relasionele bestaan as mense "coram Deo", voor God. *“Ons glo dat 'n mens altyd voor God staan, hand in hand met ander, en terselfdertyd met ander voor God.”* Een van twee triadies verhoudings kan ontstaan, naamlik: persoon/God/ander persoon of ander persoon/persoon/God. Beide verhoudings is baie persoonlik. Dit is die mees basiese triadiese verhouding van bestaan voor die aangesig van God. Dit behels 'n konkrete liggaamlike bestaan.

4.3.1 EK EN ANDER VOOR GOD

Meulink-Korf en Van Rhijn in hulle nadenke oor die werk van Boszormenyi-Nagy plaas die fokus op die gebied van die Bybel. Hulle wys daarop dat Boszormenyi-Nagy se beskrywing van die verhoudingsrealiteite die indruk kan wek dat die kennis wat ‘n persoon opdoen onder die bestek van die eerste drie dimensies (feite, psigologie, interaksies) tot etiek lei. Hulle wys egter daarop dat etiek elders, buite elke (kennis) stelsel, ontstaan. Hierdie standpunt is belangrik vir pastorale berading (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:35). Vir Meulink-Korf en Van Rhijn is etiek onmoontlik sonder geloof. Alle pastorale sorg, insluitend kontekstuele bediening, begin voor God – selfs in die nadenke en praat oor menslike verhoudings, of God eksplisiet genoem word of nie. Om voor God te leef is teenswoordige tyd.

Meulink-Korf en Van Rhijn stel ‘n paar belangrike vrae of opmerkings tot pastorale sorg en terapie, naamlik:

- Aan die een kant, is daar spanning tussen goeie teorie en ‘n groeiende professionalisme en aan die ander kant, die behoefte aan ‘n vreedsame, oop, geduldige ontmoeting. Die teorie en professionele ingesteldheid mag nie lei tot ‘n tonnelvisie nie en realiteit verskraal tot die teorie nie. Die terapeut loop dan die gevaar om in terme van behandelingstegnieke te dink, en dan stop sy of haar pastorale versorging as daar geen sigbare resultate is nie.

- Wie is die objek van pastorale terapie? God se Gees is objek en die draer van die bediening. In die Christelike gemeente is pastorale terapie beide, prakties (vrywilligers en professionele terapeute) en teologies (priesterskap van gelowiges).
- Teologies dra elke lidmaat in die gemeente die pastorale bediening. DIPP wil mense help sodat hulle kan voortgaan met hulle lewe of om te herstel ten spyte van hulle kwesbaarheid.
- Psigoterapie het ten doel om psigologiese lyding te genees of te help verlig (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:36). Psigoterapie het 'n definitiewe doel: hulp. In die bediening is die doel om te simpatiseer met 'n ander. Hierdie simpatie hoef nie op vriendskap gebaseer te wees nie.
- Relasionele etiek is 'n perspektief wat hoop om die geregtigheid van die mensdom te herstel. Tog swyg Boszormenyi-Nagy oor God.
- Wees goed vir vreemdelinge. Ons optrede teenoor vreemdelinge is normaalweg nie goed of regverdig nie. In Levitikus 19:33-34 staan geskryf: “*Wanneer daar 'n vreemdeling by julle in julle land woon, mag julle hom nie onderdruk nie. Julle moet hom soos 'n medeburger behandel en hom liefhê soos julleself. Julle was immers self ook vreemdelinge in Egipte. Ek is die Here julle God.*” (Bybel,1983). Hoekom sal 'n persoon goed wees teenoor 'n vreemdeling of selfs so 'n persoon liefhê soos homself? Dit gebeur nie vanself nie. Daar is 'n stem (God) wat my hieraan herinner: ek was self 'n vreemdeling (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:37).
- Boszormenyi-Nagy het die teorie van 'n tribunaal bekendgestel. Vanuit die geloof en teologie ontstaan die vraag: Weet hierdie tribunaal iets van vrypraak, regverdiging van die ongelowiges?

In kontekstuele pastorale berading en kontekstuele terapie word gefokus op die manier waarop 'n persoon relasioneel betrokke is by ander persone in die lewe, en in 'n sekere sin met hom- of haarself. In die relasionele werklikheid van hier en nou is die verlede en die toekoms nie afwesig nie. Dit is nie ongewoon dat mense van die een generasie verantwoordelikheid dra vir die volgende generasie nie. Mense neem verantwoordelikheid vir dade wat nie hul eie is nie en nie in hulle tyd plaasgevind het nie. Dit is 'n verantwoordelikheid wat nie op kontrak gebaseer is nie; dit is 'n eis wat jy ontvang. Levinas noem dit 'n intrige. Binne gesins- en familieverbandings oefen persone hoe om op te tree vir wyer menslike verhoudings, vir mense wat nie biologies aan hulle verbind is nie.

Familieverhoudings is verhoudings wat nie op 'n kontrak gebaseer is nie. 'n Voorwaarde ontbreek. Vir die sluit van 'n kontrak is 'n sekere mate van kennis van die ander persoon nodig. Wetlik is dit beslis die geval. 'n Persoon moet weet waartoe ingestem word. Ouers ken nie die kind wat hulle verwag nie – asook by 'n aanneming (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:38). Tog bly mense verantwoordelik vir ander. Levinas wys daarop dat verantwoordelikheid nie kennis vereis nie. Verantwoordelikheid ontstaan as gevolg van die reg van ander.

Etiese medelye of deernis is nie kontraktueel nie. Die eis of aanspraak van die ander is eerste. Die ooreenkoms is op die gebied van moraliteit. Die aanspreeklikheid het dit voorafgegaan en behoort tot die gebied van etiek. Die eis of aanspraak het nie begin met 'n kontrak nie. In die Bybel word die basiese woorde vir menslike verhoudings (geregtigheid, betroubaarheid, waarheid, getrouheid) gekoppel aan 'n verbond (Hebreeus: berith). Dit is nie dieselfde as 'n kontrak waarin die regte en verpligtinge van beide partye duidelik (onderling) beskryf word nie (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:39). 'n Verbond behels wederkerigheid met ruimte vir iets ekstra, die gratis ekstra, die onverdiende, wat geen boekhouding ken nie. Hierdie onderlinge band is gebou op vertrouwe en dit gee die reg. Die verbond wat Dawid en Jonathan gesluit het, gee aan beide die reg tot 'n regverdige verhouding wat gekenmerk word deur *Chèsèd* (goeie trou). In 1 Samuel 20:8 staan: “*Jy het my met 'n verbond van die Here aan jou verbind. Toon jou trou (gesed) aan my, en as ek skuldig is, maak jý my dan dood.*” (Bybel,1983).

Verantwoordelikheid of aanspreeklikheid het ook betrekking op toekomstige generasies. Dit is 'n asimmetriese verhouding: 'n persoon ontvang eensydige verantwoordelikheid vir mense wat jy nie ken nie, en wat jou nie ken nie. Verantwoordelikheid hang nie af van wederkerigheid nie. Hoe kwesbaarder die eiser is en hoe afhankliker hy of sy van jou as persoon is, hoe sterker is die eise op jou as persoon. Die ander persoon wat van my afhanklik is, is nie 'n objek van my sorg en omgee nie, maar maak my verantwoordelikheid moontlik. Hierdie aanspraak ontstaan in konkrete situasies waar persone ontmoet, waar hulle paaie kruis. Die ander persoon het 'n eis of aanspraak op my en hy of sy kom eerste. Dit is wat gebeur wanneer persone mekaar ontmoet. In 'n ontmoeting tussen persone is dit nie net vriendelikheid wat tel nie, maar ook regverdigheid. Gee en ontvang, ontvang deur te gee en te gee deur te ontvang. Hier is wederkerigheid in die verhouding. Wat 'n persoon gee, word nie

uitgeskakel deur wat die ander bydra tot die ontmoeting nie. Die vraag is: Besluit 'n persoon self wie hy of sy ontmoet of wie se pad hy of sy kruis? (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:40).

4.3.2 'N ANDER VAN DIE ANDER

Meulink-Korf en Van Rhijn verstaan dat in konteks daar meer as net die twee van ons in die wêreld is. Die term liefde word nie gebruik nie, maar geregtigheid. Die vraag na geregtigheid begin as 'n persoon weet dat daar meer as twee in die spel is. Jy is nie net aan mekaar verbind nie, maar met verskeie ander. Die ander aan wie jy verbind is, het ook 'n ander. Nie net jy nie, maar ook die ander het 'n verantwoordelikheid. Liefde vra ook geregtigheid, en my verhouding met my naaste is nie apart van die verhoudings wat 'n naaste met ander het nie. Verspreidende geregtigheid beteken dat 'n persoon nie net aan een ander persoon moet dink nie, maar ook aan ander waaraan jy ook verbonde is. Dit vra ook regverdigheid vir die ander se subjektiwiteit. Levinas skryf: *“In the eyes of the other the third is looking at me.”*

Die relasionele realiteit van elke individuele persoon het 'n etiese dimensie. Dit is uit ervarings van respek vanuit 'n persoon se konteks, dat hy of sy 'n ander persoon respekteer, asook die ander persoon se konteks. (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:41). 'n Persoon se diepste realiteit is 'n geheim vir ander. Konteks word gesien as 'n lojaliteitsfabriek. Konteks dui op die hele weefsel van die weefselstukke wat aan mekaar verweef is. Die konteks van lojaliteite en die wese van 'n persoon word aan mekaar geweef.

Kontekstuele bediening werk vanuit die veronderstelling dat ons as mense betekenisvol geskep is: betekenisvol vir ander en gee betekenis aan ander. Vir Levinas is die ander nie net 'n buurman nie, maar 'n vreemdeling op baie maniere. Dit beteken dat die konteks waarin 'n persoon dus betekenisvol geskep is, onvoorspelbaar is, maar oop is en 'n toekoms het. Die ander persoon is nie 'n teken van enigiets of iemand anders as hom- of haarself nie. Die gesig van die ander persoon maak 'n appèl op jou as persoon. Hierdie appèl verminder nie jou eiewaarde nie (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:42). Konteks en unieke betekenis is onlosmaaklik aan mekaar verbind. Elke persoon is uniek en is deel van die weefsel van verhoudinge en as 'n gesig. Lojaliteit is die intergenerasionele familieverhouding tussen persone. Lojaliteit wys op etiese verpligting.

Pastorale bediening hou vas aan die Woord en het altyd betrekking op die Woord van God. Pastorale bediening het ten doel om 'n persoon in sy of haar uniekheid te handhaaf en sy of haar verhouding tot die heiligheid van God te behou. (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:43). In Klaagliedere 3:21-24 staan geskrywe: “*Maar dít sal ek ter harte neem en om dié rede bly ek hoop: deur die liefde van die Here het ons nie vergaan nie; daar is geen einde aan sy ontferming nie, dit is elke môre nuut. U trou is groot. Ek sê vir myself: Die Here is my lewe, daarom hoop ek op Hom.*” (Bybel,1983). Hoe kan ervaringe in ‘n persoon se lewe, wat altyd ervaringe is met ander mense, hom of haar help om die woorde in Klaagliedere oor God, en vertrouwe wat net genoeg is vir elke dag, te bely? Hierdie vertrouwe, genade en getrouheid het slegs betekenis in ‘n persoon se lewe as hy of sy sensitief is vir geloof en genade van die ander tot hom of haar (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:44).

Iemand of iets roep ‘n persoon tot orde; 'n bevel wat ‘n persoon roep tot aanspreeklikheid. Dit is nie net die ander wat ‘n appèl op ‘n persoon maak nie. Dit is wel die ander wat appelleer, maar hierdie appèl is nie lukraak nie. Die appèl is gerig en veronderstel dat jy ‘n mens is en wat aanspreeklik is en hoor. Dit beteken: Ek is verantwoordelik. Daar is ‘n ekstra (surplus) wat kom van die ander. Die ander gee betekenis en herinner. Dit is asof ‘n derde party betrokke is. ‘n Persoon kan verby iemand anders stap, selfs oogkontak vermy, maar daar is ‘n gevoel dat jy aangespreek word (sonder woorde). Daar word verwys na die “derde gesag”. Dit herrinner aan “voor God”, coram Deo. Die coram Deo is 'n implisiete dimensie. Dit is soms nie meer nie as die agterkant van 'n gebuigde rug nie. 'n Magtelose buurman eis dat jy vir hom of haar ‘n buurman sal wees (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:45).

Tussen “I” en “Thou” (Buber: *Ich und Du*) is die toekoms van die wêreld altyd teenwoordig. Die weg en die toekoms van die ander persoon is op die agenda. Dit gaan oor die wêreld van toekomstige generasies. ‘n Toekoms waarin die hede 'n tweede kans kry. Dit opsigself kan nie bereik word nie, maar ‘n persoon kan sy of haar lewens daarvolgens orden. Die ander persoon is my verantwoordelikheid. Die ander is kwesbaar, afhanklik van my, en tog my superior. Nederigheid en waardigheid verenig in die ander. Die ander een het inderdaad gesag, maar die ander oefen geen krag of dwang op jou uit nie. Magteloosheid is ook 'n ander soort gesag. Die ander wys my waar my plig is. Die verantwoordelikheid vir die ander val saam met die verantwoordelikheid teenoor die ander (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:46). Ons vermoed God is hier in ons midde, maar die oomblik as ons dit doen, is God reeds verby. Intergenerasionele relasies fokus op omgee en regverdigheid. Boszormenyi-Nagy gebruik die

term tribunaal of hof. Hy gebruik dit as 'n intrinsieke aspek van verhoudinge. Hy noem hierdie tribunaal transgenerasioneel. Die moontlike gevolge van hoe 'n persoon teenoor ander leef vir toekomstige generasies, maak jou verantwoordelik en vra om solidariteit. Solidariteit word geskuld aan toekomstige generasies. Die poging is nie om die toekoms te oorheers vanuit die hede nie; intendeel: Die toekoms rig die hede (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:49).

Konteks is die weefsel van vertroue en interafhanklikheid wat gevestig word deur gee en ontvang. Die huidige verhoudinge van 'n persoon, asook verhoudinge van die verlede en die toekoms, is konteks. Konteks is die dinamiese en etiese onderlinge verbondenheid - verlede, hede en toekoms - wat bestaan onder mense wie se wese vir mekaar belangrik is. In berading gaan dit nie primêr oor die konteks van die terapeut nie (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:50). In pastorale sorg en berading is die konteks van die ander belangrik – konteks van gemeentelid of gespreksgenoot. Jy begin met die kliënt op die plek waar jy hom of haar vind. Die konteks van die kliënt en die van die terapeut verskil. In die Nuwe Testament is die woord “*koinonia*” nie dieselfde as “*societas*” nie (sosiologiese konsep van persone van dieselfde soort wat saam woon). *Koinonia* beteken 'n gemeenskap van verskillende mense (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:51). In hierdie gemeenskap kan almal deelneem sonder om dieselfde as die ander te wees.

Meulink-Korf en Van Rhijn (2016:54) stel dan die vraag: Wat beteken hierdie vraag na uniekheid vir pastorale ontmoetings? Hoe kan terapeute dit regkry om sy of haar subjektiwiteit te behou, terwyl die ander persoon ondersteun word? 'n Paar voorstelle word gemaak, naamlik:

- Dit vereis aandagtige luister van die terapeut en 'n toewyding wat nooit aanmatigend of baasspelerig is nie.
- Taal is belangrik. Mense word beweeg in taal. Verbale en nie-verbale kommunikasie word gebruik sodat die persone in terapie verstaan.
- Onbekende derde partye word ingesluit.
- Pastorale sorg vereis vertroue en belet geheimhouding.
- Binne 'n pastorale ontmoeting vind broederskap en susterskap plaas.
- Liggaamlike teenwoordigheid. Dit is nie 'n metafoor nie. Die fisiese liggaam is inter-subjektief teenwoordig. Byvoorbeeld: sigbare fisiese pyn.

4.3.3 EK BESTAAN VIR DIE ANDER

“*I thought you were human...*” In haar outobiografie *Danseres zonder benen* vertel Clara Assche-Pinkhof van ‘n voorval in Amsterdam, Nederland. Die Jode is na die Nederlandse Skouburg gebring en van daar af deporteer na verskillende konsentrasiekampe. Tydens een van hierdie geleenthede, het sy ‘n skraal, vooroorgebuigde Joodse man gesien, wat swaar gedra het aan al sy bagasie. Die oomblik toe sy hierdie man wou help, het ‘n groot SS-soldaat, in sy groen uniform, hierdie man gestamp. Die skare mense rondom hom, het hom egter regop gehou. Hierdie soldaat het op hom geskree: “*Hurry up!*”. Sy het voor hierdie soldaat gaan staan en geskree: “*Let go!*”. Haar reaksie op hierdie soldaat wanneer hy haar wil slaan, was: “*I thought you were human?*”.

Die vraag is: Wat is ‘n mens? Wat maak ‘n mens menslik? Selfs Clara Asscher-Pinkhof in *Danseres zonder benen* stel die vraag: “*I thought you were human?*”. ‘n Appèl word gemaak deur eintlik te vra: Kan jy nie sien nie? Dit is ‘n appèl tot medelye en solidariteit. Dit sou "menslik" wees as die ellende van die ander, ‘n persoon se oë oopmaak om te kan sien en beïnvloed. Ons word onderbreek ons om ons eie ding te doen en te fokus op die ander persoon. Die eerste vraag wat gevra word, is: Wie het my oë oopgemaak? Wat maak dit moontlik vir die oopgemaakte oë om 'n appèl op ons te maak? In Psalm 36:10 lees ons: “*Ja, by U is die fontein van lewe, in u lig sien ons lig.*” (Bybel,2014). God, as Bron van lewe, is 'n lig wat dit vir ‘n mens moontlik maak om te sien wat jy doen (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:91).

Volgens Meulink-Korf en Van Rhijn (2016:92) verwys “om mens te wees” na subjektiwiteit. In navolging van Levinas, beteken “etiese” en “etiese verhouding” nie ‘n stel gedragsreëls waaraan ‘n groep of kultuur gekenmerk word nie. “Etos” dui die uniekheid en eienaardigheid van groepe of nasies aan. Die “etos” van mense is iets wat hulle die tweede natuur noem. “Tweede natuur” beteken ‘n wese wat uitgeskeur is of geskei is van die Natuur (God). Levinas stel dit as ‘n persoon wat nog nie gebore is nie of nog nie klaar geskep is nie. Die woord “mens” is nie net ‘n beskrywende woord nie, maar het ook ‘n voorskrytelike konnotasie. Dit kom maak ‘n appèl op ‘n mens! Dit is ‘n appèl wat vanuit ‘n ander kom; en keer terug deur die ander persoon na myself. Die ander persoon begin ‘n beweging van respek in myself. Die

menswees van die ander, moedig jou menswees aan. ‘n Persoon is ‘n wese wat nie met hom- of haarself gelyktydig kan wees nie. “*Coinside*”. "Ek" is nie gelyk aan "myself" nie.

Die mens bestaan in wese vir die a/Ander. Met “eties” word bedoel dat 'n persoon 'n subjek is wat van die begin af ‘n verhouding met ‘n a/Ander het (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:93). Subjek word etimologies verstaan. Dit beteken dat die mens ontvang van die begin af 'n verpligting wat hy of sy nie gekies het nie, maar waarvoor hy of sy verantwoordelik is. Voordat 'n mens 'n ander ontdek, tel die ander al vir hom of haar. ‘n Persoon aanvaar verantwoordelikheid vir iemand anders se lewe. Die vraag kan gevra word: Wie lê die verpligting op ons? Die ander! ‘n Persoon se menslikheid begin met ‘n verpligting wat hom of haar opgelê is, voordat hy of sy dit selfs weet. Daar was reeds 'n bevel aan my gerig deur die ander, of die ewige Ander. Gerrit Achterberg, 'n digter, skryf: "*God het sy wet op hierdie klip gegraveer wat my bestaan geword het.*" Daar was reeds 'n bevel aan my gerig deur die ander, of die ewige Ander.

Selfbewussyn is die hele tyd bewus van geregtigheid en onreg. Op dieselfde moment dat ‘n persoon bewus word van sy of haar menswees, word hy of sy bewus van die onreg, die skade wat aan ander gedoen word deur haar of sy ego-struktuur. Beide maniere van bewussyn val saam. Dit is soos die twee kante van ‘n muntstuk.

Die etiese verhouding is ‘n verhouding met ‘n ander persoon wat jy as jou meerdere sien, wat smeek dat jy regverdig teenoor hom of haar sal optree (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:94). Hierdie asimmetrie tussen die “ander” en die “ek” is etiese bewussyn. Die etiese verhouding is nooit 'n verhouding van gelykes nie, maar ‘n verhouding tussen ongelykes. Die verhouding is altyd asimmetries. Etiese bewussyn is nie ‘n ervaring van waardes nie. Die uiteindelige Ander is God. Etiese bewussyn begin wanneer die nood of behoeftes van ander my oë oopmaak vir wat ek doen. 'n Dialoog begin as roep tot ‘n “dieper” bespreking. Die oneindige verskil tussen die ek en die ander, en die verpligting wat die ander op die ek lê, word ‘n etiese konneksie genoem. “As ek sien” is dit nie omdat ekself die lig aangesit het nie, maar omdat die lig van buite myself kom. Ek ervaar dit eers nadat hierdie onherroeplike gebeurtenis plaasgevind het (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:95).

4.3.4 DIE ANDER IS SOOS EK

Emilio Lussu, 'n Italiaanse offisier, skryf in sy outobiografie van 'n gebeurtenis op die gevegsfront, tydens die Eerste Wêreldoorlog in September 1916. Dit was in die middel van die oorlog. Hy moes die posisie van 'n 37-mm kanon bepaal wat vir lank die posisie van die Italianers gebombardeer het. Hy het gekruip tot by 'n plek waar hy die vyand se posisie kon bestudeer. Toe hy 'n Oostenrykse offisier sien, het hy sy geweer op hom gerig. Terwyl hy 'n geweer rig op hierdie offisier, het die offisier 'n sigaret aangesteek. Daardie sigaret het onverwags 'n bond of verhouding tussen hulle geskep. Die oomblik toe hy die rook van die sigaret gesien het, het hy ook lus geraak om te rook. Hy het outomaties besef dat die geweer wat op hierdie soldaat gemik is, nou 'n doelbewuste of opsetlike handeling word. Hy het ontdek dat hy 'n geweer op 'n persoon of mens gerig het. Hy het sy vinger verslap op die sneller en begin dink ... Ek het 'n mens voor my, 'n mens. 'n Mens! (Meulink-Korf, & Van Rhijn,2016:96). Hierdie ontdekking was nie die resultaat van 'n etiese spreekwoord nie. 'n Paar toevallige besonderhede bring Lussu se huiwering. Hy sien die Oostenryker 'n sigaret aansteek. Hy sien die sigaretrook. Hy sien hom die rook intrek en uitasem. Wat sien Lussu? 'n Persoon wat onskuldig tot rus kom.

Hier vind 'n verandering plaas. Die toneel verander. Afstand en nabyheid is geen ruimtelike kategorieë hier nie, maar eties!. Deur die sigaret kom die ander persoon naby aan hom. Hy ontdek dat daardie Oostenryker is soos hy. Lussu se "ek" word skielik 'n "ons". Dit reflekteer iets wat in hom gebeur het. Die verandering van toneel wat plaas gevind het, is in feite 'n metamorfose wat in Lussu plaas gevind het. Hy het begin dink, wat eintlik beteken dat hy bewus geraak het. Selfbewussyn. Lussu is nie die norm wat die ander meet nie; dit is die teenoorgestelde! Hy ontdek homself gemeet aan die grootte van die ander. Die ander persoon is die norm waardeur hy gemeet word; en hy word daarvan bewus. Dit het gebeur nog voordat hy daarvan bewus raak. Die bewustheid volg (Meulink-Korf, & Van Rhijn,2016:97). Die skerpskutter word die slagoffer. Lussu ervaar 'n skeuring of verdeling. Vir 'n oomblik, in 'n split van 'n sekonde, word hy twee persone. Hy word verkenners en slagoffer in dieselfde tyd. Dit maak dit vir hom onmoontlik om verder die sneller te trek. Hy word verantwoordelik vir hierdie Oostenryker, omdat hy soos ek is. Hierdie gebeure word plaasvervanging genoem (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:98).

"Om bewus te wees van" sê Levinas, beteken tyd om die oomblik van onmenslikheid te vermy. Dit is presies hierdie gedurige uitstel van die uur van verraad - die verskil tussen mens en nie-mens. Elke filosofie het sy eie basiese vraag en sy "Sitz im Leben". Vir Levinas was

die basiese vraag: Hoe is dit moontlik dat 'n persoon 'n inherente nie-kontraktuele verantwoordelikheid het vir iemand anders? Dit is amper asof jy in daardie verantwoordelikheid gelok is. Dit is 'n beskrywing van medelye en solidariteit met die ander: *Misericordia* (Latyns) impliseer dat iemand anders se ellende onherroeplik my bekommernis is. Iemand spreek my sonder woorde aan. Die "ek", 'n superieur, word 'n dienaar wanneer hy of sy op hierdie manier aangespreek word (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:99). Om hierdie deernis en solidariteit te verloën, word skuld genoem.

4.4 GEDULD

Geduld is 'n verdagte idee, veral in pastorale terapie en ander werke van die kerk. Dikwels word verkondig dat 'n persoon moet onttrek of terugstaan wanneer daar vrees is vir rebellie en rewolusie. Die verkondiging van geduld was en is deel van 'n konserwatiewe strategie, vanuit eiebelang. In prediking word geduld soms in die negatiewe sin van die woord gebruik: moralisering. Respek vir die geduld van 'n persoon met 'n ander persoon en verskeie ander, word geassosieer met 'n relasionele etiese perspektief op menseverhoudinge. Die erkenning hiervan word as 'n belangrike taak vir DIPP beskou.

Geduld het verskeie kante. Dit gaan oor die geheim van Hoop, in onself en in ander: om 'n onverwagte derde te ontmoet. Pastorale sorg is soortgelyk aan liturgie. Die etimologiese betekenis van liturgie, *leitourgia*, is 'n vrywillige (onbetaalde) diens tot die gemeenskap. Dit is 'n vrywillige werk van vryheid, waarvoor die persoon wat dien geen resultate ontvang as beloning nie. Die doel is hoop in die gemeenskap vir die koningskap van God, waarvan slegs geduld seker is. In die liturgie vier ons iets wat nie daar is nie. Die liturgie hanteer elke dag se realiteite waarin ons mens is in 'n bepaalde perspektief. 'n Persoon kry verskillende perspektiewe op realiteit: 'n etiese en eskatologiese perspektief.

'n Persoon wat as terapeut betrokke raak in die lewe van ander word gevra om die situasie te verduur van die gemeentelid wat 'n veelvuldige, nie-kontraktuele verantwoordelikheid dra. Dit vra geduld van die predikant. Maar dit verg minstens net soveel aandag vir die geduld van die gemeentelid in sy verhoudings met derde partye (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:158).

Die moderne mens sien nie meer sy verhouding met die natuur en die wêreld as goddelike voorsienigheid nie. Strewende na verbetering, vir innovering, vra ongeduld: moontlik selfs

gewelddadige revolusionêre verandering. Levinas wys daarop dat die moderne wêreld die grootheid van geduld vergeet het. Die vinnige en effektiewe optrede van die moderne wêreld het die vermoë om te wag en te ly, laat verdwyn. Die fokus van die revolusionere gees van die bevrydingsteologie was ‘n pleit teen berusting – om maar net alles te aanvaar. ‘n Pleit om nie op te hou en moeg te word vir die stryd vir regverdigte verhoudings nie. Geduld was as onvanpas gesien. 'n Mens moet herinner word aan die uitnemendheid van geduld; nie deur onttrekking teen die rewolusionêre gees te verkondig nie, maar om die noodsaaklike band te ervaar wat ware revolusie met die gees van geduld verbind (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:159). Geduld raak uitgedien in ‘n moderne wêreld (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:160).

Wat leer die Bybel ons oor geduld? In beide die Ou en Nuwe Testament word die mens se geduld beskryf – ‘n persoon se geduld met sy medemens of ‘n mens teenoor God. In die Hebreeuse teks word verwys na God as “*Erek Appaim*” wat beteken stadig/traag tot woede en geduld. Dieselfde word van die mens gesê in die wysheidsliteratuur (Spreeke). Die Stoïsyne wys ook daarop dat om beheer te verloor ‘n onbeskaafde optrede is. In die Bybel het dit nog ‘n eienskap. Dit is nie nie onbekaafd om beheer te verloor nie, maar dit kan ook moordadig/moordend wees (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:161). Levinas, vanuit sy studie van die *chokma* (wysheid) van die Bybel, reflekteer dat vir die mens is geduld om op God te wag. Geduld en respek vir die wêreld is aan mekaar gekoppel. Byvoorbeeld Job, sy verwagting van goddelike ingryping bemagtig hom om in die wêreld te volhard.

Tekste in die Nuwe Testament beskryf die gereedheid tot martelaarskap. Die volharding van die martelaar is nie gebaseer op intra-psigiese faktore nie, maar kalmte in die verbond - die vroom/regverdigte man vertrou God se getrouheid. In die Nuwe Testament dui “*hupomene*” geduld aan as volharding deur die mens, en “*makrothumia*” dui op geduld of lankmoedigheid aan die kant van God of van die mens in die navolging van Jesus of die profete. In Jakobus 5: 7-11 lees ons: "*Wag dan geduldig, broers, totdat die Here kom. Let op hoe die boer wag vir die kosbare oes wat die land oplewer. Hy wag geduldig daarvoor totdat dit die vroeë en die laat reëns gekry het. Julle moet ook geduldig wag en moed hou, want dit is nie meer lank nie, dan kom die Here. Moenie oor mekaar kla nie, broers, sodat julle nie veroordeel word nie. Die Regter staan al voor die deur. Broers, neem die profete wat in die Naam van die Here gepraat het, as voorbeelde van lyding en geduld. Ons noem hulle geseënd omdat hulle volhard het. Julle het gehoor van die volharding van Job en julle het gesien waarop die Here*

dit laat uitloop het. Die Here is immers ryk aan barmhartigheid en ontferming.” (Bybel,1983)
 Die oproep om geduldig te wees tot die koms van die Here word opgevolg met die werkwoord "*makrothumeo*". Jakobus vra om verdraagsaam te wees, want die Regter staan by die deur. Die oproep om na die profete te kyk oor hoe hulle pyn en lyding hanteer het, is om te wys op geduld – om te wag op die Here. Eksodus 20- Jy mag nie moord pleeg nie (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:162).

Verwant tot "*patientia*" (geduld) is "*perseverantia*" (volharding). In klassieke leringe van die kerk word gewys op die "gawe van volharding". Dit het die betekenis van bewaring of beskerming van die gelowiges in vervolging en verdrukking, en die geduld van hoop tot aan die einde. Die volharding van die gelowige is gebaseer op God se getrouheid. Deur die genade van God word hierdie persoon bevry tot nuwe vryheid; 'n vryheid om spontaan goed te doen. Volharding is nie 'n strategie nie, maar 'n geskenk. Die Reformasie beklemtoon dat redding net deur genade en geloof alleen is. Die Sinode van Dortdrecht sê dat geloof gegrond is op God wat uit genade verkies, en volharding in die geloof is gebaseer op God se getrouheid. Om te glo is ook die voortdurende vertrouwe op God se beloofde getrouheid. 'n Persoon verkry identiteit en kontinuïteit, nie deur vas te hou aan die bestaande nie, maar om oor te gee aan 'n konkrete lewe. Om oor te gee aan die lewensverandering is moontlik omdat hierdie persoon (miskien) weet dat hy of sy deur God gevind is. In volharding is daar 'n element van lyding.(Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:163).

As 'n persoon bestaan vir die ander, word hy of sy aan die ander oorgelaat. Dit is die ander een wat jou planne gekruis het. Die ander bring jou tot verantwoordelikheid, sonder dwang. Die appèl op jou is: laat my lewe! 'n Persoon gebruik sy of haar lewensenergie as 'n geskenk aan die ander, as 'n geskenk sonder belonings. Levinas noem dit diakonia of liturgie. Liturgie is 'n werk sonder beloning, waarvan die beloning nie in die tyd van die werker bereken word nie, en waarvan slegs geduld seker kan wees. As die ander as 'n ander gerespekteer word, gee 'n persoon afstand van sy of haar greep op die situasie. Dit beteken nie dat 'n persoon homself verdwyn nie, maar eerder dat hy of sy 'n subjek word in die etimologiese sin van die woord: om te ondersteun. Dit is passief. Dit is 'n passiwiteit wat sy eie lewens energiebronne aan die ander bied. Hierdie gee aan die ander is natuurlik aktief.

Geduld is 'n beweging van uitnemendheid. Dit wil sê dat 'n persoon sonder dwang aangespreek word vanuit 'n elders waaroor hy of sy geen beheer het nie. Geduld is hoop, en

hoop is geduld (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:164). Wat gebeur as 'n persoon nie hierdie verwagting het nie? Dit sou beteken dat jy nie op die een of ander manier sou glo dat daar 'n belofte is wat verband hou met jou lewe en die lewens van ander en toekomstige geslagte nie. Dit sou jou sonder perspektief laat en jou sinies kan maak. 'n Persoon is nie toegerus met hierdie hoop nie. Die enigste sekerheid is dat geduld nie die produk is van ons eie hande nie. Persone word geïnspireer deur die aanmoediging van ander. Dit word ervaar as 'n seëning. Geduld is gekoppel aan die herinneringe van persone wat vir jou die weg gewys het – moeders, vaders, onderwysers en ander mense. Om met geduld te leef, is ons bemagtig en toegerus te wees deur die lewe van beduidende ander (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:165).

Geduld het ook 'n ander moontlikheid: Geduld gebaseer op vertroue. Dit speel 'n rol waar volwassenes verantwoordelik is vir jonger mense. Die vertroue dat die kind of jongmens eendag “dit” sal kan doen; wat “dit” ook al mag wees – leer om fiets te ry, eie geldsake te hanteer, leer hoe om stres te hanteer. Waar kom die vertroue van die ouer in die kind vandaan? Hierdie vertroue is gebaseer as niks anders as vertroue nie. Wanneer dit kom by kinders wat tydelike of permanente sorg nodig het, is hierdie vertroue baie spesiaal. Dit is 'n vertroue wat iemand nie afskryf nie, maar dit is vertroue in die persoon en sy of haar toekoms. Geduld is nie blind of onbeperk nie. Vorige geduld was nie nutteloos nie.

Die term moratorium word gebruik in kontekstuele terapie vir 'n pouse of ruskans in moeilike verhoudinge tussen persone wie vir mekaar belangrik is. Dit gaan om die voordeel van om te wag. Die persoon bly verantwoordelik vir 'n aktiewe soeke na verbetering in die verhouding. Verbindingsvrae is belangrik (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:168). 'n Moratorium is 'n vorm van geduld en 'n strategie wat nie noodwendig oneties is nie. Die doel van hierdie pouse of rus is om te verhoed dat die nie-onverskilligheid oorgroei of selfs vernietig word deur intense en langdurige irritasies. Die plek van die ander bly tel, bly oop en moet beslis nie deur die terapeut gevul word nie. Buber wys ook in dialoog, selfs in erge konflik, dat elke persoon mekaar moet erken, erkenning gee, aanvaar en bevestig. Een ding mag nie gebeur nie: onverskilligheid teenoor die ander. Om tyd te neem, beteken ook die opskorting en uitstel van geweld. Dit lewer meer vrug as die soeke na 'n finale oplossing. Dit geld ook wanneer ouers skei en ter wille van die kinders of ter wille van hulleself, 'n versigtige wyse vind vir hul egskeiding. Dit gaan oor billike sorg vir kinders en die moontlikheid vir ouers om in ruil regverdige betrokkenheid van die kind te ontvang (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:169).

4.5 SKRIFGEDEELTES

4.5.1 GENESIS 28:10-22

Wat leer die verhaal in Genesis 28:10-22 ons oor subjektiwiteit? Na die botsing met Esau, stuur Rebekka vir Jakob, haar geliefde seun, ver weg. Wat is haar motief? In Genesis 27:43-45 lees ons: *“Luister, my seun! Vlug Haran toe, na my broer Laban toe, en bly 'n ruk by hom tot jou broer se woede oor is. As sy bui oor jou gesak het en hy vergeet het wat jy hom aangedoen het, sal ek stuur en jou daarvandaan laat haal. Waarom moet ek julle altwee op een dag verloor?”* (Bybel,1983). Rebekka stuur vir Jakob weg, nie net om haar seun te red nie, maar ook om alle ander te red deur die uitbarsting van geweld te voorkom. Die ander en die moontlike gevolge van hulle besluite, beïnvloed Rebekka se besluit. Sy stel die tyd uit om die skerpte van die konflik te verminder of weg te neem.

In Genesis 28 is die fokus nou op Jakob, as 'n individu. In Genesis 28:11 lees ons: *“Teen sonder het hy by 'n plek gekom waar hy kon oornag. Hy het daar 'n klip vir 'n kopkussing gebruik en gaan lê en slaap.”* (Bybel,1983). Die idee word geskep dat dit 'n toevallige ontmoeting was (Van Selms,1986:88). Die teks praat van "die plek" (*maqoom*). Daar is geen aanduiding van watter soort plek dit kan wees nie. Jakob weet niks daarvan nie. Hy het bloot die nag daar geslaap, omdat die son begin ondergaan het. Die skrywer weet iets wat die hoofkarakter in die storie nie weet nie. Hy weet wat "plek" is. Die woord "plek" het geen geografiese betekenis in hierdie storie nie. *Maqoom* beteken 'n woonplek, 'n plek om te vertoef of 'n plek vir weiding. Dit beteken ook: die (leë) spasie tussen die een en die ander (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:102).

Vraag is: Wat is die betekenis van die woord "plek" in die verhaal van Jakob? In die Talmoud en die Midrash is die plek een van die name wat YHWH/God aandui. God is vernoem na die "skeur in die rots" waar 'n mens kan staan en 'n mens wees, as 'n persoon wat van hom afgeskei is en dus 'n aparte wese. God is dus die plek vir die wêreld. God is die ruimte waar 'n mens kan staan en 'n mens kan wees. 'n Mens het 'n afsonderlike plek met God. God is vernoem na die afstand wat hy in Homself gemaak het, die Ander: vir die wêreld, vir die mens. Daarom noem ons Hom "*ha-maqoom*", die plek (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:104).

Jakob het 'n klip geneem, met sy kop daarop gaan lê en aan die slaap geraak. Die teks sê dat Jakob 'n droom gehad het. Hier is 'n nuwe element in die verhaal: God self verskyn aan Jakob (Van Selms,1986:89). 'n Droom kan slegs betekenis hê as 'n persoon daarmee wakker word. Slegs dan kan 'n droom geïnterpreteer of verduidelik word, deur die dromer wat wakker geword het. Dit is wat met Jakob gebeur wanneer hy wakker word in Genesis 28:16-17: *“Die Here is op hierdie plek, en ek het dit nie besef nie.”* Jakob het bang geword en gesê: *“Hoe skrikwekkend is hierdie plek!”* (Bybel,1983). Meulink-Korf en Van Rhijn vertaal skrikwekkend met asemrowend (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:105).

Wanneer Jakob wakker word van sy droom, interpreteer hy sy droom vanuit die begrip van “die plek”. Die plek is die sleutel waardeur die droom geïnterpreteer en betekenis gegee kan word. Die plek is Jakob self, waar hy is; of beter nog, waar hy opgeëindig het. Wat het Jakob gedroom? In Genesis 28:12-15 lees ons: *“Hy het gedroom: 'n leer staan op die aarde en die punt van die leer raak aan die hemel, en engele van God klim op en af met die leer. Toe kom staan die Here by Jakob en sê: “Ek is die Here die God van jou voorvader Abraham, die God van Isak. Ek sal die grond waarop jy lê, vir jou en jou nageslag gee. Hulle sal so baie wees soos die stof van die aarde, en jy sal jou gebied na alle kante toe uitbrei, en in jou en jou nageslag sal al die volke van die aarde geseën wees. Ek is by jou en Ek sal jou beskerm waar jy ook al gaan. Ek sal jou na hierdie land toe terugbring. Ek sal jou nie in die steek laat nie. Ek sal doen wat Ek jou beloof het.”* (Bybel,1983). In sy droom het hy het 'n leer op die aarde gesien, met sy boonste punt wat tot by die hemel gekom het, en die engele van God het daarlangs op- en afgeklim. Dit kan geïnterpreteer word as God staan op die aarde oor Jakob of God staan aan die bokant van die leer (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:105).

Die verhaal eindig nie hier nie. Daar is 'n tweede droombeeld wat oorneem. Die vreemde van die teks is dat God Homself op dieselfde manier bekendstel as vir Moses by die brandende bos (Eks 3:16), en - selfs meer eksplisiet - soos in die eerste woord van die Tien Gebooie: "Ek (is) die Here" (Eks 20: 2); Dit is in Hebreeus sonder die werkwoord. Met ander woorde, die skrywer vestig 'n kontinuïteit tussen die "God van Abraham en Isak" en die God van diegene wat Jakob sal volg.

Daar word nie in die algemeen oor God gepraat nie, maar as die God van sy oupa Abraham, en sy vader Isak - ten minste drie generasies later volgens Eksodus. Op grond van die teks word kortliks na vier punte gewys:

- Die posisie van God – YHWH – in die droom. By die punt van die leer wat die hemel raak of onder op die grond waar Jakob lê.
- “*Ek sal vir jou en jou nageslagte die land gee waarop jy lê.*” Die woord “land” beteken grond wat geskik is vir mense om in te bly. Ek sal vir jou gee. “Gee” beteken nie dat dit ooit ophou om 'n geskenk te wees nie. Die land sal nooit ophou om iets te wees wat gegee is nie. Dit is nie soseer 'n beloofde land as 'n toegelate land nie (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:107).
- Die vergroting perspektief. “Hulle sal so baie wees soos die stof van die aarde, en jy sal jou gebied na alle kante toe uitbrei, en in jou en jou nageslag sal al die volke van die aarde geseën wees.” Die uitdrukking “stof van die aarde” kan baie goed verwys na die verhaal oor die skepping van die mens in Genesis 2: 7. “Stof van die aarde” is die materiaal waarmee God vir Adam (mens) van die begin af geskep het, dit is dieselfde stof. En God het die asem van die lewe in sy neus geblaas, en die man het 'n lewende wese geword “(Gen 2: 7b). Geïnspireerde stof; stof van die grond af. Dit word opgevolg met die sin: “Al die stamme van die aarde sal hulleself seën met jou, en met jou nageslag.” In die taal van die Hebreeuse Bybel beteken “seën”: om te prys, te bevestig, te vestig, welkom. Jy kan sê: “Geseënd is hy wat in die Naam van die Here kom” vir 'n gas vir wie jy ruimte skep in jou eie huis (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:108). Dit gaan nie oor mag nie, maar diens aan “alle ander”, alle stamme. Dit is amper soos om weggee te word aan al die ander, sodat dit geseën sal word. Die persoon word omgekeer om daar te wees vir die ander, die vreemdelinge.
- Is dit nie eintlik: “Jy sal ‘n kamer (plek) wees vir ander? Dit is nie: “Jy in plaas van ander” of “ander in plaas van jou” nie. Dit is “waar die een is, die ander kan nie daar wees nie”. Maar die “menslikheid” is nie een nie maar twee: een (ek) en die ander (jou). Indien dit moontlik is, dan is dit 'n storie oor die skepping van die menslike wat 'n wese-vir-ander is; 'n verkiesing vir 'n nie-kontraktuele verantwoordelikheid vir ander, wat vryheid voorafgaan. Dit word subjektiwiteit genoem.

Wanneer Jakob wakker word van sy droom, gee hy betekenis of verduideliking van sy droom. Sy eerste woorde in Genesis 28:16-17 is: “*Die Here is op hierdie plek, en ek het dit nie besef nie.*” Jakob het bang geword en gesê: “*Hoe skrikwekkend is hierdie plek! Dit is niks anders nie as die huis van God; dit is die poort van die hemel.*” (Bybel,1983). “Huis van God” dui nie op die fisiese woonplek van God nie, maar die plek waar God toeganklik is

(Van Selms,1986:90). Jakob noem hierdie plek Bet-El – Huis van God. Baie kan oor hierdie teks gesê word. Dit: Jakob getuig van die transformasie, die ommekeer, wat tot hom gekom het in sy droom en dat die woorde “ANOKI YHWH” hieraan gekoppel is. Jakob getuig in sy eie taal en kulturele vorme. Dit beteken dat God getuig van Homself in die verwysingsraamwerk van ‘n mens - in hierdie geval van Jakob - in die oneindige respek vir die ander (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:109).

4.5.2 GENESIS 27

As die storie as ‘n verhaal gelees word, is die versoeking groot om die boek met 'n sug toe te maak oor die morele onreinheid, misleiding, die gebrek aan gesonde verstand wat almal onaanvaarbare dinge laat doen: wedywing, misbruik van ander en immorele bedrog. ‘n Mens is geneig om te oordeel; partye word van bo af beoordeel. In hierdie sin is die verhaal oneties en grens aan die immorele (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:57). Selfs die verwysing na die blindheid van Isak is vreemd. Om die blindheid van 'n persoon uit te wys, was nie net verbode op grond van menslikheid nie; God self hou toesig oor die handeling met blindes en dowes – Lev 19:14; Deut 27:18 (Von Rad,1972:277). Tog is die merkwaardige van hierdie verhaal dat al die partye onpartydig optree. Dit is ook moontlik dat ‘n mens geneig is om kant te kies vir Esau of vir die halfblinde Isak. As dit gebeur, kyk jy ook van bo na die verhaal. In die verhaal kies niemand kant vir Esau nie; en niemand konsidereer die bejaarde Isak nie. Niemand veroordeel moeder Rebekka omdat sy haar man bedrieg het en dat sy haar seun aangemoedig het om oneerlik te wees nie. As ‘n mens bo die verhaal staan, skeep jy 'n ander storie. Jy as leser, 'n derde, begin oordeel. Die verhaal self ken geen van bo-posisie nie. Selfs God is in die verhaal geen god bo die partye nie. Hy is êrens in die verhaal, maar doen niks. Hy tree op as 'n orakel; Isak praat in sy naam terwyl hy Jakob seën, alhoewel hy 'n vermoede het dat hy mislei word. God tree in hierdie verhaal slegs op as 'n betekenaar van beide die orakel en waar Jakob, vermom as Esau, geseën word. God wat hier intree, dui op die erns en onherroeplikheid van die optrede van die waarnemende persone: Rebekka se swangerskap en Isak wat die vermomde Jakob seën.

Die struktuur van die verhaal is interessant: dit gaan oor 'n groep – ‘n familie. Hulle vier is egter nooit saam nie. Die interaksie vind uitsluitlik in 'n dualiteit plaas. As die een met die ander praat, tel die ander blykbaar nie. As Jakob met Esau onderhandel oor sy eersgeboortereg en Esau dit verruil vir 'n bak lensiesop, is die ouers afwesig. Isak

onderhandel eksklusief met sy oudste seun, Esau, wanneer hy hom wil sien voor sy afsterwe. Rebekka hoor hierdie gesprek en onderhandel met haar seun, Jakob, dat hy homself moet vermom soos Esau, sodat Isak hom moet sien en nie vir Esau nie (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:57). Die hele plot van die storie vind plaas tussen twee persone asof daar nie 'n derde of vierde party is nie. Die geheime aard van dualiteit vind plaas binne 'n dinamiese konteks. Die stelling word gemaak dat hierdie konteks die optrede van enige dualiteit beheer. 'n Konteks waarin elkeen sy of haar eie perspektief het. Elke individuele perspektief is bekommerd oor die perspektief van die ander; en die plek van die ander. Die optrede van die een word gekondisioneer of beïnvloed deur die plek wat die ander inneem vanuit die perspektief van die een.

Jakob en Esau beïnvloed en vorm mekaar. Hulle kan nie altwee op dieselfde plek wees nie. Dit is natuurlik ook die bron van hulle probleem. Hulle identiteit word bepaal vanuit die negatiewe. Hulle is nie dieselfde nie – die een is wat die ander nie is nie. Hulle verskille word gemeet vanuit die negatiewe. Hulle is 'n tweeling. In die kultureel-antropologiese literatuur en mitologie word 'n tweeling gesien as 'n bron van wedywering, geweld en konflik in 'n gesin. Die geboorte van 'n tweeling in die antieke tyd was gesien as 'n slegte teken; 'n tweeling bring 'n ramp oor 'n gemeenskap. Hoekom? 'n Tweeling word gesien as die primêre beeld van die uitwissing van sosiale differensiasie wat noodsaaklik is vir die lewe van 'n gemeenskap; en as gevolg van die wedywering. Die wedywering is nie die resultaat van twee persone wat op dieselfde objek gefokus is nie. 'n Subjek begeer 'n objek omdat sy of haar mededinger dit begeer. Dit is die begeerte van die een wat die ander se begeerte na dieselfde objek uitlok. Hulle boots mekaar se begeerte na en word 'n tweeling in begeertes: gelykes en dus teenstanders. Mededingers begeer uiteindelik mekaar se wese. “Ek wil soos jy wees.” Hulle probeer om mekaar se wese te bemeester en so maak die een die ander dood. En dan kom daar wraak.

Honger dryf Esau na Jakob se lensiesop. Jakob sien die geleentheid en vra 'n prys. In Genesis 25:31-33 staan: “*Toe sê Jakob vir hom: ‘Verkoop eers jou reg as eersgeborene aan my.’ Esau het geantwoord: ‘Ek gaan tog sterf. Wat baat dit my om die eersgeborene te wees?’ Jakob sê toe vir hom: ‘Beloof my nou met 'n eed dat jy jou reg as eersgeborene aan my oormak.’ Esau het dit gedoen en so sy reg as eersgeborene aan Jakob verkoop.*” (Bybel,1983). Gevaarlike wedywering en geweld word verhoed deur middel van handel of bedinging: 'n oplossing wat moontlik is deur 'n ooreengekome differensiasie. Hul optrede bly

gekondisioneer deur die begeerte van wat die ander het en is (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:58). Daar is 'n rasonale lewenswyse. Die een kry lensiesop (voeding) en die ander eersgeboortereg (posisie). Dit is ook omgekeerd waar. Die ooreengekomde ruilhandeling kan inderdaad gelees word as 'n verligting, 'n opskorting van die bouse kringloop van begeertes. 'n Kompromie terwyl dit hou.

Die onseker verhouding tussen die tweelingbroers word weerspieël in die handeling van die moeder en vader. Die vyandigheid tussen die broers verdeel die vader en moeder. 'n Mens kan ook beweer dat die voorkeur van elkeen van die ouers verdeel die tweeling. In Genesis 25:28 staan: *“Isak het vir Esau voorgetrek, want Isak het van wildsvleis gehou. Rebekka weer het vir Jakob voorgetrek.”* (Bybel,1983). Hulle verskillende geaardhede het gemaak dat een bo die ander gekies is. Vraag is: Waar het die konflik en die onenigheid regtig begin? Meulink-Korf en Van Rhijn (2016:59) wys daarop dat hierdie vraag sinloos is. Want die vraag is die vraag na die oorsaak daarvan en die vraag van die oortreder. Daar is geen oorsaak nie; die konflik is daar. Wanneer 'n skuldige uitgewys word, lyk dit soms asof 'n saak reggestel kan word, maar dit is in werklikheid olie op die vuur omdat persone in 'n bouse kringloop vasgevang is. Dit is nie 'n stryd van almal teen iemand of almal teen almal nie. Sosiaal wys dit op inter-individuele geweld, die ongedifferensieerde chaos wat elkeen individueel in besit neem.

Die verhaal fokus ook op die taktiek van die vermomming. Wanneer Isak sy oudste seun, Esau, wil sien (siel en lewe) voordat hy sterf, hoor Rebekka van sy plan en sê vir Jakob (seun van haar voorkeur) om hom te bedek met 'n Esau-masker (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:60). Interessant dat Rebekka die woorde *“... in die teenwoordigheid van God”* byvoeg. Hierdie woorde beteken nie dat Jakob met God rekening moet hou nie, maar eintlik met Rebekka. Sy gee gesag aan haar opdrag (Van Selms,1986:77). Isak sien die een wat verteenwoordig is deur die masker. Die masker is nie dieselfde as 'n nagmaakte masker nie. In die antieke godsdiens het 'n masker sy eie krag gehad. Dit bied as werklikheid dit wat dit wegsteek; en dit verberg die onrealistiese wat dit bied. Die masker openbaar deur te verberg en verberg deur te openbaar. Die persoon wat die masker dra, is die masker; die masker werk en doen, dit werk omdat dit gedra word. Dit is ironies dat Rebekka dink dat Isak, half blind, nie die verskil sal ken tussen die vel van 'n jong bokkie en die armhare van sy oudste seun nie. Sy verwag van hom om te val vir hierdie taktiek. Isak aan die ander kant behoort die verskil te ken tussen Jakob se stem en Esau se figuur. Dit lyk asof hy die verskil bloot ignoreer

en die gevolge vermy. Isak laat die masker sy werk doen. Blatant gesê: Hy laat die masker besluit.

Die teks toon 'n beeld van die antieke offerritueel. Die idee van die bloedoffer is om minder geweld uit te oefen om sover as moontlik gewelddadige rampe te voorkom. Beide Rebekka en Isak bring 'n offer. 'n Offer waar die konflik dreig om gewelddadig te word. Rebekka kies vir Jakob en offer vir Esau; Isak kies om vas te hou aan Esau se geboortereg. Nie een van die twee voer hul keuse uit nie en offer die een of die ander direk. Die ompad is: twee jong bokke. Rebekka gee twee jong bokke as plaasvervanging vir Esau, wat sy offer sodat sy vir Jakob kan red. Isak aanvaar die plaasvervanging en misluk om te handel volgens wat hy sien. Om die teenstrydigheid te bedek word twee jong bokke geoffer.

Is Esau die derde in hierdie verhaal? Die *modus vivendi* wat Rebekka, Isak en Jakob met behulp van die twee jong bokke gevind het, is gebaseer op die uitskakeling van die derde. Deur hierdie twee jong bokke word die gevaar en die vrees vir gewelddadige konflik verhoed (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:60). Die verhaal kan gekoppel word aan die Dag van Versoening (Yom Kippur) in Levitikus 16. In die Hebreeuse teks gee Rebekka vir Jakob die opdrag om twee goeie bokke vanuit die trop te kies. Wat is goed? In hierdie verhaal is die bokke goed, want deur hulle ontvang Jakob seën. Hulle is ook goed vir sy afstammeling wat vergewe sal word op die Dag van Versoening (Yom Kippur). In Levitikus 16:33 staan: "...*en die altaar reinig en versoening doen vir die priesters en die hele gemeente.*" (Bybel,1983).

Die verteller wys daarop dat beide ouers geweet het wat hulle doen, maar hulle probeer dit wegsteek. Jakob, die geseënde, bly opgesaal met die probleem van die ander, die broer. Hy bly besig met die vraag "om te wees en nie te wees nie"? Hoe is dit moontlik dat 'n persoon, as 'n wese, terselfdertyd 'n verantwoordelikheid het vir die ander wat nie jou outomatiese keuse was nie? Met hierdie verstrengeling begin etiek. Omdat daar geen oplossing is nie, moet een van die betrokkenes iets doen wat 'n weg vorentoe moontlik maak; 'n manier buite die konflik. (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:61).

4.5.3 1 SAMUEL 16-18

Swyg het baie gestaltes en agtergronde, as dit verbind is met lojaliteit of dislojaliteit. Daar kan geswyg word in die vorm van woorde wat niks sê nie, en dan is daar woorde wat die

spreker nie bind nie. 'n Persoon kan swyg uit vrees vir die wraak van 'n groep (skuldige swyg) of ter wille van 'n allibi (skynheilige swyg). Daar bestaan ook iets soos 'n heilige swyg. 'n Persoon kan swyg, dit wil sê om 'n streep te trek rondom sy of haar woorde, om 'n ander nie te verwond nie, of om te eer, selfs om die bestaan van die ander te red.

'n Treffende voorbeeld van swyg om die eer en die bestaan van 'n ander te red, vind ons in die ontmoeting tussen Dawid en Jonathan. Koning Saul is eintlik afgeskryf. Saul is deur God as koning verwerp. Hy verval op onreëlmatige tye in dwaling en depressie. “'n Bose gees wat die Here gestuur het” oorval hom dan. Die hofhouding weet dit, maar hanteer dit as 'n staatsgeheim. Die fiksie dat Saul gebalanseerd is en regtig koning is, bly gehandhaaf. Nou en dan moet 'n sitiespeler kom en vir hom kom speel. Dawid, die jongste seun van Isai uit Bethlehem, kom so gereeld as moontlik in die paleis. In 1 Samuel 16:23 staan: *“Telkens wanneer die boosaardige gees in Saul was, het Dawid die lier gevat en daarop gespeel. Dan het Saul bedaar, en die boosaardige gees het van hom af padgegee.”* (Bybel,1983).

In hoofstuk 17 word die verhaal vertel van Dawid wat vir Goliat, die reus, met 'n klippie en slingervel verslaan het (Van Rhijn & Meulink-Korf,2001:131). Toe Saul vir Dawid sien uitgaan, vra hy vir Abner, die hoof van die leer: “wie se kind (na'ar) is dié jong man tog?” Abner beweer hoog en laag dat hy hom nie ken nie. Abner bring Dawid na die koning sonder kommentaar of verduideliking. Saul vra dan vir Dawid: “Seun, wie se kind (na'ar) is jy?” Almal maak asof hulle Dawid nie ken nie. Hierdie geveg word geïnterpreteer as die behoud van die fiksie dat daar absoluut niks verkeerd met Saul is nie. Saul en sy gesin is uiters kwesbaar in die verhouding tot die mense. Dawid antwoord op die vraag van Saul: “Die kind van u onderdaan Isai, uit Betlehem,”. Punt. Saul word nie deur Dawid verraai nie.

In hoofstuk 18:1 lees ons: *“Het geschiedde nu, als hij geëindigd had tot Saul te spreken, dat de ziel van Jonathan (de zoon van koning Saul) verbonden werd aan de ziel van David; en Jonathan beminde hem als zijn ziel.”* (Statenvertaling,1637). 'n Woord te veel en die koning, die vader, sou die volk ten prooi geval het. *Wajehi kechaloto ledabbeer*: die swye van Dawid tref Jonathan in die siel. Ons hoor wat Dawid doen: ons hoor dat hy klaar is met die gesprek. Hy beperk die gesprek. Dawid toon respek teenoor Saul en Jonathan erken in 'n oogwink as 'n gebaar van 'n broer. Van nou af sal broederliefde Jonathan en Dawid met die dood verbind. Die vriendskap of liefde van Jonathan en Dawid het aan die kant van Jonathan as lojaliteit

teenoor sy vader Saul begin. Die vriendskap tussen Dawid en Jonathan sal hulle verhouding as lojaal en broederlik kwalifiseer.

Die vraag: Wie se seun is jy?, kom drie keer voor. In 1 Samuel 17:55 en 58 word die woord “*na’ar*” gebruik. In 1 Samuel 17:56 vra die koning vir Abner: “Vra jy tog wie se kind die jong man is.” Die woord “*alèm*” word gebruik. Die stam “*alm*” beteken “verborge is”. Die leser of hoorder - beslis ook deur hierdie woord “*alèm*” - word opgeroep om te besin oor die vraag: Wie is die Dawid? Hierdie vraag verwys ook terug na 1 Samuel 17:12 en 15. ‘n Variasie van die vraag kom terug in 1 Samuel 25:10 (Van Rhijn & Meulink-Korf,2001:132).

In die konteks van die verhaal word Dawid se swye ervaar as suiwer eties. Dit word ook so deur die koning se seun as sodanig erken en hy word as 'n broer erken. Dit is 'n stilte wat nie minder is as 'n woord nie, maar meer as 'n woord (of 'n saak). 'n Stilte wat nie 'n sameswering is nie; en 'n liefde wat nie 'n ooreenkoms is nie, maar vertrou. Boszormenyi-Nagy se verstaan van lojaliteit, as 'n metode van verhouding, is baie gelyk aan die betekenis van “*chèsèd*” in die Hebreeuse Bybel. Die verbond (“*berith*”) wat Dawid en Jonathan gesluit het (iets anders as 'n ooreenkoms of kontrak), verplig beide (dus: heen en weer) tot 'n regsverhouding wat bepaal word deur “*chèsèd*”. Vanuit 'n gesinsoogpunt beteken lojaliteit dat gesinslede - volwassenes en kinders - veilig bymekaar is, nie mekaar verraai of laat val nie. Die kriterium vir die etiese inhoud van lojaliteit is wat ons uit die Hebreeuse Bybel as “*chèsèd*” ken (Van Rhijn & Meulink-Korf,2001:133).

4.5.4 MATTEUS 20:1-16

‘n Eienaar van ‘n wingerd het elke môre vroeg uitgegaan om arbeiders te huur om in sy wingerd te werk. Hy het met hulle ooreengekom om elkeen ‘n dagloon (penning) te betaal. ‘n Dagloon of penning was genoeg om ‘n gesin te onderhou. Teen nege-uur sien hy mense werkloos op die mark en huur hulle ook om by hom te kom werk. So gebeur dit ook teen twaalfuur, drie-uur en vyfuur. Teen die aand het die eienaar sy voorman beveel om almal se dagloon te betaal – beginnende by die laaste en eindig by die eerstes. Almal ontvang dieselfde loon. Die wat eerste begin werk het, is kwaad, omdat hulle die hele dag moes werk.

Jesus antwoord met hierdie gelykenis op die vraag van Petrus in Matteus 19:27: “*Kyk, ons het alles verlaat en U gevolg. Wat sal ons daarvoor kry?*” (Bybel,1983). Hierdie gelykenis wys

dat in die verhouding mens-medemens-God dit nie gaan oor 'n koste of voordeel analise nie. Dit gaan eintlik om die vraag: Wat maak dat die Here se goedheid - ook teenoor jou medemens - by jou 'n bese oog wek? Om met 'n bese oog te kyk beteken afgunstig, kwaadaardig of om die ander persoon niks te gun nie (Nielsen,1980:156).

Hierdie gelykenis het twee fokuspunte. As jy begin lees by Matteus 19:16 val dit op dat daar twee gespreksonderwerpe is tussen Jesus en sy dissipels.

Die eerste gespreksonderwerp gaan oor die vraag oor wat is “goed” om te doen. In Matteus 19:16-26 is hierdie vraag eksplisiet aan die orde. Dit gaan oor die vraag van die ryk jongman wat vir Jesus vra oor wat is goed om te doen om “die ewige lewe te verkry” (Van Rhijn & Meulink-Korf,2001:412). Jesus antwoord in vers Matteus 19:17: “*Daar is net Een wat goed is. Maar as jy die ewige lewe wil ingaan, onderhou die gebooië.*” (Bybel,1983). Jesus sê “Een is die Goeie” en dat jy God se wil moet doen. God se wil word geken in die Torah. Wie die Torah leef en gehoorsaam, doen goed.

Die tweede gespreksonderwerp is die vraag na die beloning vir diegene wat alles gedoen het vir die koninkryk van die hemele (die komende wêreld). Die vraag na die beloning is die vraag om die reg op "die eerste plek", naby die troon van God en die Messias (Matt 19: 27-30). Hierdie gesprekvoering is deur Jesus self aangewakker as advies aan die ryk jongman (wat die gebooië nie genoeg gevind het nie) om sy eiendom te verkoop, dit aan die armes te gee en Jesus te volg. Die dissipels sê immers: "... ons het alles verlaat", dit het ons al lankal gedoen. Die hoofstuk eindig met die woorde: “Maar baie wat eerste is, sal laaste wees, en wat laaste is, eerste.” (Matt 19:30).

Hierdie twee temas word in die gelykenis gekombineer. Hier vind 'n verskuiwing in betekenis of mening plaas. Die vraag na die beloning in Matteus 19:27-30 is eintlik die vraag na die plek; of anders gestel: 'n bevooregte en verdiende plek. Dit begin met 'n hiërargie – dit begin met die eerste, dan die tweede, derde, vierde ... plek. In Matteus 20:1-16 gaan dit nie oor 'n plek nie maar om tyd. Die verhouding tussen eerste en laaste het 'n tydsverhouding geword. Die goedheid is dat die laaste as eerstes sal geld. En die verdiende plek van die eerstes blyk die verpligting te wees ten opsigte van die laastes.

Die tydsverskil tussen die eerste en die laaste word nie gelykgemaak deur die beloning nie. Die tydsverskil word gehandhaaf. Hulle bly afhanklik van mekaar tot die einde, die eerste en die laaste; die oudste en die jongste (Van Rhijn & Meulink-Korf,2001:413). Dit is die wil van God. Hy handel as die eienaar van die wingerd. Hy sluit almal in en gee in gelyke mate tot redding (Nielsen,1980:157). Goedheid is wat goed is tussen ongelykes en ongelykhede. Goedheid is nie 'n gelykmaker nie. Die vraag wat gevra word, is: As daar solidariteit tussen die eerste en die laaste is, waar begin dit dan? Van die eerstes? As alles goed gaan, is dit al - omdat hulle die eerste van baie is. Miskien begin dit by laasgenoemde, want hulle leef volgens die meriete van die eerstes wat begin het. Die gelykenis eindig met die woorde: "Dus sal die laaste die eerste wees en die eerste die laaste." (Mat 20:16)

As ons hierdie perspektief sien, beweeg ons na die dimensie van etiek, en ons wil ook hier skryf: van geloof (Van Rhijn & Meulink-Korf,2001:413). Ons kan slegs praat (optree) vanuit die verhouding waarin ek - in die verstrengelde mens-medemens-God - tot verantwoordelikheid geroep word as die eerste, tweede of as laaste: 'n verantwoordelikheid wat nie betaling is nie, maar 'n voorreg en verkiesing. Daardie spesiale vorm van sosialiteit wat meervoud is, kan pastoraal in kontekstuele perspektief wees (Van Rhijn & Meulink-Korf,2001:414).

4.6 SAMEVATTING

Die konteks van Suid-Afrika stel nuwe uitdaging oor hoe pastoraat gedefinieer word. Indien pastorale sorg nie daarin slaag om die konteks ernstig te neem nie, kan daar nie 'n bydrae gemaak word tot transformasie en die heropbou van 'n gemeenskap en samelewing nie. Dit vra 'n ingesteldheid en vaardigheid om te kan luister na die konteks en na die ander binne die konteks. Teoloë word uitgedaag om die nood in samelewings aan te spreek. Die konteks van Suid-Afrika vra vir pastorale teoloë.

Die kontekstuele pastoralesorgbenadering van Hanneke Meulink-Korf en Aat van Rhijn is ontwikkel vanuit die konteks en kultuur waarin mense werklik leef. Dit help om 'n persoon binne die netwerk van verhoudings te verstaan, maar veral ook binne die netwerk van verhoudings tussen verskillende generasies. Hulle klem op relasionele bestaan as mense "coram Deo", voor God, is verhelderend. Die feit dat 'n persoon altyd voor God staan – met ander en terselfdertyd met ander voor God – is persoonlik en beïnvloed 'n persoon se optrede

teenoor die ander persoon. Om voor God te leef is teenswoordige tyd. DIPP hou vas aan die Woord en het altyd betrekking op die Woord van God.

In die relasionele werklikheid van hier en nou is die verlede en die toekoms nie afwesig nie. Elke persoon is uniek en is deel van die weefsel van verhoudinge. Dialoog en vertroue gebeur in die ontmoeting tussen persone. Die manier hoe die ander persoon benader en hanteer word beïnvloed dialoog. Eties beteken dat 'n persoon 'n subjek is wat van die begin af 'n verhouding met 'n ander het. Die etiese verhouding is 'n verhouding met 'n ander persoon wat jy as jou meerdere sien, wat smee dat jy regverdig teenoor hom of haar sal optree. Dit beteken dat die mens ontvang van die begin af 'n verpligting wat hy of sy nie gekies het nie, maar waarvoor hy of sy verantwoordelik is. Voordat 'n mens 'n ander ontdek, tel die ander al vir hom of haar. Verantwoordelikheid ontstaan as gevolg van die reg van ander. Geduld bring 'n relasionele etiese perspektief op menseverhoudinge. Die vinnige optrede van die moderne wêreld het die vermoë om te wag en te ly, laat verdwyn. Geduld beteken ook om te volhard in omstandighede. 'n Moratorium is 'n pouse of ruskans in moeilike verhoudinge tussen persone wie vir mekaar belangrik is. Die gespreksgenote bly soek na oplossings.

In die volgende hoofstuk word gefokus op praktyk teorie. Temas, vanuit die vorige twee hoofstuk, word bespreek om aan te dui hoe dialoog en vertroue as konsepte van DIPP die verhouding tussen die NG Kerk en VGKSA, op plaaslike vlak, kan versterk.

HOOFTUK 5

5. PRAKTYK TEORIE

5.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk konsentreer op die proses van reaksie binne die werkswyse van die “The Pastoral Cycle”. ‘n Belangrike fase in hierdie proses is om die verskillende standpunte van ervarings en teologiese tradisie op te volg deur reflektiewe aksie. Die fokus van hierdie hoofstuk is om sekere temas, vanuit die vorige twee hoofstuk, uit te lig en aan te dui hoe dialoog en vertoue as konsepte van DIPP die verhouding tussen die NG Kerk en VGKSA, op plaaslike vlak, kan versterk. Hierdie hoofstuk fokus op die temas van ‘n lewe voor God (*coram Deo*), relasionele etiek, dialoog, konteks, lojaliteit, reg en regverdigheid, leaat, die historiese agtergrond, skuld en skuldgevoelens, geduld en meersydige partydigheid.

5.2 ‘n LEWE VOOR GOD (CORAM DEO)

Relasionele bestaan word verstaan as mense "*coram Deo*", voor God. Dit beteken dat 'n mens altyd voor God staan, hand in hand met ander, en terselfdertyd met ander voor God. Een van twee triadiese verhoudings kan ontstaan, naamlik: persoon-God-ander persoon of ander persoon-persoon-God. Beide verhoudings is baie persoonlik en behels 'n konkrete liggaamlike bestaan (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:33). Alle verhoudinge begin voor God. Die verhouding tussen die NG Kerk en VGKSA, op plaaslike gemeentevlak, is ‘n verhouding voor God. Hy maak ‘n appèl op ‘n persoon se lewe. Hierdie appèl is nie net tot ‘n persoon se verhouding tot God nie, maar ook op my verhouding met ‘n ander persoon.

Om voor God te leef is teenswoordige tyd. Hy herinner my om goed te wees teenoor ander persone. Die mens ervaar God deur sy verhouding met die ander (Levinas,1990:16). Die oomblik dat ‘n persoon dit vergeet, probeer hy of sy om die ander persoon te oorheers. “*Ja, by U is die fontein van lewe, in u lig sien ons lig.*” (Psalm 36:10). God, as Bron van lewe, is 'n lig wat dit vir ‘n mens moontlik maak om te sien wat hy doen (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:91). Hy help ‘n persoon om sagter na die ander persoon te kyk en op te tree. Die NG Kerk en VGKSA het die verantwoordelikheid om God se liefde konkreet en sigbaar op plaaslike gemeentevlak, uit te leef.

Dialogo ontstaan wanneer twee individue dit waag in ‘n verhouding en soek na regverdigheid en geregtigheid in hulle verhouding (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:15). Dialogo word egter ook beïnvloed, selfs in die manier hoe daar na ‘n ander persoon gekyk word of hoe hy of sy benader word. Die manier hoe die NG Kerk en VGKSA, op plaaslike vlak, na mekaar kyk, beïnvloed dialogo. Wat moet die NG Kerk en VGKSA ontdek vanuit God se verhouding met hulle sodat dialogo, op plaaslike vlak, kan groei?

Eerstens: Die verbondstrou van God. Die NG Kerk en VGKSA is God se Kerk. Die getrouheid van God loop soos ‘n goue draad oor die hele geskiedenis van sy Kerk. Ten spyte van foute wat gemaak is hou God steeds Sy hand oor Sy kerk. ‘n Mens word herinner aan God se getrouheid in Jesaja 41:8-9: *“Maar jy, my dienaar, Israel, Jakob vir wie Ek uitverkies het, afstammeling van Abraham vir wie Ek liefhet, jy, vir wie Ek van die uiteindes van die aarde af gegryp het, van sy uithoeke af geroep het, vir jou het Ek gesê: Jy is my dienaar, Ek het jou uitverkies.”* (Bybel,1983). God se verbondstrou word gesien in die mooi bedieningsverhale van hierdie twee kerkverbande. Die NG Kerk en VGKSA maak ‘n verskil in hulle gemeenskappe en speel ‘n belangrike rol in die breër gemeenskap van Suid-Afrika. God seën sy kerk en help sy kerk om te fokus op die wêreld. Hierdie verbondstrou van God moet die NG Kerk en VGKSA, asook op plaaslike gemeentevlak, laat beweeg na ‘n ontmoeting – ‘n verhouding wat soek na regverdigheid en geregtigheid. Die NG Kerk en VGKSA, asook plaaslik, is God se kerk wat leef in ‘n sigbare verhouding met mekaar.

Tweedens: Die Here is die enigste en ware God. *“Die Here is die ewige God, Skepper van die hele aarde.”* (Jesaja 40:28). Hy is die Skepper God en alles en almal is aan Hom onderwerp. Elke persoon leef in ‘n verhouding met Hom en moet Sy genade uitleef teenoor ander – medegelowiges asook vreemdelinge. Die bewustheid dat God ‘n aanspraak maak op ‘n persoon se lewe, maak dat hy of sy sagter na ander persone kyk en optree. Die wil van God is nooit los van my medemens nie. Dit is die appèl wat God op ons maak. Hierdie wete dat ook die NG Kerk en VGKSA voor God en met mekaar voor God leef, behoort hierdie twee kerkverbande te beïnvloed – hoe hulle na mekaar kyk, luister en optree. Die NG Kerk en VGKSA, op plaaslike gemeentevlak, glo in God en beliggaam Hom in die verhouding met mekaar. Wanneer dit gebeur word ruimte geskep vir ware dialogo.

Derdens: Die NG Kerk en VGKSA, op plaaslike vlak, is God se beeldraers, sy verteenwoordigers in die wêreld. In Genesis 1:27 staan daar geskryf: “*God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep.*” (Bybel,1983). *Sedem* (afbeelding) beteken 'n werklike plastiese werk, 'n duplikaat; soms beteken dit 'n duplikaat in die verminderde sin van 'n skyn as dit met die oorspronklike vergelyk word. Ewebeeld (*D'mut*) beteken oorwegend iets abstraks: voorkoms of ooreenkoms (Von Rad,1972:57). Dit beteken dat die mens die beeld van God in hom- of haarself dra. Die wese van God word beskryf as liefde, vrede, geduld, genade of vergifnis. Die mens het dus lief, is genadig en vergewe ander, omdat God verteenwoordig word in die mens. Die onvermoë om lief te hê of om genadig teenoor 'n ander persoon te leef, word deur Levinas beskryf as "tweede natuur". Dit beteken 'n wese wat uitgeskeur is of geskei is van die Natuur (God). Hy stel dit as 'n persoon wat nog nie gebore is nie of nog nie klaar geskep is nie. (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:92). God sien die individualiteit van elke persoon raak en erken elke persoon as 'n subjek. Hy gee aan 'n individu, Sy verteenwoordiger, die vermoë om die individualiteit van die ander persoon te erken en te ontdek. Dit is dialoog. Leef die NG Kerk en VGKSA, op plaaslike gemeentevlak, volgens die eienskappe van God in hulle verhouding tot mekaar? Die historiese agtergrond tussen hierdie twee kerkverbande herinner dat dit dikwels ontbreek het.

5.3 RELASIONELE ETIEK

Die woord "mens" kom maak 'n appèl op 'n persoon. Dit is 'n appèl wat vanuit 'n ander kom; en keer terug deur die ander persoon na myself. Die ander persoon begin 'n beweging van respek in myself. Die menswees van die ander, moedig jou menswees aan. Die mens bestaan in wese vir die a/Ander. Etiek word verstaan as 'n persoon, 'n subjek, wat van die begin af 'n verhouding met 'n a/Ander het (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:93). Die mens ontvang van die begin af 'n verpligting wat hy of sy nie gekies het nie, maar waarvoor hy of sy verantwoordelik is. Voordat 'n mens 'n ander ontdek, tel die ander al vir hom of haar. 'n Persoon aanvaar verantwoordelikheid vir iemand anders se lewe. In hierdie verhouding is daar voortdurend die bewustheid van geregtigheid en ongeregtigheid. My verhouding met God het dus 'n etiese uitvloeisel (Romeine 12, Lukas 10:25-37). Levinas (1990:18) wys daarop dat die eienskappe van God nie in die indikatiewe is nie, maar in die imperatief. Elke gelowige neem verantwoordelikheid vir die ander (Levinas,1990:19). Dit loop altyd uit op sosiale geregtigheid. Om Hom lief te hê, beteken om die arme, weduwees, weeskinders en die

vreemdeling te versorg (Jakobus 1:27). My verantwoordelikheid teenoor die ander word nooit deur God nietig verklaar nie. Die dialoog tussen God en Kain in Genesis 4:9 bevestig dit: *“Waar is jou broer Abel?” en Kain antwoord: “Ek weet nie. Moet ek dan my broer oppas?”* (Levinas,1990:21).

Die NG Kerk en VGKSA, op plaaslike gemeentevlak, moet vanuit die etiese ontdek dat hulle vir mekaar belangrik is. Die twee kerkverbande kom maak eintlik ‘n appèl op mekaar. ‘n Verpligting wat soek na regverdigheid en geregtigheid teenoor mekaar. Dit is dialoog.

Selfbewussyn is die hele tyd bewus van geregtigheid en onreg. In die kontak met ‘n ander persoon, ontmoet jy ‘n persoon, wat jy as jou meerdere sien, wat smeek dat jy regverdig teenoor hom of haar sal optree (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:94). Die etiese verhouding is nooit ‘n verhouding van gelykes nie, maar ‘n verhouding tussen ongelykes. Die verhouding is altyd asimmetries. Etiese bewussyn is nie ‘n ervaring van waardes nie. Dit begin wanneer die nood of behoeftes van ander my oë oopmaak vir wat ek doen. “As ek sien” is dit nie omdat ekself die lig aangesit het nie, maar omdat die lig van buite myself kom (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:95).

Die oneindige verskil tussen die ek en die ander, en die verpligting wat die ander op die ek lê word ‘n etiese konneksie genoem. Verantwoordelikheid ontstaan as gevolg van die reg van ander. Die eis of aanspraak van die ander is eerste (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:39). Verantwoordelikheid hang nie af van wederkerigheid nie. In ‘n ontmoeting tussen persone is dit nie net vriendelikheid wat tel nie, maar ook regverdigheid (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:40).

Dialoog het ten doel dat persone mekaar as subjekte ontmoet. Daar moet beweeg word vanuit die monoloog (I-It) tot die dialoog (I-Thou) (Van Rhijn & Meulink-Korf,2001:157). Die etiese relasie tussen die NG Kerk en VGKSA, op plaaslike gemeentevlak, roep hulle om verantwoordelikheid vir mekaar te neem. Dit is ‘n verantwoordelikheid wat soek na regverdigheid en wat nooit stop nie. ‘n Persoon se verhouding tot ‘n ander persoon is altyd asimmetries. Die ander persoon word ‘n superior en is ‘n subjek-subjek verhouding. Eties beteken dit dat die NG Kerk en VGKSA ‘n hoë prioriteit op hulle verhouding plaas. Op plaaslike vlak kan gemeentes na mekaar uitreik deur gereelde ontmoetingsgeleenthede te skep sodat lidmate mekaar, as individue, kan leer ken – gesamentlike eredienste,

gemeenskapsforums, intergenerasionele kleingroepe, gesamentlike jeugkampe en jeugbyeenkomste. In hierdie ontmoeting ontdek hulle dat die ander is soos ek. Dit maak 'n persoon broos.

5.4 DIALOOG

Vir ware dialoog in die verhouding tussen die NG Kerk en VGKSA is die volgende fokusse belangrik:

- Dialoog is nie net die uitruil van inligting tussen persone nie, maar 'n soeke na regverdigheid en geregtigheid tussen persone (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:74).
- Vertroue in hierdie ontmoeting is onvoorwaardelik. Wantroue breek verhoudings (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:74). Deur te waag in 'n verhouding, 'n dialoog, gee 'n persoon vertroue in die hoop dat die ander hom of haar sal vertrou. As dit gebeur, is daar ontmoeting.
- 'n Ontmoeting is altyd 'n waagstuk, want die reaksie van die ander persoon, is onvoorspelbaar.
- 'n Ontmoeting help om anders te kyk na die ander persoon. Daar word daar met sagter oë na die ander gekyk. Die ander word sigbaar en word deel van 'n persoon self. 'n Persoon self word ook sigbaar (broos, simpatiek) deurdat jy geraak word deur die ander (Thesnaar,2018).
- Polarisasie beteken wedersydse individualiteit deur die bestaan van andersheid. Dit bestaan uit selfafbakening en selfbevestiging. Selfafbakening is die gebruik van verhoudings om 'n persoon se self te definieer teenoor die ander as basis. Selfbevestiging is die bevestiging van selfwaarde deur middel van reg wat verdien word deur behoorlike sorg te bied (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:75).
- Dialoog verswak wanneer vennote gemanipuleer word in die rol van die skuldige.
- Asimmetriese verhoudings is ongelyk in die balans van vereistes. Simmetriese verhoudings is inherent wederkerig. Om simmetriese verhoudings betroubaar te hou, sal eweknieë van mekaar verwag om in ongeveer gelyke mate terug te ontvang wat hulle gegee het (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:81).
- Dialoog het ten doel dat persone mekaar as subjekte ontmoet. Daar moet beweeg word vanuit die monoloog (*I-It*) tot die dialoog (*I-Thou*) (Van Rhijn & Meulink-Korf,2001:157). "*I-Thou*" ontmoet persone mekaar sonder enige objektivering van

mekaar. Selfs verbeelding en idees speel nie 'n rol in hierdie verhouding nie. Die “*I-It*”-verhouding vorm ‘n idee of konsep van die wese voor hom of haar en behandel dit as 'n objek (Kramer & Gawlick,2003:39). Die gevolg is dat persone mekaar ontken en veroordeel (Buber,1990:221). Die gevolg is dat mense maskers begin dra om hulleself te beskerm. In plaas van luister, probeer ons agter kom wat agter ‘n persoon se woorde sit. Om iemand te ontmasker en om deur hom of haar te kyk, word alles (Buber,1990:223).

- Die strewe na 'n “*I-Thou*”-verhouding, sal dit voorkom en beperk tot ‘n “*I-It*”-verhouding. Buber wys daarop dat ‘n “*I-Thou*”-verhouding nie geskep kan word nie. Dit gebeur spontaan en die oomblik wanneer ‘n persoon dit ontdek, word dit weer ‘n “*I-It*”-verhouding (Kramer & Gawlick,2003:39).
- Dialoog beteken nie dat mense in alles met mekaar moet saamstem nie. Vrede is nie die afwesigheid van oorlog nie (Buber,1990:235). Wanneer mense met mekaar praat, word die neiging om mekaar te verwerp, bevraagteken (Buber,1990:236). In ‘n eerlike dialoog, selfs as jy teenoor mekaar staan, bevestig jy jou teenstander as ‘n bestaande ander. Dit gee menswaardigheid aan ander (Buber,1990:238). Dialoog veronderstel wedersydse respek en begrip.
- Dialoog het nooit ten doel dat ‘n ooreenkoms bereik moet word nie. Die ander party moet aan die praat kom (Buber,1990:222).
- Dialoog neem ook die konteks van die ander persoon in ag. Wanneer twee subjekte ontmoet en ‘n dialoog ontstaan, is jy by wyse van spreke ook in gesprek met die ander met wie jou gespreksgenoot in gesprek is. Dit strek oor generasies (Botha,2014:31).

5.5 KONTEKS

In die gesprek tussen die NG Kerk en VGKSA, op plaaslike gemeentevlak, is die konteks van die kerkverbande en dié van die individuele lidmate belangrik. Konteks is die dinamiese en onderlinge etiese verbintenis wat bestaan onder mense wie se wese vir mekaar belangrik is. Elke persoon staan in relasie tot generasies uit die verlede, hede en toekoms (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:8). In DIPP is die konteks van die ander belangrik. ‘n Gesprek begin altyd op die plek waar die ander persoon hom of haar bevind. Die kontekste van die persone, in gesprek, verskil van mekaar (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:51). Konteks impliseer gevolge wat vloei van een persoon na die ander, van generasie tot generasie en van een sisteem tot die opeenvolgende sisteem. Dit dui op verhoudinge wat

gedefinieer en gekenmerk word deur die dinamika van gee en ontvang tussen onderlinge vennote. Dit verbind elke persoon om die gevolge van hulle optrede te ondersoek en om te verander met die doel tot genesing (Boszormenyi-Nagy & Krasner, 1986:9). Konteks het 'n etiese keuse: aanvaar of weier om verantwoordelikheid te neem vir die gevolge van huidige verhoudings wat 'n invloed op ander en 'n volgende generasie kan hê (Boszormenyi-Nagy & Krasner, 1986:10).

Vir die dialoog tussen die NG Kerk en die VGKSA, op plaaslike gemeentevlak, is die erkenning van verskillende kontekste belangrik. Beide gespreksvennote staan in 'n verhouding met generasies vanuit die verlede, hede en toekoms. Elke individu se lewe is beïnvloed deur sekere optrede of omstandighede wat in sy of haar lewe gebeur het en het 'n bepaalde invloed op sy of haar optrede. Prakties beteken dit dat elke lidmaat van die NG Kerk en VGKSA, op plaaslike gemeentevlak, beïnvloed word deur dit wat met hom of haar gebeur, asook wat hy of sy ontvang vanaf ouer en grootouers. Elke lidmaat kom met sy of haar konteks na 'n ontmoeting. Konteks beïnvloed dialoog.

'n Persoon kan nie verander dit wat met hom of haar gebeur het nie, maar wel hoe hy of sy daarop gaan reageer. Die doel van DIPP is nie om oplossings te vind nie, maar dat persone mekaar ontmoet. Konteks het 'n etiese keuse: aanvaar of weier om verantwoordelikheid te neem vir die gevolge van huidige verhoudings op die volgende generasie. Die NG Kerk en VGKSA, op plaaslike vlak, moet ontmoetingsgeleenthede skep waar daar geluister kan word na elke persoon se lewensverhaal. In die luister na die ander persoon ontwikkel dikwels begrip vir sy of haar optrede. Die konteks van Suid-Afrika dwing beide die NG Kerk en VGKSA om in belang van die volgende generasie op te tree.

5.6 LOJALITEIT

Lojaliteit bestaan uit vertikale en horisontale lojaliteit. Vertikale lojaliteit verwys na die verhouding tussen ouers en kinders as 'n eksistensiële etiese verskynsel. Hierdie verhouding is nie gebaseer op keuse nie; jy kies nie 'n kind nie; en jy kies nie ouers nie. Dit bestaan in verantwoordelikhede en regverdigheid. Afgelei hiervan is die verband tussen broers en susters. Dit is gebaseer op die vertikale verhoudings van elkeen van die broers of susters met die ouers (Meulink-Korf, & Van Rhijn, 2016:16). Vertikale lojaliteit is asimmetries. 'n Persoon kan nie vertikaal dislojaal wees nie, maar die sigbare solidariteit kan gebreek word.

Die lojaliteit bly dan in verborge vorm. Horisontale lojaliteit verwys na die verhouding tussen persone binne dieselfde generasie (vriende, lewensmaats). Dit is verhoudings wat hoofsaaklik gebaseer is op keuse. Hierdie lojaliteit is simmetries en partye kan dislojaal wees. Beide vennote dra ewe veel verantwoordelikheid vir 'n regverdige balans (Botha,2014:14). In die verhouding tussen die NG Kerk en VGKSA, op plaaslike gemeentevlak, moet die rol van vertikale en horisontale lojaliteit verreken word. Dikwels vertel 'n jonger geslag van hulle worsteling met rasseverhoudings, omdat hulle oupas en pa's hulle vertel het van hulle ervaringe tydens die apartheidstydperk. Uit lojaliteit teenoor vorige geslagte sal 'n jonger generasie dikwels dislojaal wees teenoor horisontale verhoudinge (Cloete et al,2017:68). Die NG Kerk moet bewus wees dat apartheid, aparte ontwikkeling, ekonomiese ongelykhede, rassisme en ander gevolge maak dat jonger lidmate van die VGKSA dikwels in lojaliteit teenoor hulle ouers en grootouers sal optree. Die verhouding tussen hierdie twee kerkverbande vra wedersydse verantwoordelikheid teenoor mekaar. Dit vra vir 'n regverdige gee en ontvang, sodat lojaliteit sigbaar kan word. Die gebrek aan regverdig gee en ontvang kan dialoog negatief beïnvloed.

Lojaliteitskonflik gaan oor die maak van keuses, opstel van prioriteite en wys van voorkeure. Lojaliteit beteken onvermydelik konflik (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:16).

Lojaliteitskonflik ontstaan wanneer 'n jonger generasie anders besluite neem as dié van die ouers. In die bou van 'n nuwe toekoms in Suid-Afrika kan dit gebeur dat 'n jonger generasie, ten spyte van hulle medelye met hulle ouers en grootouers, 'n keuse maak om oor kleurgrense hande te vat en saam te bou aan 'n beter toekoms. Hierdie keuse kan konflik bring in hulle lojaliteit teenoor vorige generasies. Vir 'n ouer is dit nodig om hulle kinders die ruimte te gee om hulle eie keuses te maak, sonder skuldgevoelens of die gevoel van dislojaal wees.

Meulink-Korf en Van Rhijn (2002:23) gebruik 'n treffende voorbeeld van die dosent wat sy studente uitdaag om kritiese vrae aan hom te vra. Hulle wys hom daarop dat sy optrede hulle soms skok omdat hy nooit optree soos sy vader wat hulle geken het nie. Hulle vra op 'n stadium vir hom waar sy lojaliteit teenoor sy vader is. Hy antwoord hulle: "It's very simple, there is no more loyal son than I! I'm doing everything exactly the same as my father did before me. He namely never imitated anyone. Well, I do not either!".

5.7 REG EN REGVERDIGHEID

Die geboorte van 'n kind is 'n geskenk sonder gelyke. Kinders ontvang die reg om betroubaar groot te word en aktief by te dra tot ander se lewens. Elke persoon is met hierdie reg gebore om te ontvang en te gee. Elke kind het die reg om konkrete geleenthede te kry om te gee en erkenning te ontvang vir die wyse waarop gegee word. Hierdie reg word egter nie aan alle kinders gegee nie. Soms probeer 'n kind gee, maar ontvang geen erkenning vir wat hy of sy doen nie. Ouers, wat graag gee, moet ook versigtig wees dat hulle nie hulle kinders die reg ontnem, om te kan gee nie. Perfekte ouerleiding is nie moontlik nie (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:20).

'n Persoon wie se reg, om betroubaar groot te word, nie erken word nie, kan meer reg verdien deur betroubaarheid en erkenning te ontvang. Omdat hierdie persoon hierdie reg nie oral kan opeis nie, bou hy of sy 'n destruktiwe reg. Hierdie destruktiwe reg kan beskou word as die reg om ander te wantrou en soveel as moontlik uit die lewe te neem. 'n Persoon eis in die eerste plek nie van ouers nie (lojaliteit), maar van lewensmaats, kinders, onbekende derde partye, die samelewing, God. Die verskynsel word “draaibank” of “revolving slate” genoem. Wanneer 'n persoon homself daarvan weerhou om sy of haar destruktiwe reg uit te leef, omdat hy of sy beseft dat dit onreg sal wees teenoor 'n ander, verkry hy of sy opbouende reg. 'n Persoon wat die reg van 'n ander inagneem, ontvang indirek (Meulink-Korf, & Van Rhijn,2016:21).

Boszormenyi-Nagy gebruik die metafoer: “grootboek”, vir 'n intergenerasionele lêer wat verdienste en laste tussen persone bevat. Dit is 'n balans van krediete (meriete) en debiete (verpligtinge). Dit is 'n onbeperkte balans van gee en ontvang. Van geslag tot geslag word familie en sosiale verpligtinge, kostes en meriete neergeskryf. Omdat elke persoon ontvang en gee, word 'n persoon in die intergenerasionele grootboek ingeskryf. Dit is 'n dinamiese balans wat die hele tyd in beweging is (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:22). Hoe meer asimmetries 'n verhouding is, hoe meer is die balans van vereistes ongelyk. Simmetriese verhoudings is inherent wederkerig. Om simmetriese verhoudings betroubaar te hou, sal eweknieë van mekaar verwag om in ongeveer gelyke mate terug te ontvang wat hulle gegee het (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:82). Balans is nie simmetries in gee en ontvang of ontvang en gee nie. Om te kan gee, motiveer 'n mens meer en meer.

Eerstens moet die NG Kerk en VGKSA, op plaaslike vlak, onthou dat hulle vanuit die relasioneel etiese in 'n asimmetriese verhouding tot mekaar staan. Dit beteken dat die ander

kerkverband as superior gesien word. Die ander kerkverband word die prioriteit om regverdig te gee. Tweedens staan die NG Kerk en VGKSA, op plaaslike gemeentevlak, in 'n simmetriese verhouding tot mekaar. Om simmetriese verhoudings betroubaar te hou, verwag eweknieë van mekaar om in gelyke mate terug te ontvang wat hulle gegee het. Wanneer daar regverdig gegee en ontvang word, verhoog die vertroue tussen persone. Die NG Kerk, met sy geskiedenis van apartheid en aparte ontwikkeling, kan weer reg ontvang deur te streef na regverdigheid en om sorg te dra teenoor die VGKSA. 'n Regverdige gee en ontvang, sal vertroue laat groei in die verhouding met die VGKSA. Woorde soos restituisie, grondhervorming, nuwe werksgeleenthede, goeie behuising en aktiewe pogings om armoede te verlig word dan op plaaslike vlak aktueel. Wanneer dit gebeur word dialoog en vertroue versterk. Die VGKSA kan opbouende reg verdien deur homself daarvan te weerhou om sy of haar destruktiewe reg uit te leef, omdat sy besef dat dit onreg sal wees teenoor 'n ander. Wanneer hierdie twee kerkverbande die reg van die ander inagneem, ontvang elkeen indirek.

5.8 LEGAAT

Legaat is die etiese verpligting om dit wat 'n persoon geerf het van vorige generasies, te sif en te integreer in die hede sodat dit 'n positiewe bydrae kan lewer tot volgende generasies (Botha,2014:38). 'n Legaat word soos 'n aflosstokkie aangegee van een generasie na 'n volgende generasie. Die verwagting is dat dit aangegee sal word aan 'n volgende generasie (Botha,2014:37). 'n Legaat kan druk plaas op 'n persoon en selfs as 'n las beleef word. Kinders ontvang dikwels die rekening wat vir die vorige geslag gegee moes word. Vanuit 'n legaat kan mens ook leer, groei en verander. 'n Legaat se doel is om dit wat ontvang is in die hede te sif en te integreer. Die etiese verpligting is nie om hierdie proses uit te stel nie, maar om dit in die hede te hanteer. 'n Mens kan ook met die oog op die toekoms en 'n volgende geslag regstellings maak. Om bewustelik hiermee om te gaan kan juis daartoe lei dat 'n nuwe generasie, veranderend, vernuwend, selfs verontskuldigend kan omgaan met die nalatenskap van 'n vorige generasie. So word die toekoms vir 'n nuwe generasie versterk vanuit die verlede. 'n Legaat word dan gesien as die sleutel wat die deur na die toekoms oopsluit. Boszormenyi-Nagy plaas groot klem op die toekoms en opeenvolgende generasies (Botha,2014:38).

Die destruktiewe sirkel moet gebreek word deur by wyse van spreke 'n stok in die wiel te steek. Hierdie stok is simbolies die ontmoeting tussen partye en die gepaardgaande dialoog

(Botha,2014:31). Die einddoel van die dialoog tussen die NG Kerk en VGKSA, op plaaslike gemeentevlak, moet wees om vir 'n volgende generasie, vanuit die legaat wat hulle ontvang het, 'n beter toekoms te gee. Gaan die NG Kerk en VGKSA, op plaaslike gemeentevlak, 'n legaat agterlaat van bitterheid, rassisme, wantroue, persepsies en 'n onvermoë om na mekaar te luister of het hulle ten doel om dit wat ontvang is in die hede te sif en te integreer? Wat gaan in die onmiddellike gebeur wanneer dit die fokus van die dialoog word? Skep dit 'n groter dringendheid in die dialoog tussen hierdie twee kerkverbande?

5.9 HISTORIESE AGTERGROND

Die historiese agtergrond van die NG Kerk en VGKSA dra by tot die gebrek aan vertroue tussen hierdie twee kerkverbande. Dit is hartseer om te dink dat daar net een NG Kerk was en dat die opkoms van sterk nasionalisme en die beleid van aparte ontwikkeling en apartheid hierdie eenheid afgebreek het. Die versoek vir die afsonderlike bediening van nagmaal aan die boeregemeenskap in die gemeente Stockenstroom, Oos-Kaap, is hartseer (Nederduitse Gereformeerde Kerk et al.2019). Mense wat deel het aan die liggaam van Christus vertoon die eienskappe van 'n liggaam – eenheid met mekaar, liefde vir mekaar en vrede onder mekaar. Dit is nie 'n gemeenskap wat kan kies wie tot hierdie liggaam behoort nie, maar wat geroep, verkies en verlos is tot die èn liggaam van Christus. Dit is 'n gemeenskap wie se liefde vir God daaglik toeneem en wie se verantwoordelikheid vir mekaar groei (Heyns,1988:347). In plaas van eenheid kom daar skeuring. In plaas van broosheid en afhanklikheid van God en mekaar, word die blanke die meerdere.

'n Mens wonder wat psigologies gebeur het in die lewe van anderkleuriges. Die een oomblik is julle broers en susters in die geloof en die volgende oomblik word mede-gelowiges beskryf as bantoe, naturel, hotnot en nie-blanke. Hierdie woorde word dikwels gebruik as skelname. Die Bybel word gebruik om skeiding te bevorder (Van der Watt, 1987:75). Mede-gelowiges vergader dikwels met die regering om rassevraagstukke te bespreek. Broers en susters in die geloof verloor die geleentheid en vermoë om met mekaar te praat. Daar word dikwels oor mekaar gesels en nie met mekaar nie (Van der Watt, 1987:77). Dit verbreek dialoog. Die kerk waaraan almal behoort het, verklaar haar onomwonde teen rassevermenging en verbied gemengde huwelike. Woorde soos ongeoorloof en ongewens word gebruik (Van der Watt, 1987:79). In die boek *Voor ons vergeet - sodat ons kinders ook kan weet* getuig mede-kollegas van hierdie optrede as onchristelik, vernederend en onmenslik.

Die vraag word gevra: Wat het die NG Kerk gedryf om ten spyte van stemme binne en buite die kerk dat hulle on-Bybels optree, steeds voort te gaan om afsonderlike ontwikkeling teologies te regverdig? Hierdie situasie moes onhoudbaar gewees het, sodat dit aanleiding gegee het tot 'n status confessionis. Dit beteken dat gelowiges of 'n kerk oordeel dat 'n oomblik van waarheid aangebreek het, dat 'n situasie ontstaan het waarin die evangelie bedreig is, sodat hulle verplig voel om daarteenoor te getuig en te handel (Cloete & Smit, 1984:6). Dit lei tot die Belydenis van Belhar. Tog weier die NG Kerk om hierdie belydenis te aanvaar, ten spyte van die Algemene Sinode van 1990 se besluit dat die belydenis van Belhar nie in stryd is met die Skrif of die drie Formuliere van Eenheid nie. *“Die Algemene Sinode aanvaar dat die Belydenis van Belhar op sigself genome nie met die Drie Formuliere van Eenheid in stryd is nie.”* (Belydenis van Belhar, 2015). Die belydenis vra vir versoening. Dit vra ware versoening wat volg op bekering en verandering van gesindhede en optrede. Die wens word uitgespreek dat die NG Kerk-familie hierdie pad saam sal loop. Die wens vir sigbare eenheid word uitgespreek (Cloete & Smit, 1984:12). Hierdie onvermoë om die Belydenis van Belhar te aanvaar, word deur die VGKSA as negatief ervaar. Dit is soos 'n klap in die gesig, asof die NG Kerk nie die worsteling en stryd erken nie. Hierdie faktore verbreek dialoog en vertroue tussen hierdie twee kerkverbande.

Vir die VGKSA is die aanvaarding van die Belydenis van Belhar, 'n hoë prioriteit. As die NG Kerk eerlik soek na die herstel van die verhouding met die VGKSA, is dit die plek om te begin. Hierdie handeling sal dialoog en vertroue herstel in die verhouding tussen die NG Kerk en VGKSA, asook op plaaslike gemeentevlak.

5.10 SKULD EN SKULDGEVOELENS

Die grootste fout wat die NG Kerk kan maak, is om skuld en skuldgevoelens te ontken of te verskraal (Buber, 1998:119). Die oomblik as dit gebeur, word die moontlikheid om oor te begin uitgewis. In die erkenning van skuld is dit belangrik dat die NG Kerk nie sy aandeel in die verbroekeling van die verhouding met die VGKSA sal verskraal nie. Wanneer skuld erken word, bring dit heling. In die hantering van skuld en skuldgevoelens moet 'n persoon teruggaan na die plek waar die handeling van skuld plaasgevind het. Jy moet die plek besoek; jy moet “jou hand in die wonde van die ander persoon steek” (Buber, 1998:117). Dit is slegs die persoon wat die wond toegedien het, wat dit kan heel. In die verhouding tussen die twee

kerkverbande is die erkenning van skuld en skuldgevoelens belangrik. Die NG Kerk moet die inisiatief neem in hierdie gesprek, aangesien die wond deur haar toegedien is. Dit vra tyd en selfprys-gawe om plekke te herbesoek om “die hand in die wonde te steek”. Dit is egter belangrik vir die genesing van die verhouding tussen die NG Kerk en VGKSA. Die wonde kan op baie ander plekke genees as op die plekke waar hulle toegedien is.

In die skuldbelydenis van die NG Kerk word die VGKSA as ‘n subjek erken en hanteer. Die NG Kerk kan ten minste die volgende drie stappe neem in die erkenning van skuld. Eerstens: staan voor dit en erken die skuld of nalatigheid. Tweedens, volhard in die skuld en skuldgevoelens, alhoewel dit lank terug al kan wees en derdens, dade van verlossing deur 'n houding van aktiewe toewyding aan die realiteite van mense van hier en nou (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:100). Die verantwoordelikheid om te reageer op die eise van die ander vra vir geregtigheid. Dit is onmoontlik om te reageer op al die eise van ander. Soms is die skuld te groot om gedra te word. Hierdie situasie vra vir wat genoem word "verspreidende geregtigheid". In die verhouding tussen die NG Kerk en VGKSA, selfs op plaaslike vlak, vra dit 'n billike verspreiding van hulpbronne (geld, geboue, grond). Hierdie probleme mag nie aan derde partye oorgegee word nie (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:101). Die hantering van skuld en skuldgevoelens lei tot vertrou en dialoog. Dialoog verswak wanneer vennote gemanipuleer word in die rol van die skuldige.

5.11 GEDULD

In die verhouding tussen die NG Kerk en VGKSA was daar by tye ‘n moratorium geplaas op verdere gesprekke. Baie lidmate raak moedeloos omdat die NG Kerk en VGKSA nog nie herenig het as een kerkverband nie. Geduld is belangrik in hierdie verhouding.. ‘n Persoon moet glo dat God sy eie tyd het met sy Kerk en verhoudinge laat uitwerk op sy tyd. In die relasionele etiese verhouding tussen persone is respek vir die geduld van 'n persoon met 'n ander persoon en verskeie ander, belangrik (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:158). Vir die mens is geduld om op God te wag en respek vir die wêreld aan mekaar gekoppel. In die Nuwe Testament word om te volhard in lyding verbind aan kalmte in die verbond - die vroom/regverdige man vertrou God se getrouheid (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:162). Die volharding van die gelowige is gebaseer op God se getrouheid.

Die term moratorium word in DIPP gebruik vir 'n pouse of ruskans in moeilike verhoudinge tussen persone wie vir mekaar belangrik is. Dit gaan om die voordeel van om te wag. Tydsberekening is belangrik (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:168). 'n Moratorium is 'n vorm van geduld en 'n strategie wat nie noodwendig oneties is nie. Die doel van hierdie pouse of rus is om te verhoed dat verhoudinge vernietig word deur intense en langdurige irritasies. Die plek van die ander bly tel en bly oop. Dit beteken dat 'n moratorium nie die verhouding ophef nie, maar oop bly vir 'n soeke na regverdigheid in hierdie verhouding. Die NG Kerk en VGKSA, op plaaslike gemeentevlak moet bly volhard in hulle verhouding met mekaar. Selfs wanneer 'n moratorium afgekondig word, stop die gesprek nie met mekaar nie, maar dit word 'n tyd waar die Here met elke kerkverband besig is en bly. Om te volhard in lyding of swaarkry of om te volhard in hierdie gesprek beteken om tot rus te kom in die verbond – getrouheid van die Here. Die toekoms van hierdie twee kerkverbande rus in God se trou. Wanneer die NG Kerk en VGKSA met mekaar in gesprek bly, word vertrouwe geskep.

5.12 MEERSYDIGE PARTYDIGHEID

Die houding en metode van 'n kontekstuele terapeut word meersydige partydigheid genoem. 'n Terapeut is altyd bewus van verhoudingsgevolge vir toekomstige generasies (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:111). 'n Terapeut in terapie toon partydigheid aan elkeen van die betrokke persone. Dit sluit in die onderlinge verhoudinge van die betrokke persone. Dit vereis 'n sekere afstand. 'n Terapeut moet bewustelik homself daarvan weerhou om hom of haar nie te identifiseer met een of meer van die persone betrokke nie (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:26). 'n Terapeut kan nie agter die stoel van 'n persoon gaan staan en veroordelend of beskuldigend wees teen ander partye nie. Dit gaan om die skep van veilige ruimtes. Dit is belangrik dat elkeen as subjek, aan die woord kom – “You listen them into speech” (Botha,2014:24). Die terapeut is bewus van die verskillende kwesbaarhede van elkeen in die familie. Elkeen se reg om te gee, word ondersoek. Die terapeut moet kyk en luister volgens wat hulle by die familieledede hoor - na hulle eie terme luister. Hulle vra erkenning van die luisteraar, 'n legimiteit van die geldigheid van die swaar of pyn van hulle verlede en die hede. Die terapeut moet respekvol wees teenoor wat gesê of aangebied word (Boszormenyi-Nagy & Krasner,1986:13). Die terapeut toon empatie en gee erkenning vir wat die kliënt gegee het. Dit is veral die kinders van die volgende generasie wat voordeel trek uit die huidige terapie (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:26).

Die NG Kerk en VGKSA, op plaaslike gemeentevlak, het 'n “terapeut van buite” nodig om hulle te help in hulle verhouding met mekaar. Dit kan gedoen word deur 'n ander onafhanklike kerkverband of eksterne persoon. Vanuit die verstaan van meersydige partydigheid is dit vir die NG Kerk en VGKSA onmoontlik om te dink dat hulle onpartydig na mekaar kan luister en self tot 'n oplossing kan kom. Elkeen moet as subjek aan die woord kom – “*You listen them into speech*”. Elke kerkverband moet sy eie kant van die saak kan definieer en laat geld. Dit vra iemand wat empaties na elkeen te kan luister. In kontekstuele terapie is daar 'n wedersydse verbintenis en wedersydse aanspreeklikheid van die “gesinslede”. Ons is saam hier in, hoe kan elkeen help? 'n Buite “terapeut” sal dialoog verterk deurdat daar na mekaar geluister word en beide kerkverbande as subjekte aan die woord kom. Hierdie handeling sal vertroue versterk in die verhouding tussen die NG Kerk en VGKSA.

5.13 SAMEVATTING

DIPP het ten doel om 'n persoon in sy of haar uniekheid te handhaaf en sy of haar verhouding tot die heiligheid van God te behou. (Meulink-Korf & Van Rhijn,2016:43). In Genesis 12:2 lees ons: “Ek sal jou 'n groot nasie maak, Ek sal jou seën en jou 'n man van groot betekenis maak, en jy moet tot 'n seën wees.” (Bybel,1983). Die NG Kerk en VGKSA word deur die Here geroep om vir mekaar tot seën te wees, maar ook tot seën vir die wêreld. Om vir mekaar tot seën te wees deur die uniekheid van elkeen te handhaaf is verhouding, dialoog, belangrik. Hierdie verhouding is die soeke na regverdigheid en geregtigheid. Dit is om te leer luister na die stem van die ander, waar dit eerlik uitgespreek word. 'n Ruimte “*where strangers can enter and discover themselves as created free; free to sing their own songs, speak their own languages, dance their own dances; free also to follow their own vocations...*” (Nouwen,1975:69). Vertroue ontstaan wanneer daar regverdig gegee en ontvang word. Die NG Kerk en VGKSA moet leer luister na mekaar. Luister nie om oplossings te soek nie, maar 'n soeke na dialoog.

HOOFTUK 6

6. SAMEVATTING

6.1 INLEIDING

Suid-Afrika is 'n land van kontraste: Miljardêrs en behoeftiges; werkers en werkloos; menseregte en hoë vlakke van misdaad; gelyke geleentheid en ongelykheid; demokrasie en politieke angst (Magezi,2009:1). Daar is ongelykheid tussen persone wat inkomste, bates, geleentheid, opvoeding, invloed en vermoëns, betref (Carelse,2017:163). Die gaping tussen ryk en arm is groot en die meeste mense leef in armoede (Carelse,2017:164). Misdaad veroorsaak hoë vlakke van geweld en menseregteskending (Magezi,2009:2). Baie Suid-Afrikaners is angstig oor die toekoms van die land (Carelse,2017:165).

Suid-Afrika benodig etiese leierskap wat lei met integriteit. Die kweek van Bybelse beginsels en waardes is belangrik. Die kerk kan 'n belangrike rol speel in die proses van nasionale heling (Pillay,2019:6). Die kerk, die liggaam van Christus, moet inklusief wees. Die kerk is 'n morele gemeenskap. Die doel is dat almal tot almal se voordeel sal optree. Die handhawing van integriteit, die gee van menswaardigheid aan elke persoon en die insluiting van almal, veral persone wat op die rand van die samelewing leef en uitgesluit is, bly die fokus van die kerk. So 'n geloofsgemeenskap skep nuwe lewe vir ander (Thesnaar,2019:173). Die NG Kerk en die VGKSA kan in Suid-Afrika 'n belangrike rol speel in die proses van nasionale heling. Die vraag wat gevra word, is: Wat verhinder die NG Kerk en VGKSA, op plaaslike gemeentevlak, in hulle verhouding tot mekaar om saam te werk, selfs te herenig, en 'n geloofsgemeenskap te wees wat almal insluit, menswaardigheid gee aan ander en ware gemeenskap met mekaar kan beleef?

6.2 PROBLEEMSTELLING EN NAVORSINGSVRAAG

Die verhouding tussen die NG Kerk en die VGKSA is geklompiseerd en gespanne. Die NG Kerk en VGKSA is vasgevang in vroeër konflikte, as gevolg van apartheid en aparte ontwikkeling. Die NG Kerk en VGKSA wankel dikwels in hulle verhouding met mekaar en die onderlinge gawe van versoening in en met Jesus Christus is soms afgewater. Die soeke na geregtigheid en kerkeenheid het op die rand van die kerklike en politieke lewe beland

(Botha,2017:51). Op plaaslike vlak, in 'n soeke na samewerking, loop 'n persoon hom of haar dikwels vas teen wantroue, persepsies en trauma, as gevolg van die verlede. Dit maak dat pogings om verhoudinge te herstel of die bou van verhoudings, dikwels doodloop. 'n Vraag wat ontstaan, is: Hoe skep jy dialoog en vertroue in verhoudinge waar wantroue mense verhinder om mekaar as subjekte raak te sien en eerlik na mekaar kan luister?

Die navorsingsvraag wat hierdie studie aan die orde wil bring is: Hoe kan dialoog en vertroue as konsepte van die Dialogiese Intergenerasionele Pastorale Proses (DIPP) 'n rol speel om die vasgevalde verhoudings tussen die NG Kerk en VGKSA, op plaaslike vlak, oop te breek?

Hierdie vraag word beantwoord in hoofstuk 5 van die studie, met die inagneming van die bevindinge in hoofstukke 2,3 en 4. In hoofstuk twee word gekyk na die konteks van die NG Kerk en VGKSA. Hoofstuk drie gaan oor die grondbeginsels van die DIPP. Daar word gekyk na ander wetenskappe en wat elkeen van hierdie wetenskappe ons leer oor die verstaan van dialoog en vertroue. In hoofstuk vier word die Pastorale Teologie van die DIPP verduidelik.

6.3 DOELSTELLINGS

Die doelstellings van die studie is:

- Om die inhoud van vertroue en dialoog te verduidelik, sodat elke gemeenteleraar op plaaslike gemeentevlak dit kan gebruik.
- Om te verstaan dat die DIPP gaan oor verhoudinge. Verhoudinge, ook op gemeentevlak, is gebaseer op ontmoeting. Elke verhouding bestaan uit 'n etiese dimensie.
- Om te verstaan dat elke persoon, op gemeentevlak, soek na regverdigheid binne eksistensiële verhoudinge.
- Om te verstaan dat elkeen, op plaaslike gemeentevlak, regverdig moet gee en ontvang teenoor die ander.
- Om 'n beter toekoms te skep vir die volgende generasie, vanuit die plaaslike gemeente.

Doelstelling: Om die inhoud van vertroue en dialoog te verduidelik, sodat elke gemeenteleraar op plaaslike gemeentevlak dit kan gebruik. Elke persoon staan in 'n verhouding tot generasies uit die verlede, hede en toekoms. Binne hierdie verhoudinge gaan dit om 'n soeke na regverdigheid, wat bepaal word deur 'n balans van gee en ontvang. Vertroue word geskep

wanneer daar regverdig gegee en ontvang word. Dialoog is nie net die uitruil van inligting tussen persone nie, maar die soeke na regverdigheid en geregtigheid tussen individue. Dit is om te leer luister na die stem van die ander, waar dit eerlik uitgespreek word. Dialoog skep 'n ontmoeting tussen persone.

Doelstelling: Om te verstaan dat die DIPP gaan oor verhoudinge. Verhoudinge, ook op gemeentevlak, is gebaseer op ontmoeting. Elke verhouding bestaan uit 'n etiese dimensie. Die mens bestaan in wese vir die a/Ander. Met "eties" word bedoel dat 'n persoon 'n subjek is wat van die begin af 'n verhouding met 'n a/Ander het. 'n Persoon ontvang van die begin af 'n verpligting wat hy of sy nie gekies het nie, maar waarvoor hy of sy verantwoordelik is. Voordat 'n mens 'n ander ontdek, tel die ander al vir hom of haar. Binne 'n ontmoeting word daar anders gekyk na die ander persoon. Die ander se andersheid word raak gesien. In die verhouding tussen persone moet elkeen as 'n subjek aan die woord kom.

Doelstelling: Om te verstaan dat elke persoon, op gemeentevlak, soek na regverdigheid binne eksistensiële verhoudinge. Die etiese verhouding is 'n verhouding met 'n ander persoon wat jy as jou meerdere sien, wat smee dat jy regverdig teenoor hom of haar sal optree. Hierdie asimmetrie tussen die "ander" en die "ek" is etiese bewussyn. Die etiese verhouding is nooit 'n verhouding van gelykes nie, maar 'n verhouding tussen ongelykes. Die verhouding is altyd asimmetries. Dialoog het ten doel dat persone mekaar as subjekte ontmoet. Die woord "I-Thou" is die subjek-subjek verhouding en "I-It" is die subjek-objek verhouding. Daar moet beweeg word vanuit die monoloog (I-It) tot die dialoog (I-Thou). Simmetriese verhoudings is inherent wederkerig. Om simmetriese verhoudings betroubaar te hou, sal eweknieë van mekaar verwag om in ongeveer gelyke mate terug te ontvang wat hulle gegee het.

Doelstelling: Om te verstaan dat elkeen, op plaaslike gemeentevlak, regverdig moet gee en ontvang teenoor die ander. Die metafoer "grootboek" word gebruik vir 'n intergenerasionele lêer wat verdienste en laste tussen persone bevat. Dit is 'n balans van krediete (meriete) en debiete (verpligtinge). Dit is 'n onbeperkte balans van gee en ontvang. Van geslag tot geslag word familie en sosiale verpligtinge, kostes en meriete neergeskryf. Omdat elke persoon ontvang en gee, word 'n persoon in die intergenerasionele grootboek ingeskryf. Dit is 'n dinamiese balans wat die hele tyd in beweging is. Elke persoon ontvang die reg om betroubaar groot te word en aktief by te dra tot ander se lewens. Elke persoon is met hierdie reg gebore om te ontvang en te gee. Hoe meer asimmetries 'n verhouding is, hoe meer is die balans van vereistes ongelyk. Simmetriese verhoudings is inherent wederkerig. Balans is nie simmetries in gee en ontvang of ontvang en gee nie. Om te kan gee, motiveer 'n mens meer en meer. Wanneer 'n persoon homself daarvan weerhou om sy of haar vernietigende reg uit te

leef, omdat hy of sy besef dat dit onreg sal wees teenoor 'n ander, verkry hy of sy opbouende reg.

Doelstelling: Om 'n beter toekoms te skep vir die volgende generasie, vanuit die plaaslike gemeente. Elke persoon staan in relasie tot generasies uit die verlede, hede en toekoms .

Konteks impliseer gevolge wat vloei van een persoon na die ander, van generasie tot generasie en van een sisteem tot die opeenvolgende sisteem. Konteks het 'n etiese keuse: aanvaar of weier om verantwoordelikheid te neem vir die gevolge van huidige verhoudings wat 'n invloed op ander en 'n volgende generasie kan hê. 'n Persoon kan nie losgemaak word van die verantwoordelikheid om na te dink aan die gevolge van sy of haar keuses teenoor die persone met wie hy of sy in 'n betekenisvolle verhouding leef nie. Hierdie keuse en aksies het ook 'n invloed op die volgende generasie.

6.4 BEVINDINGE

Vanuit die studie is daar sekere bevindinge wat uitstaan.

- Die historiese agtergrond van die NG Kerk en VGKSA is 'n geskiedenis van skeiding, wantroue, afstand tussen gelowiges en verwerping. Dit bring 'n breuk in dialoog en vertroue.
- Dialoog gaan oor die soeke na regverdigheid en geregtigheid tussen individue.
- Verandering is nie die doel is van terapie nie, maar ontmoeting (Boszormenyi-Nagy).
- Elke persoon staan in relasie tot generasies uit die verlede, hede en toekoms.
- Lojaliteitskonflik gaan oor die maak van keuses, opstel van prioriteite en wys van voorkeure.
- 'n Persoon kan nie losgemaak word van die verantwoordelikheid om na te dink aan die gevolge van sy of haar keuses teenoor al die mense met wie hy of sy in 'n betekenisvolle verhouding leef nie.
- Reg of "*entitlement*" verwys na 'n "geregverdigde eis" en ook tot die verdienste wat 'n persoon verkry deur ander te versorg. 'n Persoon het die reg om regverdig te gee en te ontvang. 'n Persoon het die reg om erkenning te ontvang vir die wyse waarop gegee word.
- Die mens bestaan in wese vir die a/Ander. 'n Persoon is 'n subjek wat van die begin af 'n verhouding met 'n a/Ander het.

- Die houding en metode van 'n kontekstuele terapeut word meersydige partydigheid genoem. 'n Terapeut in terapie toon partydigheid aan elkeen van die betrokke persone. Dit sluit in die onderlinge verhoudinge van die betrokke persone.
- In 'n moratorium bly die plek van die ander persoon altyd oop, die ander persoon bly tel. 'n Moratorium beteken nie dat dialoog stop nie.

6.5 AANBEVELINGS

Die volgende aanbevelings word gemaak vanuit die studie:

- Skep gesamentlike byeenkomste tussen die NG Kerk en VGKSA. Lidmate van beide kerkverbande moet die geleentheid kry om mekaar as individue te ontmoet.
- Die NG Kerk moet die Belydenis van Belhar aanvaar. Die Belydenis van Belhar spreek hom uit teen rassisme en vra vir versoening. Dit vra ware versoening wat volg op bekering en wat lei tot verandering van gesindhede en optrede. Die wens word uitgespreek dat die NG Kerk-familie hierdie pad saam sal loop. Die wens vir sigbare eenheid word uitgespreek. As die NG Kerk ernstig is oor hulle verhouding met die VGKSA is die aanvaarding van die Belydenis van Belhar 'n hoë prioriteit.
- Skep gesamentlike Ringsbyeenkomste of Ringe. Byvoorbeeld: Die Ring van Tulbagh (NG Kerk en VGKSA) vorm 'n gesamentlike Ring. Die twee Ringe vergader op dieselfde dag en plek. Die eerste gedeelte vergader elke verband afsonderlik om eie sake te hanteer. Die res van die vergadering is saam. Die gesamentlike Ringskommisie beplan die verdere Ringsitting. Dit is ongelooflik verrykend om te leer bymekaar.
- Kruisgroepe wat saam met mekaar, ook oor grense, op 'n reis is. Wanneer persone oor grense na mekaar uitreik en vir mekaar omgee en luister, leer hulle om mekaar met respek en liefde te hanteer.

6.6 VERDERE NAVORSING

Die volgende temas word voorgestel vir verdere navorsing.

- Empiriese navorsing oor die verhouding tussen die NG Kerk en VGKSA, op plaaslike vlak. Hierdie tesis was 'n literatuurstudie, omdat ek aan die einde van die eerste jaar van studie beroep is vanaf Wellington-Oos na Prince Alfred's Hamlet. Die gevoel was

dat daar nog nie genoeg vertroue was in die nuwe gemeente om 'n empiriese studie te doen nie.

- Die rol van lojaliteit en lojaliteitskonflik onder 'n jonger generasie in die NG Kerk en VGKSA – 'n Pastorale studie.
- Gespreksforums tussen NG Kerk en VGKSA gemeentes – 'n nuwe manier van sien en luister.
- Grondhervorming in praktyk – 'n Pastorale studie.

6.7 FINALE SAMEVATTING

Die NG Kerk en VGKSA het die geleentheid om in Suid-Afrika 'n rol te speel in die proses van nasionale heling deur die uitleef van die Bybelse etiek – respek, versoening, menswaardigheid, regverdigheid en eenheid. Beide die NG Kerk en VGKSA glo dat sigbare eenheid nie net 'n opdrag van die Here is nie, maar dat hierdie eenheid sal bydra tot 'n groter getuienis in Suid-Afrika. Dialoog tussen die NG Kerk en VGKSA beteken 'n soeke na regverdigheid en geregtigheid. 'n "I-Thou"-verhouding, waarin beide kerkverbande as subjekte erken word, word verlang. Hulle moet die valse beelde, persepsies en vooroordele wat hulle mekaar opgelê het, laat vaar. Dit vra 'n sensitiewe luister na mekaar. Vertroue in hierdie ontmoeting is onvoorwaardelik. Die NG Kerk en VGKSA leef hulle verhouding in die teenwoordigheid van God. Dit beteken dat die twee kerkverbande verantwoordelikheid vir mekaar aanvaar. Die begeerte om mekaar te oorheers verdwyn en die bewustheid van geregtigheid en ongeregtigheid, groei. Dit loop altyd uit op sosiale geregtigheid. Die verhouding tussen die NG Kerk en VGKSA is 'n proses. Geduld is belangrik in hierdie verhouding. God het sy eie tyd het met sy Kerk. Die NG Kerk en VGKSA moet bly volhard in hulle verhouding met mekaar. Volharding is kalmte in die verbond – vertroue in God se getrouheid.

BRONNELYS

- Adonis, J.C. 2002. Bevryding tot eenwording en getuienis: die geskiedenis van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika 1950-2001. *NGTT – Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 43(3):327-341.
- Belydenis van Belhar*. 2015. [Intyds]. Beskikbaar:<https://belydenisvanbelhar.co.za>.
- Botha, J.G. 2017. Wie steek die kerse aan? Sy rol as Leraar en Kerkleier, in A. Grundlingh & R. Landman (reds.). *Russel Botman: 'n Huldeblyk 1953-2014*. Stellenbosch: SUN MEDIA. 45-73.
- Botha, T.H. 2014. We shall hold to each other. Ongepubliseerde magister-verhandeling, Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Boszormenyi-Nagy, I. & Krasner, B.R. 1986. *Between Give & Take. A Clinical Guide to Contextual Therapy*. New York: Brunner-Routledge.
- Botha, N.A., Gaum F.M. 2016. *Belydenis van Belhar – eCKE (elektroniese Christelike Kernensiklopedie* [Intyds]. Beskikbaar: cke.christians.co.za/2016/02/28/belydenis-van-belhar. [2017, Maart 27].
- Buber, M. 1923. *I and Thou*. Translated by R.G. Smith. Edinburg: T & T Clark.
- Buber, M. 1990a. *Hope for this Hour, in. Pointing the Way, Collected Essays*. Londen: Humanities Press International.
- Buber, M. 1990b. *Genuine Dialogue and the possibilities of peace, in. Pointing the Way, Collected Essays*. Londen: Humanities Press International.
- Buber, M. 1998. *The Knowledge of Man. Selected Essays*. New York: Humanity Books.
- Buffel, O.A. 2007. Pastoral care in a context of poverty: A search for a pastoral care model that is contextual and liberating. [Intyds]. Beskikbaar: <https://repository.up.ac.za/blitstroom/handle/Complete> [2007, Junie].
- Burggraeve, R. Violence and the vulnerable face of the other: The vision of Emmanuel Levinas on Moral evil and Our Responsibility. *Journal of Social Philosophy*, 30(1):29-45.
- Bybel. 1983. *Die Bybel: Nuwe Vertaling*. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Bybel. 2014. *Nuwe Testament en Psalms: 'n Direkte Vertaling*. Bellville: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Carelse, D.P. 2017. Yearning for a just and inclusive society, in M.A. Plaatjies-Van Huffel & L. Modise (reds.). *Belhar Confession. The Embracing Confession of Faith for Church and Society*. Stellenbosch: SUN PRESS. (161-184).

- Cloete, G.D, Boer, A, & Van Rooy, J.S. 2017. *Voor ons vergeet sodat ons kinders ook kan weet*. Wellington: Christelike Lektuurfonds Uitgewers.
- Cloete, G.D. Smit,DJ. 1984. *'n Oomblik van waarheid*. Kaapstad:Tafelberg Uitgewers Beperk.
- De Grunchy, J. 2017. Contest for Reformed identity in South Africa during the church struggle against Apartheid, in M.A. Plaatjies-Van Huffel & R. Vosloo (reds.). *Reformed Churches in South Africa and the Struggle for Justice. Remembering 1960-1990*. Stellenbosch: SUN MEDIA. 26-36.
- Foot, L.M. 2013. *Lewe na apartheid: Lidmate se narratiewe vanuit 'n Longitudinale pastorale betrokkenheid*. [Intyds]. Beskikbaar: <https://scholar.ufs.ac.za/handle>. [2013, Januarie].
- Heyns, J.A. 1988. *Dogmatiek*. Goodwood: NG Kerkboekhandel (Edms) Beperk.
- Jonker, W. 1994. *Bevrydende waarheid: Die karakter van die gereformeerde belydenis*. Wellington: Hugenate Uitgewers.
- Jonker, W. 1998. *Selfs die kerk kan verander*. Kaapstad: Tafelberg.
- Kramer, K. & Gawlick, M. 2003. *Martin Buber's I and Thou: Practicing Living Dialogue*. Paulist Press.
- Lartey, E.Y. 1997. *In living colour: An intercultural approach to pastoral care and counseling*. Londen:Cassell.
- Levinas, E. 1990. *Essays on Judaisme – Difficult Freedom. Translated by Sean Hand*. Maryland: The Johns Hopkins University Press.
- Lues, L & Lategan, L.O.K. 2006 Re: Search ABC. Stellenbosch: Sun Press.
- Magezi, V. 2009. *Possibilities and opportunities: exploring the Church's contribution to fostering national health and well-being in South Africa*. [Intyds]. Beskikbaar: https://www.researchgate.net/publication/280979122_possibilities_and_opportunities. [2009, Januarie].
- Martin Buber's I and Thou – Angelfire*. 2019. [Intyds]. Beskikbaar: <https://www.angelfire.com/timewarp/buber>. [2019, November 15].
- Meiring, P. 2017. Remembering Cottesloe. Delegates to the Cottesloe Consultation tell their stories, in M.A. Plaatjies-Van Huffel & R. Vosloo (reds.). *Reformed Churches in South Africa and the Struggle for Justice. Remembering 1960-1990*. Stellenbosch: SUN MEDIA. 39-51.
- Meulink-Korf, H. 2018. Ongepubliseerde klasnotas. Universiteit Stellenbosch.

- Meulink-Korf, H. & Aat van Rhijn, A. 2016. *The Unexpected Third. Contextual pastoral care, counseling and ministry: An Introduction and Reflection*. Wellington: Christelike Lekturfonds Uitgewers.
- Nederduitse Gereformeerde Kerk. 2019. NGK Familie. Beskikbaar. <http://www.ngkerk.org.za>.
- NG Kerk in Afrika. [Intyds]. Beskikbaar: www.ngka.co.za
- Modise, L.J. & Janse van Rensburg, N. 2017. Pastorale brief van NGK en VGKSA oor kerkhereniging [Intyds]. Beskikbaar: kerkbode.christians.co.za. [2017, Mei 08].
- Nielsen, J.T. 1980. *Het Evangelie naar Mattheus II*. Kampen: G.F. Callenbach bv-Nijkerk.
- Nouwen, H.J.M. 1975. *Reaching out: The three movements of spiritual life*. New York: Doubleday.
- Pillay, J. 2019. Jerry Pillay oor leierskap, Belhar. *Die Kerkbode*, 25 Oktober: Deel 203 - Nommer 7.
- Plaatjies-Van Huffel, M.A. 2017. Reading the Belhar Confession as a historical text, in M.A. Plaatjies-Van Huffel & R. Vosloo (reds.). *Reformed Churches in South Africa and the Struggle for Justice. Remembering 1960-1990*. Stellenbosch: SUN MEDIA. 329-345.
- Statenvertaling online – bijbel en kunst*. 1637. [Intyds]. Beskikbaar: <https://www.statenvertaling.net>.
- Saayman, W. 2017. Unity and Diversity. An overview of the URCSA decisions on church unity since 1994, in M.A. Plaatjies-Van Huffel & L. Modise (reds.). *Belhar Confession. The Embracing Confession of Faith for Church and Society*. Stellenbosch: SUN PRESS. 119-134.
- The Pastoral Circle Process Mobilizing People for Justice: From Concern to Action*. [Intyds]. Beskikbaar: https://www.lifelongfaith.com/uploads/5/1/6/4/5164069/pastoral_circle_process.pdf.
- Thesnaar, C.H. 2018. Ongepubliseerde klasnotas. Universiteit Stellenbosch.
- Thesnaar, C.H. 2019. Pastorale sorg en berading: ‘n Refleksie, in M.J. Nel & P. Van der Walt (reds.). *Anderkant die Breuklyn? Nuwe ontwikkelings in teologie*. Wellington: Bybelkor. 159-177.
- Van der Merwe, J. 2017. The Dutch Reformed Church from Ras, Volk en Nasie to Kerk en Samelewing, in M.A. Plaatjies-Van Huffel & R. Vosloo (reds.). *Reformed Churches in South Africa and the Struggle for Justice. Remembering 1960-1990*. Stellenbosch: SUN MEDIA. 52-66.
- Van der Watt, P.B. 1987. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1905-1975*. Goodwood, Nasionale Boekdrukkery.

Van Doorn, N. 2018. Ongepubliseerde klasnotas. Universiteit Stellenbosch.

Van Rhijn, M.A. & Meulink-Korf, J.N. 2001. *De Context en de Ander: Nagy herlezen in het spoor van Levinas met het oog op pastoraat*. Zoetermeer: Uitgeverij Boekencentrum.

Van Rooi, L.B. 2007. Bevry om te bely en te beliggaam. 'n Ekklesiologiese besinning oor die kerkorde van die VGKSA. *NGTT – Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 48(3):799-810.

Von Rad, G. 1972. *Genesis: A Commentary*. Londen: SCM Press Ltd.

Van Selms, A. 1986. *De Prediking van het Oude Testament: Genesis deel II*. Kampen: G.F. Callenbach bv-Nijkerk.